

713





C. P. Hoogenhout (1843—1922)

C. P. HOOGENHOUT

se

GESKIEDENIS VAN JOSEF

en

CATHARINA,
DIE DOGTER VAN DIE ADVOKAAT

deur

DR. P. J. NIENABER

*Uitgawe van die Patriot-Vereniging vir
Afrikaanse Teksuitgawes*

No. 2.



JOHANNESBURG - PRETORIA - POTCHEFSTROOM

— 1940. —

Opgedra aan mnr. en mev.

P. IMKER HOOGENHOUT

VOORWOORD.

„Die moeilikheid wat baie persone ondervind wanneer hulle skaarsgeworde Afrikaanse geskifte wil raadpleeg, het by 'n paar van ons die gedagte laat posvat om die Van Riebeeck-Vereniging tot voorbeeld te neem vir ons taal en letterkunde en die belangrikste geskifte deur 'n heruitgawe vir alle belangstellendes toeganklik te maak. Met die oog hierop is 'n vereniging in die lewe geroep onder die naam wat prof. C. M. van den Heever aan die hand gedoen het. Ons het 'n paar persone genader ten einde die werk aan die gang te sit, maar die name van sommige wat na regte ook daarop moes gedien het, word nog gemis. Met verloop van tyd, hoop ons, sal die lede self die rigting aangee.

„Vireers moes ons ons oortuig dat daar werklik behoefte aan hierdie vereniging bestaan, en hoewel die pers oor die algemeen die gedagte warm verwelkom het, is die ondersteuning nie besonder bemoedigend nie, maar ons glo dat dit nog gaan regkom.

„'n Beroep is op die belangstellende publiek gedoen om lede van die vereniging te word. Dit is nie die eerste keer dat ons in Suid-Afrika vir 'n werk of reeks werke lede werf nie. Boniface het reeds in 1828 rondgeloop om die Kapenaars oor te haal dat hulle sy lys teken om 'n skrikkerige uitgewer te oortuig dat daar 'n aanvraag na L'ECOLE bestaan, en op 'n los velletjie (11 by 10 cm.) wat in die Mendelssohn-boekery saam met DI GEDDUIWEL bewaar word, lees ons: „Di Afrikaanse Boekvereniging. Tweede Boek voor 1882. Di doel van di Vereniging is om in di behoefte an goeie lektuur ver ons Afrikaners te voorsien. Elke intekenaar betaal 10/- per jaar (vooruit),

en ontvang daarvoor een Exemplaar van boeke deur ons uitgege. In geen geval sal di waarde van een jaar syn boeke minder wees as 10s. nie. D. F. du Toit & Co.'"

(Uit die voorwoord by KLAAS WAARZEGGER SE ZAMENSPRAAK EN BRIEVE UIT 1861).

* * *

Hierdie werk is die tweede in die reeks van drie wat in 1940 gaan verskyn. Die tekste van die GESKIEDENIS VAN JOSEF EN CATHARINA, DIE DOGTER VAN DIE ADVOKAAT is presies soos die oorspronklikes en aan die proeflesing is besonder veel sorg bestee. Ek het alles in my vermoë gedoen om die uitgawe tekstueel betroubaar te maak. Waar daar in die oorspronklike teks 'n drukfout verskyn het, sal die leser hom dus hier ook weer aantref.

Dit sal opgemerk word dat ek in die inleiding geen taalkundige aantekeninge gemaak het, soos dit die geval met nommer 1 is nie. Dit sal geskied wanneer Hoogenhout se gedigte uitgegee word. Hier is geen ruimte nie.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om my hartlike dank te betuig aan mnr P. Imker Hoogenhout wat my insae verleen het in die nagelate geskifte en papiere van sy vader, en aan mev. Imker Hoogenhout vir haar gesvryheid gedurende die dae wat ek by hulle aan huis deurgebring het. Ook aan mej. E. Hartmann van die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand my opregte dank vir haar hulp om die nodige boeke op te spoor.

DIE SKRYWER.

Universiteit van die Witwatersrand,
Johannesburg,
15 April 1940.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord.

Inleiding:

1. C. P. Hoogenhout se Lewensgeskiedenis	9
2. C. P. Hoogenhout as Mens	14
3. C. P. Hoogenhout as Baanbreker vir Afrikaans	21
(a) Hoogenhout en die Bybelvertaling	21
(b) <i>Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef</i> <i>Daantjie Loslaat</i>	29
(c) Briewe	36
(d) Die G.R.A.	38
4. C. P. Hoogenhout as Prosaskrywer	42
5. Vertalings	59
6. <i>Uw en Mijn Cyferboekje</i>	64
7. Bydraes in Nederlands	65
8. Bronne en Literatuur	67

Tekste:

<i>Geskiedenis van Josef</i>	70
<i>Catharina, die dogter van die Advokaat</i>	103
Lede van die Patriot-Vereniging	175

C. P. HOOGENHOUT.

1. SY LEWE.

Oor C. P. Hoogenhout se lewe weet ons heel weinig, want in sy beskeidenheid het hy nooit oor homself of van sy eie werk gepraat nie. Hoe jammer is dit nie, want sonder dat ek dit met dokumente kan bewys, glo ek dat ons 'n ander beeld van die aandeel van die leiers van die G.R.A. sou gehad het, wis ons meer van wat C. P. Hoogenhout in stilte gedoen het. As ds S. J. du Toit die „siel” van die Eerste Taalbeweging genoem word, dan sou ek C. P. Hoogenhout graag die „besieler” wil noem, die man wie se persoonlikheid die G.R.A. beheers het, die man wat met kalme oorweging die rigting aangewys het, of die breek aangedraai het waar dit nodig was. Dit kom my voor asof hy die planne beraam het en sy vriend, ds S. J. du Toit, hierdie planne met sy bekende skrandtheid en deurdrywingsvermoë uitgevoer het. Hiermee wil ek natuurlik niks afding van ds Du Toit se eie oorspronklikheid en sy leierskap nie, maar 'n feit is dit dat C. P. Hoogenhout al te veel deur sy eertydse vriend oorskadu word.

Oor homself was Hoogenhout nooit te spreke nie: sy eie kinders het feitlik niks geweet van sy jongelingsjare nie en in sy ouderdom het hy en sy vriend Oom Lokomotief 'n verbond gemaak dat hulle mekaar in geskrif nooit sal prys nie, veral as die een voor die ander te sterwe kom. So skryf hy in Augustus 1917 aan mnr G. R. von Wielligh na aanleiding van sy artikels in *Die Brandwag* oor die *Eerste Skrywers*: „Ik het bereids uw art. in *Die Brandwag* gelees en wens in die eerste plaas te sê, dat ik spyt het, dat u my daarin te veel geprys het, hoewel ik weet, dat u dit met 'n liefdevolle hart gedaan het. „Lokomotief” en ik het al lank 'n afspraak, dat wie van ons twee die eerste uit die droewe wereld geroep word, die ander hom

na sy dood nie sal prys nie. En dit bring my meteen in gedagte, wat ons vrind Pannevis eendag vir my gesê het. My boekie, „Uw en mijn Cyferboekje” werd deur die pers gunstig beoordeel en het by duisende verkoop. Ek was bly en laat ik maar sê 'n bietjie hoogmoedig ook. Ik vertel dit vir Pannevis en hy sê toen: „Pas tog op, dat jy jou loon in die wereld nie weg het nie.” Ik het die woorde nooit vergeet nie. U verstaat dus, waarom ik sê dat ik nie wens geprys te word nie. Die aanmerking van ons brawe, vrome P. en die afspraak met „Loko” sit te diep in my hart.” *)

'n Laaste bewys van Hoogenhout se beskeidenheid vind ons in sy antwoord aan dr J. D. du Toit toe hy hom enige lewensbesonderhede gevra het: hy herinner hom aan die verbond met „Loko” dat hulle mekaar nie sal prys nie: „En nu bent u, vrees ik, bezig om 't in uw boek te doen. Daarom was u brief mij minder welkom. Ik had gaarne gezien, dat mijn naam er maar helemaal uitgebleven was. Doch aangezien zulks nu blijkbaar niet goedschiks meer kan, schrijf ik u net het volgende: . . . ” Dan volg 'n paar dingetjies en nóg vra hy in 'n naskrif: „Maak 't s.v.p. zo kort mogelijk. Ik meen dat de eerste 2 lijnen al genoeg zijn”, naamlik dat hy gebore is en 40 jaar lank onderwys gegee het!

Waar ons dus 'n oorsig van die lewe van C. P. Hoogenhout wil gee, vind ons dat daar heel weinig omtrent hom bekend is. Gelukkig het mnr P. Imker Hoogenhout vir ons sy herinnerings aan sy vader opgeteken, en dit sal altyd die waardevolste bron oor C. P. Hoogenhout bly (sien *Gedenkboek ter ere van die G.R.A., 1926*, bl. 97 e.v.).

Oor sy afkoms het C. P. Hoogenhout aan sy seun, dr N. M. Hoogenhout, op 27 Augustus 1916 die volgende geskryf: „Wat ik weet is, dat mijn overgrootouders van grootmoeder Hoogenhout's kant *van Henten* heetten. Zie hier: Ruth Hendrikz van Henten en Joosje Janz. Timmer

*) 'n Koppie van die brief aan Von Wielligh is onder Hoogenhout se nagelate papiere gevind. Op bl. 136 van *Eerste Skrywers*, 1918, druk V. W. dié brief ook af, maar hy het op eie houtjie allerhande veranderinge daarin aangebring.

hadden een dochter, *Alida* of *Aaltje* van Henten, geb. in 1783 te 's Gravenland, gemeente Loosdrecht. Zij huwde zeer jong, nog geen 17 jaar (in 1799) met mijn grootvader Pieter Hoogenhout. In 1817 werd mijn vader Klaas Hoogenhout geboren en ik in 1843, zooals gij weet. Mijn moeder (in 1823 geboren) heette Wynanda Elizabet Imker en was het enige kind van Casper Imker en Elizabet Smit.

„Die grootvader en grootmoeder heb ik gekend, de andere grootouders niet. Wie de overgrootouders van de Imkers zijn weet ik ook niet. Ik dacht, dat ge er misschien belang in zoudt stellen, en daarom schrijf ik u dit briefje.”

Op 11 Maart 1843 is Casper Peter Hoogenhout dan gebore in Amsterdam. Terwyl sy vader tot die burgerlike stand behoort het, was sy moeder van goeie geboorte, „en diegenes”, sê mnr P. I. Hoogenhout, „wat die voorreg gehad het om met Casper intiem om te gaan, kon in die seun die adel van die moeder herken.”

Casper was die oudste van die kinders en die liefing van sy moeder, maar op dertienjarige leeftyd het hy haar verloor en nou het moeilike dae vir die seun gevolg, want sy vader is spoedig weer met 'n weduwe getroud en sy het die wêreld vir die seun baie warm gemaak, terwyl sy haar eie spruit voorgetrek het. In 1860 het hy in Kaapstad aan wal gestap om vir hom 'n nuwe vaderland te vind wat hom waarlik nie as 'n stiefkind sou behandel nie. Die jaar daarop het 'n ander Hollander, dié keer 'n Jood, ook in Kaapstad aangekom, en iemand wat saam met Hoogenhout 'n groot rol in die Afrikaanse Taalbeweging sou speel, naamlik Jan Lion Cachet. Ses jaar later (1866) sit Arnoldus Pannevis sy voet aan wal in Kaapstad, en hy sou die Afrikaners kom vertel dat hulle 'n eie taal het, en hy sou rigting gee aan die lewe van C. P. Hoogenhout.

Van die eerste jare in Kaapstad weet ons niks meer nie as dat Hoogenhout klerk was op die kantoor van die Nederlandse konsul.

Spoedig na Pannevis se aankoms in Julie 1866 moes hulle bevriend geraak het, en 'n inniger en trouer vriendskap is selde gesluit, want dit het voortbestaan tot aan

Pannevis se dood toe, en selfs daarna het Hoogenhout sy vriend se sterfdag met die grootste eerbied herdenk. In sy briewe aan Oom Lokomotief en sy seun Klaas het hy dikwels van „vrind Pannevis” melding gemaak. Op 11 Oktober 1917 skryf C. P. Hoogenhout aan sy seun Klaas in verband met Pannevis: „Van wege zijn zielelijden had hij eigenaardigheden, waarmee dikwels gespot werd; maar mij was hij een van die dierbaarste vrienden, die ik ooit gehad heb.” Pannevis was ook doopgetuie oor Hoogenhout se oudste seun Klaas. In een van Hoogenhout se geskifte lees ons ook hierdie woorde: „Op 14 Augustus, zijnde de negende verjaardag van het *Genootschap van Regte Afrikaners* is ontslapen mijn dierbaarste vriend en broeder, Arnoldus Pannevis, aan wien ik zulke verplichting heb als de eeuwigheid eens zal openbaren. Wij hebben hem begraven in den familiekerk van Ds. van der Lingen van de Paarl. Zacht ruste zijn assche tot Jezus komt en wij elkander zullen weervinden. Amen.”

Hoogenhout het naamlik onder Pannevis se invloed tot bekering gekom, en voortaan sou hy 'n streng godsdienstige lewe voer. Sy studies wat in Holland onderbreek is, het hy nou ook by Pannevis voltooi, sodat hy hom kort voor 1870 aan die onderwys kon gaan wy, en meer as veertig jaar lank „mog hy leiding en rigting gee aan die jeug van Groenberg in 'n buiteskool wat sowat ses myl van Wellington geleë is.” Hier is hy getroud met mej. Catharina Maria Marais en uit die huwelik is ses kinders gebore. Twee van die seuns het die werk van hul vader voortgesit in belang van die Afrikanervolk — ek dink hier veral aan wyle dr N. M. Hoogenhout en mnr P. Imker Hoogenhout.

In 1908 het C. P. Hoogenhout met pensioen afgetree en tot sy dood (13 Januarie 1922) bly woon op Optenhorst, Boven Vallei, naby Wellington.

Stil het hy heengegaan, en byna onopgemerk deur die publiek. In dieselfde jaar is hy gevolg deur sy boesemvriend, Oom Lokomotief, en sy digter-vriend, J. D. Cilliers. Die koerante en tydskrifte het slegs met 'n aankondiging

volstaan, of 'n kort oorsig van sy lewe. Só het Hoogenhout dit in sy minlike beskeidenheid seker gewens, maar hy het anders verdien. Sover my bekend, is sy dood slegs in die kersmisnommer van *Ons Land* (1922) in 'n kreupele gedig beween:

„Huil, denne huil, 'n seder is geval!

Beween u Dode, Groenberg, — dankbaar — stil.

Wek nie die Slaper; wie tog die hem min

Sou hem die soete Doodslaap tans misgun?

Lang was sy Dag: hy rus nie teen sy wil;

Die Dag was lang — die Awenduur is kil!

Suid-Afrik', met ontblote hoof buig neer!

Hier rus geen vreemding, maar 'n Soon u dier:

'n Vreemde wat so diep sy wortels stuur

In Suideraard', wie sou sy as nie eer?

Vir sulke een, dank Suid-Afrika die Heer!”

C. M. MARAIS.

2. C. P. HOOGENHOUT AS MENS.

As 'n mens C. P. Hoogenhout se geskifte lees, sy persoonlike briewe aan sy kinders en vriende, en as persone wat hom geken het vir jou van hom vertel, dan sien jy hom as 'n ware „gentleman” vir wie jy die grootste agting, en ek kan byna sê: liefde koester. As jy na sy portret kyk, dan tref die vriendelike gelaat met die glimlaggende oë jou dadelik. Hy was 'n sagte, maar terselfdertyd 'n besliste karakter, met 'n harmoniese lewensbeskouing.

Miskien moet ons hierdie mooi persoonlikheid verklaar uit sy godsdiens wat vir hom 'n deurleefde werklikheid was. Sy godsdiens het hy uitgeleef, die heerlikheid van die Woord het hy daagliks opnuut ervaar.

Straks sal ons sien watter aandeel hy geneem het in die vertaling van die Bybel in Afrikaans, omdat hy hom saam met Pannevis die lot aangetrek het van hulle wat letterlik sonder 'n Bybel was, omdat duisende inwoners van Suid-Afrika nòg die Nederlandse nòg die Engelse Bybel kon verstaan. Daarom het hy die geskiedenis van Josef aan die Afrikaanse kinders oorvertel, en daarom het hy hom beywer vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling.

C. P. Hoogenhout het nie net geskryf en *gepraat* nie, soos maar al te dikwels in die lewe gebeur. Vir die gekleurdes in Groenberg het hy gereeld elke Sondagaand diens gehou, en in Bovlei het hy meer as eenkeer die diens waargeneem vir eerw. Pauw. Gedurende die week het hy 'n katkisasieklas vir die aanneming voorberei. Onder sy nagelate papiere is sy katkisasieboek met die name van sy katkisante.

Verder was C. P. Hoogenhout nog sekretaris van die Christelike Werkersvereniging te Groenberg. Elke maand het hulle 'n vergadering gehou: een van die lede het 'n kort „prekie” gelewer, daar is gesing en gebed, en dan word die gewone werksaamhede afgehandel. Baie geld

het hulle bestee aan liefdadigheidsdoeleindes. Dit is heel duidelik dat C. P. Hoogenhout die „siel” van hierdie vereniging was, dat hy leiding gegee het en die rigting aangedui het vir die werkers in die koninkryk van Christus.

Dit is 'n genot om sy persoonlike briewe te lees: altyd word God gedank vir gesondheid en as hy voorspoedig was in die lewe, word die eer aan God gegee. Op 17 Augustus 1915 skryf hy aan sy seun Klaas: „Ik ben van nature zwaartillend en spoedig moedeloos, maar uw moeder is net andersom van geaardheid en zij heeft mij ettelike malen opgebeurd als ik het hoofd liet hangen en by de pakken wou neerzitten. Wij hebben menige zure appel te Groenberg doorgebeten, waar zij en ik alleen van weten. Dit was maar in 't klein, wat gij in 't groot ondervindt. Ik meende altijd, dat mijn kinderen meer naar hun moeder aardden dan naar mij, en ik heb er me in stilte dikwels om verheugd. Daarom te meer trof me de pessimistiese toon van uw brief. Nooit hebt ge me — zover mij heugt — in die geest geschreven. Ik kan voor u gevoelen, want ik weet wat teleurstelling is; maar ik kan ook voor u bidden, dat de Heer u sterken mag in de strijd des levens. En dat doen ma en ik.”

Ons leer die lieflikheid van Hoogenhout se karakter pragtig ken uit sy briewe. Graag wil ek 'n klompie van die briewe saam met die leser deurblaai. Uit die aard van die saak sal die dinge wat ek hier neerskryf onsamehangend wees.

Op 3 Aug. 1912 skryf hy aan Klaas: „Bij Wellington St. hopen we u, zo de Heer wil, de hand te drukken en „Welkom in 't Vaderland!” te heten. De Heer bringe ons allen eens in 't beter vaderland, waar geen scheiding meer zal zijn. Wij zijn u bestendig in de geest op al uw omzwervingen gevolgd, hebben voor u en de kleinen en betrekkingen gebeden en hopen zulks te blijven doen, zolang de Heer ons nog spaart.”

Met Klaas se verjaarsdag wens hy hom op die volgende manier geluk (6 Jan. 1915): „Met de naderende verjaardag

u Gods rykste zegen toebeden! Dit nieuwe levensjaar zij voor u en de uwen een jaar van 't welbehagen des Heren. Ik dank mijn God, dat ik nogeens het voorrecht mag hebben om uit naam van Ma en ons allen deze regelen te schrijven. Uw ouders blijven voor u en uw huisgezin bidden het goede afsmeaken, zolang de Heer ons spaart, wees daar verzekerd van."

Sy seun se gelukwense met sy 74ste verjaarsdag, het hom diep ontroer, volgens 'n brief van 12 Maart 1917: „'t Is zo aangenaam en doet het oude hart zo goed, om op zulke dagen de blijken van belangstelling van heinde en verre te ondervinden, vooral van de eigen kinderen. De Heer vervulle genadiglik al die goede wensen en zegene wederkerig allen, die tonen, dat zij de oude man nog niet vergeten hebben!"

Op 8 Augustus 1915 skryf hy weer aan Klaas: „En Zaterdag 14 dezer is 't juist 40 jaar, dat „Die Genootskap van Regte Afrikaners" opgericht werd, en diezelfde datum is 't al 31 jaar, dat vriend Pannevis dood is. Wat is er al sedert die tyd in Z. Afrika gebeurd! Als ik dit alles zo in mijn eenzaamheid overdenk en aan al de luchtkastelen, die in rook verdwenen zijn, dan kan 't me zo wee om 't hart worden. En wat zal de toekomst nog baren? Nu, daarvan zal ik wel niet veel meer zien."

Hoe innig het hy nie meegeleef met sy kinders nie. Veral die dood van mnr P. Imker Hoogenhout, se eerste vrou het hom diep in die hart gegryp. Op 21 April 1913 skryf hy aan Klaas: „Om half drie het ontzettend nieuws . . . Ma en ik konden ons slechts voor de Heer neerwerpen en bidden om kracht, genade, troost voor Imker en ook voor haar weduwe moeder en ons zelve, en ontferming over het zoontje. De Heer heilige die nuwe roepstem aan ons allen."

Op 28 Junie 1913 skryf hy: „Imker en de kleine verwachten we (D.V.) morgen. 't Zal 'n droevige ontmoeting zijn." Die doodsberig het hy na *Ons Land* gestuur (22 April 1913): „'n Zware taak, die ik met tranen verricht

heb. Wij bidden veel voor hem, en de Heer zal troosten. Hy alleen kan het doen."

Aan sy seun Klaas het hy gereeld in Nederlands geskryf, maar aan Klaas se vrou en kinders steeds in Afrikaans. Net één sinnetjie uit 'n brief aan Hester: „Dankie vir jou brief. Om die waarheid te sê is ik bietje teleurgestel, dat julle nie met die vakansie na die Bôland toe kom nie, en ik sal dus nog maar 6 maande moet wag, als die Heer vir my spaar, om jou en die kinders te sien." (26.11.'15).

'n Brief aan sy kleinkinders van 26 September 1914 wil ek graag gedeeltelik hier afskryf: „Oupa was baje bly, dat jul my brief ontvang het en daarmee vereer is. Nou ja, dan moet jul maar weer vir my skrywe als jul tyd kan vind en nie al te baja besig is met tuinmaak en bioskoop vertoon Verlang jul ook alweer om hierheen te kom? Oupa en Ouma kan amper nie meer hou nie, so verlang ons al naar die dag, dat jul sal kom. Nou Wynandje weg is, is ons huis maar baje eensaam en stil, en Oupa lees en skrywe maar die heel dag, maar sy oge kan dit nie hou nie. En ouma woel van 's môrens 5 tot 's avons 10 uur, alsof sy verhuur is. . . . Seg baie kompemente vir Pa en Ma. Wees soet en gehoorsaam."

Op 7 Oktober 1908 skryf hy aan Klaas: „Ik kan u niet zeggen, hoezeer ik naar u allen verlang en ook om den kleinen man aan myn oude hart te drukken."

Tot in sy gryse ouderdom het C. P. Hoogenhout die eksamenskrifte van die Taalbond nagesien, maar dit was 'n veeleisende werk. Toe hy in 1913 weer aangestel is as eksaminator vir die Hollands-Laer, skryf hy aan Klaas (4.3.'13): „Ik zal maar voorlopig ja zeggen, want wie weet wat gebeuren kan als die vreselike hitte eerst voorbij is. Over 'n week (D.V.) ben ik 70. Zulke oude mensen moest men maar laten en op non aktiviteit stellen, doch men meent het goed en die £67 verleden jaar verdiend, kwam mij, o, zo uitnemend te pas — ik was lang niet zo ruim bij kas."

Hoe dankbaar was hy nie dat hy deur die Akademie tot erelid benoem is nie. In 'n brief aan Klaas (27 Sept. 1917) sê hy: „Uw brief van 24e heeft me werkelijk verrast, daar ik die eer niet verwacht had. Dat de benoeming met eenparige stemmen ging, maakt die des te aangener. Ik ben niet weinig bly, dat me op byna 75 jarige ouderdom nog deze onderscheiding te beurt viel. Dat ik 't nog mocht beleven!”

'n Jaar later (26 Julie 1918) spreek hy sy blydskap uit dat Oom Lokomotief ook tot erelid benoem is. „Dr. W. M. R. Malherbe heeft me voorleden jaar al beloofd, dat hij hem zou voorstellen, als niemand anders het deed. Als hy 't maar zal aannemen!”

Met die gebeurtenisse gedurende die Wêreldoorlog het C. P. Hoogenhout intens meegeleef. In sy briewe maak hy gedurig daarvan melding: „Dat het 'n veel bewogen week in de Transvaal, en vooral in Pretoria, moet geweest zijn, kan ik goed verstaan. Hier bij ons was 't al zo, dat men van niets anders sprak en allerlei geruchten de ronde deden . . . Ik volg nauwkeurig het verslag van het rechterlik onderzoek. Genl. de la Rey kon node gemist worden in deze veelbewogen tijd vooral” (25 Sept. '14). „De ziele-smart die ik uitgestaan heb en nog uitsta bij 't lezen en horen van al de oorlogsellende nabij en verre, weet de Heer alleen” (30 Des. 1914).

Hy het 'n dagboek aangelê waarin hy noukeurig die loop van die oorlog opgeteken het, beide in Europa en Suid-Afrika. O. d. 26 Oktober 1914 lees ons na aanleiding van die rebellie: „O, Heer! bescherm ons land en volk!”

Op 3 November is die dagboek gestaak, en wel om die volgende rede: „De berichten worden nu zo verward, dat er geen kop of staart van te maken is. En daar ik met duizende Taalbondpapieren zit, heb ik de poging maar opgegeven om verdere aantekeningen te maken. Het rechte nieuws krijgen we hier toch niet.”

Met sy ou vriende uit die tyd van die Genootskap van Regte Afrikaners het C. P. Hoogenhout tot aan sy dood gekorrespondeer, en veral met sy boesemvriend Oom

Lokomotief op Bloemfontein. Op 16 Julie 1914 skryf Oom Lokomotief: „Ek kan my nie herinner wanneer 'n brief my meer welkom was en deur my met meer verskillende gemoedsaandoenings gelese werd als jouwe van 4 Julie. Werkelik het ek by afwisseling gelag en gehuil als 'n kranksinnige. Gelukkig was ek alleen toen ek dit gelees het.”

J. D. Cilliers skryf aan Hoogenhout op 30 Oktober 1920 uit Potchefstroom dat hy baie verlang na die Boland, „en viral as ons weer, al was mar vir één dag, kan saam wees. O, hoe verlang ek daarnaar, mar daar is mar min hoop voor Laat ons dan mekaar gedurig in ons gebede gedink en aan die Heer opdra.”

Veertig jaar van sy lewe het C. P. Hoogenhout aan die onderwys gewy, en met hart en siel het hy hom aan sy werk gegee. Ook hier in die skoollokaal was sy lewe 'n voorbeeld vir die jeug. Godsdiensoonderrig is nooit verwaarloos nie. Belangrik is dit dat die kinders in Groenberg se skool hulle onderwys deur moedertaalmedium ontvang het. Selde het hy die roede gebruik, want soos hy aan sy seun verklaar het: „Nie uit vrees vir die lat nie, maar uit liefde en respek vir jou, moet jou leerlinge geleidelik word om in alle opsigte jou wil te doen.”

Die paar opmerkings oor Hoogenhout as onderwyser wil ek graag afsluit met 'n aanhaling uit een van die talle adresse wat hom aangebied is in Desember 1908 toe hy met pensioen afgetree het: „Uw werk aan de Groenbergsche School hebt gij met God en met eere volbracht. Gedurende al die jaren zijt gij niet alleen een onderwijzer, en wat meer is een opvoeder voor de jeugd van ons distrikt geweest, maar ook tevens een vriend en raadgever, een ondersteuner van behoeftigen zowel als een vader voor meer dan een Menig jongen en meisje die hun vroegste en voornaamste opleiding aan u te danken heeft, bekleedt vandaag belangrijke en verantwoordelijke posten in de kerk en in de maatschappij.”

En nou ten slotte nog iets uit Hoogenhout se dagboekies. Al sy uitgawes het hy noukeurig opgeteken tot

die laaste pennie toe; die briewe wat hy ontvang en geskryf het, en veral die geaardheid van die weer. Daarom kon hy aan sy seuns gereeld skrywe wat die stand van die barometer op daardie bepaalde dag was. Soms gun hy ons 'n blik in sy siel, maar dis heel selde. Kort voor sy dood was hy by sy seun Klaas in Pretoria op besoek. Telkens maak hy melding daarvan hoe dierbaar sy kinders teenoor hom is, hoe hulle probeer om alles vir hom so aangenaam moontlik te maak, maar hy „wens naar de Kolonie terug. Was ik maar al in myn oude kamer. Men is hier zo goed voor mij, maar ik heb geen genot in mijn leven. Ik voel al 'n paar dagen of ik niet lang meer op aarde zal zijn.”

Op 5 Februarie (1921?) teken hy aan: „Redelik geslapen. Voel wat beter. Koele ochtend. Droeve tyding dat mijn dierbare Broeder alreeds op 12 Jan. in 62 jarige ouderdom ontslapen is. Hij heeft de Heer gekend en liefgehad en wij treuren dus niet als degenen die geen hoop hebben. Met zijn dood is de laatste direkte schakel die mij aan Holland bond, gebroken. Hy heeft veel uitgestaan, maar was geduldig en die Heer gaf hem genade. Zijn treurende weduwee en zoon en familie worde door 's Heeren genade gezegend. En ook ik en de mijnen nemen deze roepstem ter harte.”

3. C. P. HOOGENHOUT AS 'N BAANBREKER VIR AFRIKAANS.

Dit is wel vreemd dat dit Hollanders was wat die eerste die waarde van Afrikaans as taal ingesien het, naamlik Arnoldus Pannevis en C. P. Hoogenhout. Hulle is ook die eerste wat begin het om propaganda vir Afrikaans te maak deur hul poging om die Bybel in Afrikaans vertaal te kry.

Ons sal eers Hoogenhout se aandeel in die vertaling van die Bybel in Afrikaans behandel, wat tegelykertyd 'n pleidooi vir Afrikaans was — hierdeur is hy dus 'n baanbreker vir die erkenning van Afrikaans as 'n taal.

(a) *C. P. Hoogenhout en die Afrikaanse Bybelvertaling.*

In 'n brief van Augustus 1917 het C. P. Hoogenhout aan mnr G. R. von Wielligh geskrywe: „Ek praat eendag met vrind Pannevis daaroor en laat vir mij ontval, dat ek ook wel lus het om iets in Kaaps, of Afrikaans, te skrywe; maar dan van beter gehalte als pure grappies. „Probeer!” sê hij. Daarop begin ek en vertaal toe Mattheus 28, en stuur dit naar die „Kerkbode”. Maar jij begriip wel goed, daar was ek aan die verkeerde kantoor; want dit gaan toe naar die snippermandjie. Ek sou graag wel om 'n hoekie gestaan het om te sien met hoeveel verbasing en veragting die stukke stukkend geskeur is.”

Ons het almal aangeneem dat die eerste proewe van 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans deur die redakteur van *De Kerkbode* vernietig is, en hoe het ons hom dit nie kwalik geneem nie! Maar Hoogenhout het nie aan Von Wielligh vertel dat hy 'n kopie van dié vertaling onder sy papiere het nie. Dank sy die piëteit waarmee mnr P. Imker Hoogenhout sy vader se nagelate papiere bewaar

het, is ook hierdie kosbare stuk vir die nageslag bewaar gebly.

Ons het reeds gesien dat Pannevis Hoogenhout sterk beïnvloed het, o.m. dat hy bv. onder sy invloed tot opregte bekering gekom het. Dit is dan ook nie vreemd dat albei hulle beywer het vir 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans nie. Die steen is aan die rol gesit deur Pannevis, want op 7 Sept. 1872 het hy 'n brief geskryf aan *De Zuid-Afrikaan* oor „De Bijbel in het Afrikaans”, waarin hy die saak sterk bepleit het, omdat hy bekommerd was oor die sieleheil van die gekleurde bevolking in die Kolonie.

Die brief het 'n belangrike geskryf in Nederlands oor die saak uitgelok, nes dit nog gebeur wanneer iemand met enige voorstel van ingrypende aard voor die breë massa's kom. 'n Paar het die sienswyse van Pannevis toegejuig en dit hoofsaaklik op grond van die feit dat die Bybelverafrikaansing vir die Kleurling van nut kan wees. Dog byna eenparig is die oorsetting ten behoeve van die Afrikaanse gemeenskap as 'n onbesonnenheid, of, by die minder uitgesprokenes, as 'n onnodigheid van die hand gewys. Afrikaans was nog „plat”-Hollands, veels te plat om die verhevenheid van Gods Woord deur 'n vertaling te laat skade ly.

Die vyandskap het nie primêr uit 'n gevoel teen Afrikaans gespruit nie, maar wel uit die gevoel van hoë eerbied wat die Woord toekom. M.a.w., dis nie die negatiewe aspek wat oorweeg het nie, maar die positiewe, die ywer vir die bewaring van die suiwere skoonheid en verhewendheid wat die Statevertaling gee. Voorlopig is Afrikaans nog 'n kombuistaal vir die Boer, en hoort daar te bly.

Tot nou was daar nog altyd sprake van Afrikaans as kleurlingtaal, maar op 12 April 1873 verskyn daar weer in *De Zuid-Afrikaan* 'n ingesonde stuk — *Die Bijbel in Afirkaans*. Dié stuk is in 'n heeltemal ander gees en met glad 'n ander strekking geskryf as die bogenoemde briewe. „Met die verskyning daarvan het die stryd vir die erkenning van die regte van Afrikaans op onmiskenbare wyse

in die openbare pers begin. Die skrywer van hierdie buitengewoon belangrike stuk was Casper Peter Hoogenhout" (Dr J. du P. Scholtz: *Die Afrikaner en sy Taal*, 1939, bl. 227).

Die betekenis van hierdie brief vat dr Scholtz op bl. 228 t.a.p. mooi saam: „Hoe dit sy, hy was die persoon wat die tweede maal die korrespondensie oor die Afrikaanse Bybel aan die gang gesit het en ook die hoofrol daarin bly speel het. Dit het nou nie alleen oor die Bybelvertaling gegaan nie, maar ook oor die Afrikaanse taal. Spoedig het die saak van die vertaling van die Bybel op die agtergrond geraak en het die geskryf byna uitsluitend oor Afrikaans en die onderwys gegaan. In alles het Hoogenhout met groot takt en praktiese sin leiding gegee. Sy beminlike karakter en groot liefde vir die Afrikanernasie straal helder uit al sy geskrifte.”

In sy eerste stuk konstateer Hoogenhout dat die mense die Hollandse Bybel nie verstaan nie, „daarom dink ik dat et hoog noodig is dat ver sulke mense Afirkaans geskrijwe wort. Ek weet daar sal banja wees wat ver mijn sal uitlag, of met mijn sal spot, maar daaran sal ek mijn nie steur nie, want hulle wat soo maak mot nog eers leer om te verstaan wat hulle lees in Marc. 16 : 15, 16, waar die Heer Jesus seh dat die Evangelie an alle mense sonder onderskyt mot gepreek wordt. En as dit die geval is dan spreek van self dat et mot gedaan wort in die taal wat die mense die beste kan verstaan, en daar is mos geen taal wat hulle beter kan verstaan nie as die taal wat hulle praat.”

Die eerste stuk wat in Hoogenhout se manuskripboek voorkom, is tegelykertyd dié tweede stuk oor *Die Bybel in die Afirkaans*, en dit het in *De Zuid-Afrikaan* van 6 Julie 1873 verskyn. Ten spyte van die titel, wy hy hoofsaaklik sy aandag aan onderwyssake. „Maar om nie te langdradig te skry wil ek nog maar een paar woorde seh om te bewys hoe noodig een Afirkaanse Bybel en Afirkaanse boeke is”, en dan noem hy verskillende gevalle van

Kleurlinge en kinders wat Afrikaanse, maar nie Nederlandse preke verstaan het nie.

Hierdie briewe het natuurlik weer teenstand uitgelok, veral van iemand van „Namaqualand” in *De Zuid-Afrikaan* van 23 Julie 1873. Hoogenhout het hom geantwoord, want hy was „regtig verstom dat daar mense is wat een saak soo verkeert kan verstaan.” Wat hy wil hê, is dat „die bruin mense Afirkaans mot geleer wort en die banja blanke wat nie 'n ander taal as Afirkaans kan verstaan nie.” Met verskillende Bybeltekste bewys hy dat die Afrikaners geregtig is op 'n Afrikaanse Bybel. Die briefskrywer noem Afrikaans 'n „wartaal”, maar Hoogenhout weet van meer as een predikant wat in Afrikaans preek om hom verstaanbaar te maak, en daardeur nut gestig het. Hy eindig met die voorspelling: „Die tyd is nie meer ver nie dat die taal (wat ik volgens die skrywer Afirkaans gelief te noem) in oefening sal kom, daar is banja mense wat Goddank! begin in te sien dat dit banja noodsaaklik is. God geve dat Syn Woord in die (veragte) Afirkaanse taal ook binne kort aan banja eenvoudige blank en bruin mense die pat na die hemel sal wys!”

En nou kom ons weer terug op die eerste proewe van 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans: *Mattheus* 28. Die kopie het in die snippermandjie van die redakteur van *De Kerkbode* beland, maar die oorspronklike is in Hoogenhout se manuskripboek bewaar. Daar is geen datum by nie, maar dit volg direk op die stuk oor *Die Bybel in die Afirkaans* van 6 Julie 1873 asof dit as 'n bewys van sy stellings moes dien. Om dit in 'n blywende vorm te bewaar, skryf ons die hele vertaling oor.

1. En laat na die Sabbat as et begon lig te word teun die eerste dag van die week (Sondag) toe kom Maria Magdalena en die ander Maria om na die graf te kyk.

2. En ziet daar was een groote aardbewing: want een engel van die Heer kom van die hemel af en rol die steen af van die deur en sit daarop.

3. En syn gedaante was nes een bliksem en syn kleere wit nes sneeuw.

4. En uit vrees voor hem het die mense wat die graf mot oppas banja groot geskrik en hulle was nes hulle dood was.

5. Maar die engel seh ver die vrouwe: julle mot nie bang wees nie, want ek weet julle soek Jezus wat gekruis was.

6. Hy is nie hier nie, want Hy is opgestaan soo as Hy geseh het. Kom hiersoo en kyk die plek waar die Heere geleg was.

7. Gaat nou haastig weg en seh ver syn discipels dat Hy opgestaan het uit die dood; en siet Hy gaat vooruit na Galilea, daar sal julle ver Hem sien. Siet ek het et ver julle geseh.

8. En haastig is hulle weggegaan van die graf, bevrees, en banja verblyd, om die boodskap aan syn discipels te loop seh.

9. En as hulle op pat was om ver syn discipels die boodskap te bring toe is Jesus hulle ontmoet en seh ver hulle „Weest gegroet!” En hulle gryp syn voete en bid ver hem aan.

10. Toe seh Jesus ver hulle: Vrees niet gaat heen en bring die boodskap aan myn broeders dat hulle na Galilea mot gaan en daar sal hulle Myn sien.

11. Toe hulle nou heengaat toe is party van die mense wat wagt gehou het by die graf in die stad gekom en het ver die owerpriester vertel alles wat daar gebeur is.

12. En die het met die ouderlinge saam raad gehou en ver die soldade banja geld gegeh.

13. En ver hulle geseh: Julle mot seh syn discipels het in die nag gekom en hem gesteel toe ons geslaap het.

14. En as die Gofferneur dit miskien hoor, dan sal ons ver hem te vrede stel en maak dat julle nie in moeilikheid kom nie.

15. En hulle het die gelt geneem, en gedaan soo as ver hulle geleer was. En dit woort is verspreit onder die Jode tot van dag toe.

16. En die elf discipels is heengegaan na Galilea, na die berg waar Jesus hulle besteld het.

17. En toe hulle ver Hem sien, bid hulle Hem aan, maar party twyfel.

18. En toe Jesus by hulle kom spreek Hy en seh: Aan Myn is gegewe alle mag in hemel en op aarde.

19. Gaat dan heen en onderwys alle volke en doop hulle in die Naam van die Vader en van die Zoon en van die Heilige Gees en leer hulle om te doen alles wat Ek ver julle gebode het.

20. En siet Ek is met julle al die daë tot die einde van die werelt. Amen."

Ek sal geen kommentaar op die vertaling self lewer nie, maar nogeens daarop wys dat dit die eerste vertalingspoging in Afrikaans is waarvan ek weet, en die eer hiervoor kom C. P. Hoogenhout toe.

In 1874 het „Ware Afrikaander” (ds S. J. du Toit) en Klaas Waarzegger Jnr. (C. P. Hoogenhout) oor Afrikaans begin korrespondeer in *De Zuid-Afrikaan* en die wenslikheid ingesien om alle kragte saam te trek. 'n Uitkoms van hierdie briefwisseling is die opstelling van enige algemene spelreëls volgens de grondbeginsel „ons skryf soos ons praat.”

Hierdie belangstelling het Pannevis blykbaar weer tot handeling aangespoor. Toe sy brief in die koerant nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy saam met C. P. Hoogenhout 'n brief opgestel, soos dit wil voorkom, aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Die klad van hierdie brief in Pannevis se handskrif, is nog onder Hoogenhout se nagelate papiere gevind.

Pannevis het hom vroeër deur middel van die koerant tot die volk gewend en was teleurgesteld. Nou sal hy hom direk tot die owerhede wend en die volk eenvoudig verbystap. Sy brief is gedateer 7 November 1874. Hy het die B.B.B.G. gevra om die Bybel in Afrikaans, „'n soort van verbasterde Hollands”, te vertaal en het ds S. J. du Toit vir die werk aanbeveel.

Ons hoef nie in besonderhede te tree nie, aangesien die gedeelte van die geskiedenis as bekend veronderstel mag word, maar ons moet tog daarop wys dat Pannevis se brief die aanleidende oorsaak was vir die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875.

Die G.R.A. het besluit dat die tyd nog nie ryp was om die Bybel in Afrikaans te vertaal nie, en dat hulle intussen propaganda sal maak vir Afrikaans om dit tot skryftaal te verhef.

Die Bybelvertaling is egter nooit uit die oog verloor nie. Op die Jaarvergadering van die G.R.A. in 1878 word „in beginsel (besluit) dat dit tyd is” om ’n aanvang met die werk te maak. C. P. Hoogenhout, een van die ywerigste lede van die G.R.A., skryf in ’n brief dat hy sterk vir die saak voel. Ongelukkig kan hy nie teenwoordig wees nie, maar besluit die vergadering teen ’n oorsetting, moes hulle ondersoek of dit nie ’n hindernis van die Satan is nie: „hy tog weet goed hoeveel afbreuk an syn ryk sal gedaan worde deur an ons bevolking *Gods Woord* in hulle eige taal in hande te gewe.”

Hoogenhout was vol van die noodsaaklikheid om ’n Afrikaanse Bybel te hê en in swakheid, maar gedronge deur die Gees, dra hy sy deeltjie by. In dié brief het hy daar geen melding van gemaak nie, maar in Januarie 1878 het hy reeds *Markus* klaar vertaal gehad. Hy het nie uit die oorspronklike taal (Grieks) vertaal nie: hy wou ’n direkte verafrikaansing van die Statebybel hê en het gedink dat dit die beste was om elke Bybelboek afsonderlik uit te gee sodra dit klaar vertaal is.

Ons bedoel hier die vertaling in handskrif deur C. P. Hoogenhout — onder sy nagelate papiere gevind — van *Die Ewangelie volgens die beskrywing van Markus na die Hollandse vertaling van die State Bybel*. Uitgegee door eenige voorstanders van Bybelverspreiding. Mark. 16 : 15. 1 Cor. 14 : 6. Openb. 7 : 9. Mog die Heer dit segen! Gedruk by Smuts en Hofmeyr, 11 Kasteelstraat, Kaapstad. 1878.”

Waarom hierdie boekie nooit werklik gedruk is nie, sal waarskynlik 'n onopgeloste geheim bly. Miskien wou die G.R.A. nie sy goedkeuring daaraan heg nie, omdat die vertaling nie uit die oorspronklike tale gemaak is nie — daarom wou Hoogenhout dit by Smuts en Hofmeyr laat druk en nie by D. F. du Toit en Co. van die Paarl nie.

Veelseggend is die *Voorrede*, wat ons hier in sy geheel laat volg: „Onder afsmeeking van des Heeren bystand en zegen, hebben wij deze vertaling van het *Evangelie van Markus* in het Kaapsch-Hollandsch vervaardigd, door ondervinding overtuigd zijnde, dat zulks voor duizenden in Zuid Afrika eene ware behoefte is. Wij hebben ons hierin zoo na mogelyk aan den tekst van den Hollandschen Staten-Bybel, die hier algemeen in gebruik is, gehouden, en alle *onnoodige* „platheid” vermeden. Wij bidden en hopen, dat deze proeve van Bijbelvertaling, de voorlooper moge zijn van eene waardige overzetting der gansche Heilige Schrift, wezenlijk geschikt voor de bewoners dezer streken, en door mannen, allezins voor die taak bekwaam, bezorgd. Moge het onzalig vooroordeel tegen eene taal, welke even goed als eenige andere ter wereld, haar regt van bestaan, erkenning, en beoefening heeft, spoedig ophouden, opdat de genade haren vrijen loop hebbe! Kaap Kolonie, January 1878.”

In skitterende Engels volg daar nog 'n vertaling van hierdie voorrede.

As proef van hierdie vertaling, skryf ons die laaste versies van die laaste hoofstuk (16) oor.

15. En Hy seg aan hulle: Gaat heen in die gehele wereld, preek die evangelie aan al die kreature.

16. Die geloof sal heh, en gedoop sal wees, sal salig worde; maar die nie geloof sal heh, sal verdoem worde.

17. En die, wat geloof sal heh, sal deuse tekens volge: in Myn naam sal hulle duiwels uitdrywe; met nuwe tonge sal hulle spreek;

18. Slange sal hulle opneem, en al is dit, dat hulle vergif sal drink, dit sal hulle geen skade doen; op sieke sal hulle die hande leh, en hulle sal gesond worde.

19. Die Heer dan, nadat Hy tot hulle gesproke het, is opgenome in die hemel, en sit aan die regterhand van God.

20. En hulle, toen hulle uitgegaan is, preek oweral, en die Heer werk saam, en bevestig die woord, door tekens, wat daarop gevolg is. Amen.

Eers elf jaar later (1889) het die eerste gedrukte proewe van 'n Afrikaanse Bybelvertaling verskyn: drie hoofstukke uit *Genesis*, vertaal deur ds S. J. du Toit en opgeneem in sy brosjure: *Die Bybel in Afrikaans*. In 1933 het die hele Bybel in Afrikaans verskyn, maar ons mag die baanbreker op die gebied van die Afrikaanse Bybelvertaling, C. P. Hoogenhout, nie vergeet nie. Sy naam sal altyd in hierdie opsig eervolle vermelding verdien — 'n stilte het hy gewerk, in beskeidenheid sy beste talente ten offer gebring.

(b) *Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat.* *)

Hoogenhout het onder invloed van L. H. Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar over het onderwerp van Afscheiding* (1860) op 26 Julie 1873 met 'n eie reeks gesprekke in *De Zuid-Afrikaan* begin onder die titel: *Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat*. Sy skuilnaam was dan ook „Klaas Waarzegger Jr.”

Met hierdie *Gesprekke* sit Hoogenhout sy stryd vir Afrikaans voort. Dit was 'n doelbewuste stryd vir hom, en nêrens kry ons enige grond vir ds S. J. du Toit se uitlating dat Hoogenhout hierdie *Gesprekke* geskryf het „meer ver die grap” (*Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, bl. 13). Die onderwerpe, die taal en die gees was suiwer Afrikaans en op sigself is die *Gesprekke* nie grappig nie, maar doodernstig.

Die *Eerste Gesprek* met die titel „Hollandsch, Engelsch, Afrikaansch” handel weer oor die onderwys en

*) In die *Gesprekke* en die *Briewe* volg ek die spelling van die handskrif. Die datums dui aan wanneer hulle in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het.

die erkenning van Afrikaans as Bybeltaal. Oom Jan is die verpersoonliking van die stoere „opregte” Afrikaner wat getrou is aan sy volk en sy tradisies; hy is konserwatief, maar in die goeie sin van die woord, want terwyl neef Daantje Loslaat ’n teenstander van Afrikaans is, is oom Jan Vasvat ’n ywerige voorstander en gedurig besig met propaganda. Hy word nie kwaad nie, maar met gegronde argumente en op ’n besadigde toon probeer hy die andersdenkende Danie wen.

Oom. „. . . . Maar wat het jy geseh van die kerel wat laas in Afirkaans geskrewe het? Jy is tog nie ten hem nie?”

Neef. „Ja oom ek is regte kwaad ver hem dat hy ons nes swartvolk reken wat nie kan fatsoenlik in Hollans gesels nie. Ek het geseh dat hy weer in die koerant een lange stuk geskrewe het ower een Afirkaanse Bybel.”

Oom. „Hoor, Danie! ek het jou Papa goet geken. Ou neef David was een verstandige ou kerel en ek skaam my regtig, dat syn seun soo dom is, dat hy nie kan begryp nie, dat die man seh dat daar een Afirkaanse Bybel en Afirkaanse boeke moet wees nog net die verstandigste in die koerant het geskrewe. Myn liewe kerel is *jy* dan soo slim dat *jy* alles kan verstaan as die perkant preek? . . . Kan jy dan nie begryp nie, dat Hollans naderhand heeltemaal gedaan raak, maar *Afirkaans nooit?* En dat die kerel goed gesien, en daarom skry hy dat daar Afirkaanse boeke mot wees” Hy vaar uit oor die toenemede verengelsing, en roep uit: „Arrie! Ek het laas banja kwaad gewort voor een Engelsman, denk soo’n aap hy durf seh dat Engels in die hemel gepraat wort.” En hoe grief dit hom nie dat so baie predikante ook verraad pleeg nie!

Danie belowe om oom Jan se raad op te volg en vir Afrikaans te veg: „ek weet oom is een verstandige kerel”, maar hy weet ook dat oom Jan ’n dogter het, Hannie, en hy is wewenaar. Daarom is dit nie vreemd dat hy in die *Tweede Gesprek* van 6 Augustus 1873 oor *De Huwelijkswet* bieg nie: „Oom, dat daar een Afirkaanse Bybel en Afirkaanse boeke mot wees wil ik daarom nou ver oom ingeh,

want ek het met banja mense daaroër gepraat en party van hulle is slim mense, en almaal seh nes oom, *das nodig, hoog nodig*. Maar oom dat sal daarom banja snaaks wees, neh?"

Oom. „Nee kerel glad nie; lees maar die boekie „Hoe wij aan den Bijbel zijn gekomen”, daar sal jy snaakse tale in kry. Afirkaans is een gawe taal, net maar daar is banja wat te parmantig is om dat te erken. Wag maar party mense begin dit al in te sien al en niet so maar asgatte*) nie, party perkante ook! Ou neef! ons taal sal nog reg kom wag maar. Onse liewe Heer sal dit nie gedooë nie, dat ons taal langer vertrap sal wort nie! Die taal sal nog beskaaf wort en in oefening kom, jy mot kyk, hoor Danie!”

Die res van die gesprek word gewy aan die huwelikswet wat sal bepaal dat 'n man met sy skoonsuster kan trou en 'n vrou met haar swaer. Natuurlik doen oom Jan sy bes om die wet te laat misluk.

Die *Derde Gesprek oor Het Vrijwillig Beginsel in De Zuid-Afrikaan* 3 Sept. 1873, vind plaas op die dorp net ná die eerste gelui van die kerkklok. Eers praat hulle oor die slegte paaie en die onstigtelike damesmodes, maar as Danie vir die dames party trek, wil oom Jan liewers oor Solomon se nuwe wet in verband met die „Vrywillige Beginsel” gesels. Danie belowe hom dat hy nie vir 'n kandidaat in die „parlement” sal stem wat 'n voorstander van die huwelikswet en die Vrywillige Beginsel is nie.

Klaas Waarzegger Jr verstaan die kuns om sy gesprekke op 'n natuurlike wyse aan te voor. So sien oom Jan in die *Vierde Gesprek*, Z.A. 1 Okt. 1873, 'n perderuiter oor die bult aangejaag kom en vra Hannie om sy verkyker vir hom te bring. „Soe, die arme Blesbok, waarom mot Danie tog almelee soo ja?” pruttel hy en dan kom Blesbok die werf in: „Kapoetje, Kapoetje, Kapoetje.’ Dadelik doen Danie verslag: hy het net 'n klein klompie name gekry op die lys teen die voorgestelde wette. „Maar oom, as die boere oëral soo min belang stel in die saak en soo

*) In *De Zuid-Afrikaan* word „oliekoeke” gebruik.

slaaprig is, dan gaat die Vrywilg Beginsel soo seker deur." Oor die politieke sake praat Danie vandag so na oom Jan se hart dat hy hom 'n bottel wyn present gee! Intussen vergeet hy nie om Hannie met Danie te terg nie.

In die *Vyfde Gesprek*, Z.A. 6 Des. 1873, praat oom Jan dan ook openlik met sy dogter en gee hy sy tevredeheid oor hulle verhouding te kenne, As Danie terugkom van die dorp, begin hulle gesels oor die Vrystaatse Diamantvelde, wat dan die aanleiding is vir die *Zesde Gesprek*, wat in die *Zuid-Afrikaan* van 24 Januarie 1874 verskyn het. Hierdie „Gesprek” is met weglating van die grappige inleiding en met geringe veranderinge in die spelling en vorm van woorde in die *Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging*, 1880, blss. 5—12 oorgedruk. Oom Jan kom met definitiewe bewyse voor die dag om Danie te oortuig dat die diamantvelde nie aan Waterboer (en die Engelse) behoort nie, maar aan die Vrystaat. „Maar sien jy Danie, ek het vir jou al van effen geseh al „Magt is regt”, ten minste voor Englant.”

In die *Zeuwende Gesprek*, Z.A. 29 Julie 1874, reis oom Jan en Danie saam per trein na die Kaap toe, maar hoe het oom Jan tog nie gepruttel oor die Engels op die treine nie, en veral oor die uitspraak van die stasies se name. Hy vererg hom ook net bloedig vir Danie as hy 'n Engelse woord gebruik. „Danie, jy weet ek is een vyand van onnoodig Engels praat, as dat *te pas kom* sal ek daar nie een woord van seh nie, maar om onnoodig die taal te praat, daarvoor is die taal tog een bietjie te ellendig. As jy maar sien hoe party mense hulle bek in allerhande plooije trek om die Engelse na te aap, dan is dit geen wonder dat een mens buikvol daarvan word.” Net kondig die kondukteur aan dat hulle nou op die Paarl is: „Paa-a-a-l! Paaaaal! Paaaal! Hoor nou! kan soo'n kerel nou nie banja gemakkeliker *Perl* geseh het, as om syn bek soo wyd oop te rek en te seh Paaaaaaal?”

In die *Agste Gesprek*, Z.A. 16 Sept. 1874, is Danie getroud met Hannie, en in plaas van 'n gesprek gee Klaas Waarzegger vir ons 'n noukeurige verslag van die bruilof.

Oom Jan het die jongmense belet om te dans, omdat hy nie van sy huis „een Hottentots kroeg” wou maak nie, en daar genoeg ander maniere was om hulle te vermaak. Dit was dan ook werklik ’n heel vermaaklike fees, en veral weens die liedjies wat daar gesing is — tot *Kaatje Kekkelbek* het nie ontbreek nie. Maar toe die niggies aan die beurt kom met die Engelse „songs” het oom Jan se bloed weer gekook. „Ek sien hy trek sy mond nes hulle, skeef en krom en bietje bietje lyken dit of hy wil seh basta.” Sy het gesing: „Da wos een ool nikker, die kol him unkel Net.”

Vader en skoonseun gesels in die *Neënde Gesprek*, Z.A. 5 Des. 1874, al te lekker, en gulhartig kom dit van Danie: „Dit skyn of die mense nou meer en meer begin in te sien die noodsaaklikheid van Afirkaanse boeke; daar is in die laaste tyt al banja o’er in die koerante geskrewe. Pa weet, ek was altyt daarteun.”

Oom. „Ja Danie, ek weet goet hoe ons die voorge jaar eendag teun mekaar gekap het — en wat het ek toen ver jou voorspel? Ah, sien jy dat myn woorde uitkom?”

Danie doen nou self oortuigingswerk.

Die *Tiende Gesprek* (*Zuid-Afrikaan*, 5 Mei 1875) begin weer vrolik as Danie met vrou en ’n huilende kind by oom Jan aankom. Die oubaas probeer die „kleintje” troos, maar dis verniet. In die kombuis raak tant Mimie en Hannie aan die gesels, eers oor die slegte bediendes, en dan vertel Hannie dat die huwelikswet weer voor die Parlement is. Tant Mimie het so geskrik dat sy byna flou geval het!

In die voorhuis was oom Jan en Danie met dieselfde tema besig, en oom Jan was nie spaarsaam met sy krasse uitlatings nie, veral teen die voorsteller van die wet: „Was dit een *Engelsman*, ek sou my daar niks om verwonder nie; want die nasie durf alles. Denk maar aan die Erfniswet van verlede jaar en aan Pa Solomon syn stokpertje. Maar een *AFIRKAANDER!* foei, dat hy ver hom nie skaam nie!” Al die nadele van dié wet word opgesom; veral word daarop gewys dat dit onsedelikheid in die hand

gaan werk. Oom Jan en Danie sal met petisies rondgaan om die wet te probeer verongeluk.

In potlood het Hoogenhout later bygevoeg: „En? Jan Hofmeyr is later die eerste of een van die eerste gewees wat onder die nuwe Huwelikswet met sy vrouws suster getroud is!”

In die *Elfde Gesprek*, Z.A. 28 Julie 1875, kom daar 'n breuk tussen oom Jan en Danie, en albei is taamlik opgewonde, maar Danie veral bedwing homself.

Oom Jan. „Danie, jy kan net seh wat jy wil, maar ek laat my nix vertel nie, ek is te oud in die werelt geword en het al te veul van die Engelse syn politiek en polietsheid ondervinde, ek koop nie een kat in die sak nie. Die wat die lewe hou sal sien dat ek nie ongelyk gehad het nie, die heele plan is om die Vrystaat en Transvaal mak te maak so dat hulle onder die vlerkies van tant Viktorie in kruip. Kyk hoe maak hulle met Burgers in England, — Sampanje en Serrie kan banja doen ”

Danie. „Hoor Pa! ek het altyd ver pa ingegeh, mar neem ver myn nie kwalik nie, ek denk pa sien die sake te swart in. Pa syn vooroordeel teun die Engelse is soo sterk dat hulle nou glad nix goeds in Pa syn oo'e kan doen nie Ek denk hulle meen dit goed met ons land en ons volk. Pa mot ver myn nie kwaad wees nie, maar ek denk die koms van Froude is een se'en vir ons land.”

Oom, „. . . . Mar tot so lang blywe ek daarby, das hulle net te doen om die Vrystaat en Transvaal in te palm, en daartoe het die Transvaal syn goudveld aanleiding gegewe. En jy en geen mens kan dit uit myn kop praat nie.”

Danie. „Ek sal nou mar liewers stil blywe, want as ek ver Pa mot antwoord dan geh dit dalk ongenoege af. Mar eer ek oortuig is geh ek nie in nie.”

Nukkerig neem hulle van mekaar afskeid en toe Danie wegry, mompel oom Jan dat hy sy plaas aan Danie wou gegee het, „mar as hy so met die Engelse wegloop, dan kom dar nix van nie, — nee nooit!” Danie gee ook lug

aan sy gemoed langs die pad: „Die ou kerel is tog een regte styfkop, een Engelsman *kan* mar by hom nie goed doen nie.”

Daar volg nog 'n gesprek (die twaalfde) op 15 September 1875 tussen oom Jan, neef Daantje en hulle predikant, ds Lekkerpraat, oor Hollands, Afrikaans en Engels, en 'n dertiende op 18 Sept. 1875. Hierin word melding gemaak van „een vereniging van ware Afrikaanders” wat pas gestig is. Die dominee pleit in Nederlands vir die beweging en oom Jan en Danie gaan akkoord.

Asof dit 'n roman is wat op ware gebeurtenisse berus, skryf Hoogenhout in 1919 by die *Gesprekke*. „Oom Jan en tante Mimie het nog die anneksasie (1877) en die Vryheidsoorlog 1880—81 beleef, maar meer nie. Hul is vóór die oorlog (1899—1902) na dié wereld, waar geen oorlog meer is nie, vertrek. Danie, wat later na die Transvaal verhuis is, sy oë het weer oop gegaan en gesien dat ou styfkop oom Jan met sy profetiese blik vooruit gesien het, dat die Afrikaanse taal sou win, maar ook dat die rooivlag oor heel Suid-Afrika sou waai. Danie is as banneling in Indië begrawe en Hannie is in die moordkamp omgekrom. Hul enigste seun leef nog en dra tot nog toe geen khaki nie.”

Hierdie *Gesprekke* van Hoogenhout was 'n waardevolle bydrae tot die stryd vir Afrikaans, en in sommige het hy die Afrikaners probeer wakker skud ook op nasionale en politieke gebied. Dis 'n feit dat hulle destyds nog nie politiek-bewus was nie en daarom feitlik geen direkte verteenwoordiging in die Parlement gehad het nie. Maar oom Jan was altyd op sy hoede vir 'n nuwe wet wat nadelig vir sy volk kon wees. Met 'n profetiese blik het hy die naderende gevare gesien, en dié *Gesprekke* het ongetwyfeld baie mense se oë geopen.

Ook ds Du Toit moes die waarde van hierdie *Gesprekke* erken in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, 1880, bl. 5: „Hy (Hoogenhout) het nog veul meer (as Meurant) bygedra tot voorbereiding van die Afrikaanse

Taalbeweging, omdat hy nie alleen geskrywe het in die Afrikaanse taal nie, mar oek in 'n regte Afrikaanse gees."

(c) *Briewe.*

Op 8, 11 en 22 Julie 1874 het daar in *De Zuid-Afrikaan* die drie bekende artikels in Nederlands verskyn oor *De Afrikaansche Taal* deur ds S. J. du Toit onder die skuilnaam „Een Ware Afrikaander”, waarin hy op die waarde van die moedertaal gewys het en bewys het dat Afrikaans wél 'n taal is.

Na aanleiding van hierdie artikels het daar 'n lewendige geskryf in *De Zuid-Afrikaan* oor Afrikaans ontwikkel en wat vir ons veral van belang is: Klaas Waarzegger Jr en Ware Afrikaander het in 'n openbare korrespondensie getree, want op 24 Oktober 1874 skryf Klaas aan Ware Afrikaander om hom te vertel hoeveel byval hulle briewe by die publiek vind en hoe onskuldig hy hom moes hou toe 'n meisie eenkeer amper reg geraai het wie Klaas Waarzegger Jr is. „Maar jy seh miskien, wat skry Klaas aan myn, ons ken makkaar nie; nou juis, ek wil graag met jou kennis maak, en daarom mot jy die neef Koerantdrukker permissie gewe, om stiltjes ver myn te seh wie jy is. Ek het banja mot jou oër die Afirkaanse taal te praat, daar mot tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens mot spel, soo dat ons nie soo maar *hot* en *haar* skrywe nie. Jy mot daar oer een bietje in die koerante skry, en jy mot ook een stuk in *Afirkaans* skrywe om ver myn te laat sien hoe jy die woorde spelde. Ons kerels wat voor die Afirkaans is, mot met makkaar kennis maak, dan kan ons saamwerk, dat sal banja beter wees.”

'n Maand later (25 November) antwoord Een Ware Afrikaander op dié brief en gee sy toestemming aan Klaas om sy naam aan die koerantdrukker te vra, want dit word hoog tyd vir die voorstanders van Afrikaans om saam te werk. „Jy moet mar aangaan met skrywe, neef. Die mense lees te danig jou briewe. Party knip dit uit en ber'e dit dan by ma'ka'er. En ek denk a's jy klaar het met skrywe, dan

moet jy al jou briewe same laat druk in een boekie. Die mense sal dit graag lees." Die tyd is nog nie ryp vir 'n Afrikaanse grammatika nie, want die taal is nog te jonk, maar wat hulle moet skrywe is *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk*. Hy stel in dié brief ook die sewe spelreëls op, met as eerste reël: „Ons skryf so's ons praat.”

Klaas Waarzegger Jr antwoord weer in *De Zuid-Afrikaan* van 19 Desember 1874 en gee Ware Afrikaander ook 'n pluimpie vir sy briewe. Hy keur dit goed dat hulle met die grammatika wag, en die plan om 'n geskiedenisboek te skryf is „gaaf, neef, gaaf, net gaaf. Ek wil nie die heele werk op myn neem nie, maar jy kan daarop reken, dat ek jou sal help wat ek kan. Das een skande dat die Afirkaners nie een Geskiedenis van hulle eige land in hulle eige taal het nie. Je weet self neef, hoe die Engelse die Geskiedenis van Afirka beskrywe. Nix as gif spuwe op ons arme boere.”

Oor die spelreëls van Ware Afrikaander maak hy 'n paar opmerkings, en vra hom of dit nie goed sal wees as hy die skrywers in die koerante wat voorstanders van Afrikaans is, uitnooi om met hulle saam te werk nie.

Hierdie uitnodiging rig Klaas Waarzegger Jr dan ook aan al die voorstanders, soos „Regtuit”, „Criticus”, „O”, ens., want „die tyd om te handel is nou gekom. Ons moet hande aan die werk slaan.” Hulle kan help met die verspreiding van *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* sodra dit uit die pers kom.

Die laaste brief van Klaas Waarzegger Jr aan Ware Afrikaander het in *De Zuid-Afrikaan* van 28 Julie 1875 verskyn. Ons moet natuurlik onthou dat intussen ook ander persone hul stemme ten gunste van Afrikaans laat hoor het. Maar in hierdie brief sê Klaas dat hy oor die „Vrywilge Bill” liewers sal swyg: „ek word so warm as ek daaraan denk, dat ek so mar vuur spuug.” In Ware Afrikaander se brief van 7 Julie het hy Klaas se oordeel oor die volkslied „Een ider nasie het syn land” gevra, en nou sê Klaas: „Jou Volkslied is net gaaf; alleen op een na die laaste reël klink nie goed nie, die maat deug nie.

Jy mot liewers seh: „Straf sal hy dra” in plek van „Sal syn straf dra.”

Klaas is verwonderd dat sy vriend nie sy opinie oor die voorlesing van dr Brill op Bloemfontein gegee het nie. „Ek reken ons kan op syn medewerking staat maak. Hy is een de’elike kerel, net so fluks as syn papa Professor Brill in Holland.” Vol moed en byna opgewonde roep hy dan uit: „Ons helpers word ieder dag meer. In die laaste tyd is al banja steeks perde vas gemaak. Ek het briewe van alle kante en sal die ver jou wys net so’s ek kom kuyer. Jy sal verstom staan waar al die helpers van daan kom; en geld, og neef! geen gebrek nie.”

(d) *Die G.R.A.*

Die voorbereidingswerk is nou gedoen, nog net die kragte moes in ’n genootskap saamgesnoer word om stukrag aan die Afrikaanse Beweging te gee. Die aanleidende oorsaak tot die stigting van so’n genootskap was die bekende brief van Arnoldus Pannevis en Hoogenhout aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap op 7 November 1874, waarin hulle die B.B.B.G. gevra het om die vertaling van die Bybel in Afrikaans te onderneem. Die B.B.B.G. se sekretaris in die Kaap, ds G. Morgan, het met ds S. J. du Toit wat deur die briefskrywers as ’n geskikte persoon vir die vertaalwerk genoem is, in verbinding getree. Dit het uiteindelik daarop uitgeloop dat ds Du Toit op 14 Augustus 1875 ’n paar voorstanders van ’n Afrikaanse Bybelvertaling in die Paarl byeengeroep het. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die tyd nog nie ryp is vir ’n Afrikaanse Bybelvertaling nie, maar op die vergadering is die Genootskap van Regte Afrikaners gestig met die doel: „om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.”

Die geskiedenis van die G.R.A. moet as bekend veronderstel word. Ons sal hier nog net meedeel wat ons weet omtrent die werksaamhede van C. P. Hoogenhout. Op die eerste vergadering, 14 Augustus 1875, is hy as

voorlopige voorsitter gekies (later is ds Du Toit voorsitter).

Die vernaamste werk van die G.R.A. was die uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot*, 'n maandblaadje wat op 15 Januarie 1876 die eerste keer verskyn het. Die klinkende inleidingsartikel is opgestel deur C. P. Hoogenhout — die handskrif bestaan nog — met medewerking van ds S. J. du Toit: „Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas an die *Hollanse* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons „Patriot” an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.”

Dan word die opset van die blad verduidelik en volg die bekende leuse van Hoogenhout: „Klein begin, Anhou win.”

Almal word gevra om saam te skreeu:

„Hoerê ver die „*Afrikaanse Patriot!*”

„*Afrikaanse Patriot*” bo'e!!”

„Hip, hip, hip, hoerê!!!”

Die manifes van die G.R.A. verskyn ook in die eerste nommer en van die hand van Hoogenhout is die vaak aangehaalde: „Daar is *Afrikaanders* met *ENGELSE harte*. En dan is daar *Afrikaanders* met *HOLLANSE harte*. En dan is daar *Afrikaanders* met *AFRIKAANSE harte*. Die laaste noem ons *REGTE AFRIKAANDERS*, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.”

Aan die volkslied, „Een ieder nasie het syn land”, wat ook in die eerste nommer afgedruk is, het Hoogenhout die leeu-aandeel gehad. En dan volg daar ten slotte 'n brief van Hoogenhout onder sy ou skuilnaam „Klaas Waarzegger Jr.”, aan Lokomotief, waarin hy sy vreugde uit oor die verskyning van die *Patriot* en belooft: „Ons sal nou

skrywe dat dit so gons." Hy meld dat oom Jan en neef Danie baie intekenare werf. Sommige verengelste Afrikaners is net lekker gefop: hulle het gehoop as Hollands uitsterf, sal Engels die botoon vier, maar daar verrys Afrikaans uit Hollands se as! „Soe! Yna! Hulle met hul skole waar nix as Engels geleer word, het net banja seer gekry!"

Volgens die Notule van die G.R.A. is op die vergadering van 25 September 1875 tot „redakteurs" van die *Patriot* gekies menere C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit, D. P.sn, tot „correcteur" ds S. J. du Toit en tot „editeur" eerw. J. W. v. d. Rijst. Op die vergadering van 15 Januarie 1876 maak Hoogenhout beswaar om langer die naam van „Lokomotief" te hou, omdat hy te ver van die pos af woon. Later blyk dit dat die werk vir 'n paar persone te veel is en word 'n „administreur" aangestel wat meteens redakteur sal wees. Die keuse val op C. P. Hoogenhout. Hy aanvaar die aanstelling op die vergadering van 19 Augustus 1876, maar onder seker voorwaardes, o.a. dat hy nie sal bekend staan as redakteur nie, maar as bestuurder. Vir die eerste drie maande van 1877 word mnr M. L. Rossouw versoek om tot die koms van mnr Hoogenhout as sodanig op te tree. Maar op die vergadering van 3 Maart 1877 word 'n brief van mnr Hoogenhout voorgelees, dat hy bedank. Aan ds Du Toit het hy geskryf dat hy graag stilletjies wil help maar dat hy hom geen familiehaat op die hals wil haal nie. *)

Hoogenhout het reeds moeilikheid met sy skoolkommissie gehad, omdat een van die lede, mnr Brink, beswaar daarteen gemaak het dat hy die *Patriot* lees. Maar ten spyte van die teenstand het hy steeds vir die Afrikaanse saak en die *Patriot* geywer. Toe dit in Augustus 1877 blyk dat daar 'n groot tekort op die *Patriot* is en die voorsitter, ds Du Toit, moedeloos wou word, het Hoogenhout die G.R.A. moed ingepraat, want van tou opgooi, wou hy niks hoor nie. In 'n brief skryf hy o.a.: „Die saak het deuse

*Sien Ds S. J. du Toit in *Weg en Werk* deur dr. J. D. du Toit, 1917, bl. 86—87.

jaar nie kan betaal nie. Ik het nog nooit van enige goeje saak gehoor of geles wat in die begin betaal het of sonder opoffering tot stand gekom is." „En” vra hy, „sou dit nie ’n onvergeetlike skande wees as ons moet opgooi? Opgooi, nou die saak hoe langer hoe meer uitbrei? . . . Nee, ik, almaskie dat ik ’n uitlander is, het die *Regte* Afrikaners beter leer ken. Maar voortgaan met die *remskoen* aan, raai ik nie. Ons President, die bowe syn vermoge werk, kan ons nie verwag, dat hy die las op so’n manier langer sal dra. Eerder sou ek sê, laat ons nie allenig die remskoen afhaal, maar hom nog bowendien jaarliks ’n beloning ge. Maar is ons Genootskap te swak om an te gaan, dan, liewers as ’n skandelige val, sou ik sê ’n eervolle vereniging met die Holl. Genootskap wat hulle nou wil oprig en waarin ik, uit vrees dat dit tot ’n val kon kom, ’n grote rol gespeel het.” Hy wys verder daarop dat dit gelukkig is dat hy die aangebode bestuur nie op hom geneem het nie, want dan sou die skuld nog £200 groter gewees het. *)

Baie van die inleidingsartikels vir die *Patriot* is deur Hoogenhout geskrywe. Dit was ’n groot opoffering vir hom om gedurende die week skool te hou en dan nog elke Saterdag met sy perdekarretjie van Groenberg na die Paarl te ry om te gaan help met die persklaarmaak van die artikels vir die volgende uitgawe van die koerant. Maar vir die baanbrekers was geen opoffering te groot nie! Sy tyd is ook baie in beslag geneem met die versorging van die gedigte, want hy was daarvoor verantwoordelik. Dit spreek vanself dat hy ’n ontsaglike invloed op die eerste Afrikaanse digters uitgeoefen het, want gedurig moes hy hul gedigte „regmaak”, en die digters van raad bedien. Hy het hulle op ’n simpatieke wyse aangemoedig en baie persone het ontdek dat hulle „net lekker kan rym.” Hoogenhout was ook belas met die Bybelse raaisels vir die *Patriot*.

Die *Patriot* het vinnig vooruitgegaan, veral na die anneksasie van die Transvaal deur Shepstone in 1877 en deur die houding wat die *Patriot* gedurende die Transvaalse

*) Sien J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, 1917, bl. 77.

Vryheidsoorlog ingeneem het. Maar na 1890 kom die terugslag, veral deur die veranderde politieke houding van ds S. J. du Toit en toe hy met Rhodes in aanraking gekom het. In 1891 het Hoogenhout en Oom Lokomotief hulle genoodsaak gesien om met ds S. J. du Toit en sy blad te breek. Dit gaan nou vinnig afdraand met die *Patriot*, want die intekenaars bedank in groot getalle. Na die Jameson-strooptog bly ds Du Toit vir Rhodes nog „op 'n afstand” steun en met die Transvaalse moeilikhede skaar hy hom openlik aan die kant van Engeland en tree hy op as die vyand van pres. Kruger se politiek.

Ná die oorlog het die „Loyalisten” in die Kaapkolonie 'n konferensie in die Paarl (29 en 30 Augustus 1902) onder voorsitterskap van ds S. J. du Toit gehou. Die verslag van die konferensie is in pamfletvorm gepubliseer en daarom sal ons nie daaroor uitwei nie, maar net hier oorskryf wat C. P. Hoogenhout aan sy seun, dr N. M., hieroor geskryf het.

„Treurigst voor my was altijd dat er 6 of meer oud-leden van 't Genootskap van Regte Afrikaners bij waren. Van die pamfletten zal men nu niet gemakkelijk meer een in handen krijgen, de „Loyalen” zullen ze wel vernietigd hebben. 't Is droevige lektuur en 't herlezen heeft me, in mijn zwakke toestand, geen goed gedaan. Gij zult misschien vragen, waarom zovele van de leden van 't Genootskap R.A. zo ontrouw aan hun volk konden worden? Zij, en ook de meesten die hierin genoemd worden, waren blinde volgelingen van ds. Du Toit, die meenden dat hij niet dwalen kon. . . Ds. du Toit had ze eenvoudig betoverd. Basta!”

Aan *Ons Klyntje* (1896—1906) het Hoogenhout ook nog 'n enkele keer meegewerk, maar die bloeitydperk van die Eerste Taalbeweging is nou verby. Na 1891 het die Genootskap ook nie meer vergader nie en Hoogenhout het hom nou teruggetrek, en al sy kragte aan sy skool gewy tot 1908, toe hy met pensioen afgetree het. Sy werk was afgedaan en hy het dit aan 'n jonger geslag oorgelaat om voort te bou op die fondament deur hom en ander gelê.

4. C. P. HOOGENHOUT AS PROSASKRYWER.

As ons die *Zamenspraak* van Meurant uitsonder, dan kan ons as die eerste letterkundige proewe in Afrikaanse prosa beskou: *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwens*. In hulle eige taal geskrywe deur een vriend. 1 Cor. XIV:6. Kaapstad bij N. H. Marais, 1873.

Die eerste druk van *Josef* is 'n boekie van 36 bladsye in 6½ x 4 duim formaat, met 'n rooi omslag van nagemaakte leer. Dit is in 1873, dus vóór die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, gedruk by Smuts en Hofmeyr, Houtstraat, Kaapstad, en uitgegee deur N. H. Marais. Mnr Gideon Malherbe het die drukkoste betaal. Die oplaag het bestaan uit 500 eksemplare, en sover ek weet, is daar nog net drie eksemplare van hierdie eerste uitgawe bekend.

In 1883 het daar by D. F. du Toit en Co. van die Paarl 'n tweede uitgaaf van 1,000 eksemplare verskyn, maar dit is slordig uitgevoer en die spelling in ooreenstemming met die reëls van die G.R.A. gebring.

'n Derde druk is besorg deur mnr P. I. Hoogenhout en uitgegee deur J. L. van Schaik in 1922, kort na die dood van C. P. Hoogenhout. Die outeur wou dolgraag vir *Josef* in sy nuwe baadjie sien, want die verhaal is nou met pragtige plaatjies geïllustreer.

Die *Geskiedenis van Josef* het geskiedenis gemaak. Lank voor sy verskyning was dit alreeds aan die lesers van *De Zuid-Afrikaan* bekend dat 'n boekie in Afrikaans in voorbereiding was en dikwels is in briewe na dié boekie verwys. Sy koms is met ongeduld afgewag soos blyk uit 'n brief van „Een Afirkaander” op 3 September 1873: „Arrie! amper het ik gevergeet om te vrâ: weet meneer altemit ook wat daar geworde is van die Boekie wat hulle in die Affirk. zal laat druk het; dit lijk baijang vir mijn

of die skrywer in die bak gebly het of het hij altemit nie geld genoeg om die koste te betaal nie? dan kan meneer vir hom seh, dat ik regte graag vir hom wil help, want ik dink dit zal een regte goeije ding wees.”

Volgens 'n brief van „Criticus” in *De Zuid-Afrikaan* van 13 Desember 1873 was Josef ook in die Sinode van daardie jaar ter sprake in verband met die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Ds P. G. J. de Vos was ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, en dan merk „Criticus” op: „Ik kan zeggen dat ZEerw. den bal raak geslagen heeft, want reeds is er onder eenige Christenvrienden sprake, een der Evangelies in het Afrikaansch te doen drukken, indien er door de voorgangers onzer kerk in deze zaak niets gedaan wordt. Dat het met de zaak ernst is, getuige het onlangs in het Afrikaansch verschenen boekje ‚die Geskiedenis van Joseph.’” *)

Graag wil ons hier nog aanhaal wat ds S. J. du Toit gesê het omtrent Josef in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (1880), bl. 42: „Ons noem die boekie ook as 'n voorbereiding, en wel in die sin dat dit eintlik die sondebok was wat al die vyandskap moes dra, daar dit die eerste Afrikaanse boekie was. Nou dis wel waar dat die samestelling van baing volsinne te Hollans is; dat ons die spelling afkeur van woorde soos *mot, et, seh, Afirkaans*, ens. Mar die bewerking van die Geskiedenis self is uitmuntend. Die vorm *kon* gen verstandig mens meteens volkome verwag nie, as hy bedenk wat dit kos om 'n taal te vorm. En as ons kyk hoe ons nog altoos verskil op vele punte in die spelling, dan moet ons veeleer verwonderd wees dat so'n eerste proef van (nie 'n samepraak mar) 'n deurlopende verhaal so goed uitgeval is.”

Die ervarings wat die boekie opgedoen het, blyk ook uit die voorwoord by die tweede druk, waarin C. P. Hoogenhout o.a. die volgende sê: „Dis ruim tien jaar gelede, dat di boeki gedruk werd. Dit was di eerste proef

*) Sien ook: dr J. du P. Scholtz: die *Die Afrikaner en sy Taal*, 1939 bl. 235.

in Afrikaans. Ag, wat het di arme Josef oek in Suid-Afrika moet uitstaan; amper net so veul as die held van ons geskiedenis valselewe in Noord-Afrika! Wat 'n haat en nijd, wat 'n koerant-geskrijf te'en di Afrikaanse Josef. En tog, hij leef nog!"

C. P. Hoogenhout was van die begin af 'n voorstander van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, soos ons vroeër gesien het, en die *Geskiedenis van Josef* het hy beskou as 'n voorbereiding vir die groot werk van Bybelvertaling. Volgens die voorwoord was daar 'n vriend van hom (A. Pannevis) wat hom gevra het om vir „die Lammertjes van Christus syn Kerk”, 'n Bybelboekie in Afrikaans te bewerk, want soos Hoogenhout sê: in die Hollandse boeke kom daar „zulke hooë woorde voor, dat die Afirkaanse kinders et nie goet kan verstaan nie.” Hy het die geskiedenis van Josef in Afrikaans oorgewerk, omdat dit vir hom die mooiste Bybelverhaal was van sy jeug af. „Hoe dikwe's het ek nie in mijn gedagte met Josef saam gegaan nie na Dothan toe, hoe banja keer het ek nie gedag nie: Og kon ek tog maar voor jou waarskou, wat jou broers daar praat om voor jou dood te slaan. Hoe jammer was ek nie voor die arme Josef nie toe hy daar in die kuil leh. En hoe blij was ek nie toe hij eindlik na banja verdrukking Onderkoning van Egypte is geworde en sijn ou vader tog nog weer gesien het.”

Dat hierdie boekie vir Hoogenhout en Pannevis 'n voorbereiding was vir die Afrikaanse Bybelvertaling, blyk ook daaruit dat hy in die *Besluit* die kinders versoek: „As julle bid dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook. Hy sal dat seker doen; want die Bijbel is Syn Woord en die Woord mot aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Mark. 16:15, 16.”

Hieruit, nes uit soveel ander stukke van Hoogenhout, blyk sy groot geloof. Hy het 'n ontwikkelde nasionale gevoel gehad; hy het taalkundig en opvoedkundig suiwer gedink en geredeneer maar bo alles is wat hy wou doen

deur sy bewonderenswaardige geloof gedra. Vandaar dat hy met so'n stelligheid kon sê: „Hy sal dat seker doen.”

Oor die inhoud hoef ons nie veel te sê nie, omdat die verhaal bekend is en ons dit in die Bybel kan nalees in die boek van *Genesis* vanaf hoofstuk 37 tot 50. Hoogenhout het die hele geskiedenis oorvertel, maar om dit so interessant en boeiend moontlik vir sy jeugdige lesers te maak, het hy hier en daar iets toegevoeg of weggelaat.

Wat ons dus veral interesseer is die wyse van naver-telling. Hoogenhout het die siel van die kind uitstekend begryp en het presies geweet hoe hy hul aandag kan wen. Vertroulik begin hy met hulle gesels oor Josef se afkoms en pak dadelik met 'n uitspraak soos die volgende: „Hy was een man soo als daar min op die werelt gelewe het.” Natuurlik wil die kinders nou baie graag meer van dié „held” verneem. En 'n woordjie soos „reken” is so reg na hul smaak: „Die famielje van Josef was veeboere en hulle het net banja vee gehat ook, want reken, toe Jacob van sijn oom Laban teruggekom het” Op sy vraag sal almal instemmend knik: „Nou een man wat soo'n present kan stuur kan nie een arm kerel wees nie, neh?” Die jong lesers sal die skrywer ook nie kwalik neem dat hy hulle terloops 'n lessie leer nie: „Hoe sondig is et tog om nijdig op mekaar te wees!” Die slotgedagte van die tweede hoofstuk het seker 'n diep indruk op die lesertjies gemaak: „Laat ons voor die drie sondes van die goddeloose broers van Josef oppas, dat is voor nyt, haat en leuëntaal. God die alles weet, die alles siet, kan ons ook net soo goed sien as Hy gesien het wat die broers van Josef gedaan het.”

Die kinders leef nou mee met hul held, en hoe jammer het hulle hom nie gekry toe sy broers hom in die kuil neergelaat het nie: „Nou kan jy self begryp hoe of hy daar gehuil het; hoe of hy gesoebat het om tog daaruit te kom; en hoe of hy syn hande seer gemaak het om teun die kant op te klim — maar hy kon nie uit nie.”

Die derde hoofstuk vertel ons dat Josef in Egipte in die tronk gekom het. „Arme Josef! Maar laat ek vertel

hoe dit gekom het, want julle is miskien al nieskierig. Let dan nou op!" As hy dan gemoedelik voortvertel, merk die skrywer 'n traantjie in een van sy lesertjies se oë, maar hy neem hom dit nie kwalik nie, „want ek sien dat jy Josef ook lief het en banja jammer voor hem is." Maar as Josef onderkoning van Egipte word, vra hy opgeruimd: „Wat seh mijn kinders nou! . . . Is julle nie blij dat onse Josef soo verhoog is nie?"

Gelaaï met spanning is die beskrywing van die ontmoeting van Josef en sy broers, en dan uiteindelik die heerlike slot: Josef en sy vader vind mekaar weer terug op aarde!

Die hele geskiedenis is besonder aanskoulik voorgestel, nie alleen omdat Hoogenhout op so'n vertroulike voet met sy lesertjies verkeer nie, maar ook omdat hy 'n Afrikaanse atmosfeer geskep het: eerstens deur in hul eie taal met hulle te gesels, en tweedens deur alles in hul ervaringsgebied te betrek. Woorde wat vir hulle in die Nederlandse Bybel onverstaanbaar was, is nou vol betekenis en dan gebruik Hoogenhout telkens tipies Afrikaanse uitdrukkings. Ons volstaan met 'n paar voorbeelde: Josef se vader se *oupapa* was Abraham; sy veelkleurige rok het „een mooi baatjie van die mooiste kleure" geword. Potifar maak Josef sy *mandoor*. Josef het sy broers „regte buffelachtig" behandel, en sy kneg het hulle agterna gejaag „dat die stof soo staan."

Die Geskiedenis van Josef moes 'n populêre boekie gewees het by die jeug, of liever by diegene wat hom in die hande kon kry en geoorloof was om hom te lees. Ons sluit met 'n persoonlike getuïenis: „Vir mij is dit so goed as onmoontlik om objektief te oordeel o'er die meriete van die boekie. As kind was dit van die eerste lektuur, wat ik gehad het, en ik het so dikwels gehuil van droefheid en medelijde met Josef onder in die put, en van pure blydschap waar Josef hom bekend stel aan sij broers in Egipte, dat die boekie bij mij tenminste altijd in die onaanvegbare posiesie van 'n trouwe vrind en ou bekende

sal inneem." (Dr N. M. Hoogenhout in *Die Brandweg* van 1 Oktober 1910).

Hoogenhout het aan verskillende boeke meegewerk wat deur ds S. J. du Toit uitgegee is, maar die vernaamste is seker: *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, 1877. Dit het in 'n oplaag van 500 verskyn.

Toe ons die aandeel van Hoogenhout in die Taalbeweging geskets het, het ons reeds gesien dat ds Du Toit in 'n brief van 25 November 1874 aan Hoogenhout meegedeel het dat hy lus het om die *Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* te skrywe. Hy het Hoogenhout uitgenooi om mee te werk en laasgenoemde het ingewillig in 'n brief van 19 Desember 1874 in *De Zuid-Afrikaan*. Op 20 Februarie 1875 deel hy aan ds Du Toit mee dat sy aandeel in die *Geskiedenis* klaar is.

Wat sy aandeel presies is, weet ons nie, maar aan dr J. D. du Toit *) het Hoogenhout meegedeel dat die eerste gedeelte van die *Geskiedenis*, d.w.s. „Die Kaap onder die Hollanders”, deur hom en Gideon Malherbe geskrywe is en dat 'n gedeelte van die laaste hoofstuk van sy hand is.

In sy eksemplaar van dr Lydia van Niekerk se proefskrif het Hoogenhout sy naam geteken by 'n aanhaling uit die *Geskiedenis*. Dit handel oor die Grikwa-oorlog van 1845 en stem nagenoeg ooreen met die verhaal wat hy daarvan in die *Sesde Gesprek* aan Danie gee. Hierdie aanhaling vind ons op bl. 21 van dr Lydia van Niekerk se proefskrif (*De Eerste Afr. Taalbeweging . . .* 1916):

„Die Boere vorm toen een Gouvernement ver hulle selwers. Die wat van Natal weggetrek het, trek twé derdes o'er Vaalrivier en die ander kom oek in die Vrystaat woon. Mar die arme Boere het hier oek nie lank rus gehad nie, want in die begin van 1845 kryg hulle weer oorlog met die Grikwas, waar Adam Kok kaptein van is. Dit het so gekom. Een Barolong — gen Grikwa — het kwaad gedaan onder die Boere. Hy wort gevang en die veldkornet het hom goed laat afransel met die aapstert

*) S. J. du Toit in *Weg en Werk*, 1917, bl. 75.

en toen laat loop. Hy gaan toen by Adam Kok kla. En die swartjong het regtig die permantigheid om die veldkornet te laat dagvaar om voor hom te verskyn.

„Dit spreek van self dat die veldkornet nie wou verskyn op die dagvaring nie. Toen stuur Kok een patroljie Grikwas om die veldkornet gevange te neem. Die gebruik geweld en begin te skiet. En die Boere nie links nie, werk toen oek met die bloubóontjes onder hulle.”

Deur sy aangename verteltrant is Hoogenhout 'n uitstekende historieskrywer, hoewel hy soms al te gemeensaam word in sy woordkeuse. Die boek as geheel bespreek ons elders afsonderlik.

Die eerste novelle in Afrikaans is *Catharina, die dogter van die advokaat*, en dit is geskrywe deur C. P. Hoogenhout onder sy skuilnaam Klaas Waarsegger, Jr., in 1879. Dis in 'n oplaag van 500 uitgegee. Die boekie het sy ontstaan te danke aan 'n prysvraag wat uitgeskryf is volgens artikel X van die statute van die Genootskap van Regte Afrikaners. Die prys is gewen deur C. P. Hoogenhout met *Catharina*.

Kostelik is die „Woordjie Vooraf”, waarna ek die leser graag wil verwys.

Catharina het as vervolgverhaal in die *Patriot* verskyn en is in 1879 in die vorm van 'n boekie in oktaaf-formaat van 57 bladsye uitgegee. Dit is in 'n omslag van groen papier gebind en op die agterste binnebladsy staan die laaste paragrawe van die verhaal. Die druk is helder, maar die papier swak, en tog, hoe waardevol is die ou boekie nie!

Catharina het as vervolgverhaal in die *Patriot* verdoel en strewe van die Patriotmanne, verwerk hul lewensbeskouing in die vorm van 'n boeiende verhaal. Hierin kom duidelik die teenstelling uit tussen die twee kulture in Suid-Afrika: die eie en die ingevoerde. Daar word openlik en ongeveinsd propaganda gemaak vir 'n suiwer Afrikaanse kultuur. Die toestande hierin beskrywe, is selfs vandag nog in baie gevalle waar. Dit is 'n liefdesgeskie-

denis, maar dit gee die skrywer die geleentheid om baie beskouings daaraan vas te knoop en sy lesers te verduidelik hoe groot die sonde van Advokaat X. se Engels-gesindheid was.

Klaas Waarsegger is 'n gemoedelike verteller. Eers neem hy ons na die huis van Advokaat X. en lig ons vertroulik in omtrent sy lewenswyse en -beskouing. Dit is juis die advokaat se verjaarsdag en hy gee 'n „ball” aan die vernaamste Engelse inwoners van die stad. By die maaltyd word al die toesprake in Engels gehou en „wat ons egter bisonder trof was, dat daar geen enkele „toast” gedrink word met *Kaapse wyn*; die was glad nie op tafel nie — alles was *uitlandse* drank.” Iemand wat nie Engels verstaan het nie, sou hom daar baie ontuis gevoel het, „want alles was Engels en geen wonder; want Advokaat X. was daar hoogmoedig op dat hy by baing hooggeplaaste Engelse ver 'n Engelsman deurgaas. Stellig was dit meer as eens syn wens dat hy waarlik Engelsman was; maar syn naam kon nie goed verengels worde nie.”

Die Advokaat het 'n dogter, Catharina, maar in die Engelsgesinde huis word sy Kate genoem. Gelukkig is sy in 'n Hollandse dameskool op koste van haar peettante opgevoed, en sy het die Afrikaanse gees daar haar eie gemaak. Natuurlikerwys moes daar soms botsings kom tussen Catharina en haar ouers, as die draers van twee verskillende kulture, en moes sy haar teen wil en dank as „I don't speak Dutch” aanstel.

Van Catharina se persoon kry ons 'n romantiese beskrywing — 'n prag van 'n meisiemens moes sy gewees het, iemand om te skaak: „Helder blauwe, sielvolle oge, blonte hare, 'n griekse neus, hoge voorhoofd en 'n mondje waarom 'n *egte* (nie soos 'n mens dikwels ontmoet *valse*) glimlag speel; van middelbare lengte en 'n netjiese postuur; gekleed soos al die andere dames in wit, met ope hals en kaal arms.”

Met 'n likeurtjie in die hand, begin die gaste oor die onderwerp van die dag, die Transvaalse anneksasie, te

gesels. Advokaat X. het teen die Transvalers te velde getrek op grond van „inherente swakheid”, hy het uitgewei oor die seëninge van die Britse bestuur. ’n Onaangenaamheid vind plaas op die fees, want Jan H., een van die gaste wat „’n Afrikaander in hart en siel” is, het geweier om op die anneksasie te drink.

Nou verplaas die skrywer ons na die huisgesin van oom Jan M. om die kontras na vore te bring, ’n kontras wat hy baie skerp belyn. Dis ook ’n kontras tussen stad en platteland — die stede het voorgegaan in die verengelsingesproses, terwyl die platteland ’n vrugbare akker was vir die Hollandse kultuur.

Oom Jan hou vas aan sy voorvaderlike tradisies; hy is ouderling van die kerk, hy laat sy kinders goed leer, ook Engels, want hy beskou dit as baie noodsaaklik, hoewel dit geen hoofsaak nie, maar bysaak is. Hy is ’n getroue leser van die *Patriot*, en saam met sy drie seuns is hulle lede van die G.R.A.

Op skool het Catharina ’n vriendskap gesluit met oom Jan se dogter Lenie, en op haar uitnodiging gaan Catharina by haar kuier. Haar broer David, wat vir ’n boer goed ontwikkel is, raak op Catharina verlief. Wanneer sy haar taal verbrou, help die familie M. haar reg. Dit gee die skrywer die geleentheid om ook sy hart te lug oor dié euwel wat in sy dae onder die Afrikaners reeds soveel veld gewen het: „Helaas! hoe die gees al meer en meer in ons land begin te heers dat Engels te ken, die toppunt van geleerdheid is! Hoor maar selfs onder ons boerebevolking as hulle van iemand spreek: *die of die is goed geleerd hy ken Engels!* of: *hy of sy het ’n baing goeje opvoeding gehad — hulle ken Engels!* As of al die opvoeding, wetenskap of geleerdheid daarin leg om Engels te ken.”

David en Catharina raak verloof, maar hulle weet vooraf dat haar Engelsgesinde vader nie sy toestemming sal gee dat sy met ’n Afrikaanse boer mag trou nie.

Die skrywer maak met ons 'n uitstappie na 'n sekere dorp wat vroeër Afrikaansgesind was, maar nou is die bordjies verhang en neem die verengelsingsproses met rasse skrede toe, en dit alles onder invloed van die nuwe predikant. Hierdie verwyf is bedoel vir die baie predikante wat die kerkdeure vir Engels oopgesit en so die Afrikaanse volk langs die pad van die godsdiens gedenasionaliseer het. Maar meer, die predikant het 'n Skotse prinsipaal in die skool ingewerk en op dié wyse ook die jeug aan 'n vreemde taal en kultuur gewen. Aan sy seun op die teologiese kweekskool te Stellenbosch skryf die predikant A. ook nog o.a.: Luister tog nie langer na die esels en domkoppe, wat van *Hollans* of *Afrikaans praat*. Ne, myn jong, *Engels!* . . . Die tyd sal kom dat die Vrystaat ook Engels word en dan, dan sal alles goedgaan."

Soos David en Catharina verwag het, het die moeilik-hede nie uitgebly nie. Advokaat X. het hul geheime korrespondensie ontdek, en was rasend: „ik 'n boer, 'n lompe boer ver skoonseun kry, hoe sal die wereld met myn spot en myn uitlag!” Hy belet dan ook die korrespondensie, maar David en Catharina flous hom op 'n ander manier.

Om oor sy smart te kom, onderneem David 'n lang reis na die Transvaal, maar terwyl hy in Pretoria is, lees hy in die *Zuid Afrikaan* van die bankrotskap van Advokaat X. wat te hoog gevlieg het vir sy „stand”. Catharina skryf nou aan Lenie M. 'n betraande brief en vra haar om vir David te sê dat hy onder dié omstandig-hede maar van haar moet afsien. David keer dadelik terug om Catharina te gaan opsoek by haar tante Kaatjie waar sy kuier. Op sy deurreis deur Bloemfontein was hy verstom oor die ingang wat Engels daar reeds gevind het. „Met uitsondering van die setlaarsdorpe in die Oostelike Provinsie is daar in die hele Kolonie geen plek wat so Engels is as Bloemfontein.”

David het baie moeite gehad om Catharina te oortuig dat hy haar terwille van haarself en nie terwille van haar geld liefgehad het nie, dat hy haar nou liever het as ooit

tevore, en graag met haar wil trou. Die onweerswolke trek verby „en die son van geluk ver die toekoms kom deur en skyn vrindelik, asof hy goed wou maak dat hy so lank verborge was gewees.”

Versag deur die teenslae, het Advokaat X. nou sy toestemming gegee, en stil is David en Catharina getroud.

So eindig hierdie romantiese geskiedenis, maar vir ons 'n waardevolle dokument om die tydgees wat dit openbaar, die geestelike toestand van so baie Afrikaners (van wie die Advokaat 'n voorbeeld is) van daardie tyd wat dit blootlê.

Ds S. J. du Toit het hom in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* 1880, bl. 75 as volg oor hierdie boekie uitgelaat: „Die verhaal op sig self is nie bisonder boeiend nie; mar dis deurdronge van so'n eg patriottise Afrikaanse gees, dat dit al 'n dojerige Afrikaner moet wees wat dit nie met smaak lees nie.”

Heelhartig kan ons ook die woorde van dr N. M. Hoogenhout in *Die Brandwag* van 1 November 1910 onderskryf: „Al sou alles wat indertijd gedaan en gepreek en geskrewe werd deur die Genootskap van Regte Afrikaanders en sijn aanhangers behalwe *Catharina* verlore gaan, sou o'er 'n honderd jaar die geskiedskrijwer tog nog 'n vrij volledig en nauwkeurige kennis van hulle strewe en wense kan put uit die inhoud daarvan.”

Catharina is nie 'n gefantaseerde verhaal nie, maar berus op werklike gebeurtenisse, want in 'n verdere mededeling sê dr Hoogenhout: „Dit is jammer dat daar nog altyd geen name mag genoem word nie, anders sou 'n mens die saak sonder doekies om te draai kon uitleg en die persone kon aanwijs op wie maar al te duidelik gesinspeel word.”

Die kultuurhistoriese waarde van *Catharina* kan ons nooit oorskat nie, maar anders is dit met sy letterkundige waarde, want dit is heel gering. Hoewel ons die voortbrengsels van die G.R.A. in die eerste geval nie uit 'n kunsoogpunt moet beoordeel nie, omdat dit 'n onderge-

skikte punt by die leiers was, moet ons tog op 'n paar gebreke wys vanuit die oogpunt van die teenswoordige leser.

Die bou van die verhaal is los en onsamenhangend, sodat daar dikwels tussen die verskillende dele haas geen verband bestaan nie. Die skrywer spring van die een tak op die ander en maak gebruik van 'n manier wat destyds nog in die mode was: die leser word vriendelik versoek om hom van die een plek na die ander te volg. Die ou man (Oom Jan M.) gaan na die biduur, „en die lesers word uitgenodig om terug te keer na die huis, waar die mense nou al an tafel sit.” Na die skrywer 'n bietjie gesels het oor die feesvreugde, vra hy weer: „Laat ons saam gaan en hulle 'n bietjie nader bekyk.” Later: „Terwyl die dames hulle in die voorkamer vermaak, sal ons 'n kykie by die heere gaan neem.” En ten slotte: „Hier neem ons afskeid van die familie M.; ons sal hulle later wel weer besoek.”

Hoogenhout is al te lief om die objektiwiteit van die verhaal te verbreek, nie alleen deur persoonlik die woord tot die leser te rig nie, maar ook deur lang uitweidings wat nou nie juis in verband met die verhaal staan nie, maar hom wel die geleentheid gee om sy opinie oor 'n saak uit te spreek.

Die karakters is nie lewende mense nie, maar tipes wat 'n deug of 'n ondeug moet beliggaam. Daarom dat die verhouding tussen verskillende karakters so onnatuurlik is, en daarom dat ons niks meer van die liefde van David en Catharina vir mekaar weet as wat deur die skrywer aan ons *vertel* word nie. Self verklaar hy: „Die lesers sal nie verwag om hier 'n versameling van briewe te kry waarvan myn *hartjie*, myn *liefie*, myn *skatjie* instaan. Die wat vanslewe sulke briewe geskrywe het ken die inhoud, en die wat dit nog sal skrywe, sonder hulp van ander dit wel leer.” Soms trek hy liewers 'n „sluier” oor die sielelewe van sy karakter.

Die taal is nog onbeholpe en Hoogenhout soek sy weg deur die duisternis heen, maar hoe kon dit anders? Die rou taalklei moes nog eers gebrei word en ons mag nie

vergeet dat Hoogenhout 'n Hollander was wat die spreektaal aangeleer het nie. En waarlik, hy het 'n oog vir die besondere, vir die volksaardige uitdrukking — hy is 'n aangename verteller: „Die stomme man, hy weet nie hoeveel beurse ver die saak oopstaat al sou die inteeke-naars oek so gemeen wees om nie te betaal nie.” En dan hierdie mooi sinnetjie: „Die senuwagtige meneer stamp met syn voet en swaai met syn arms dat dit 'n naarheid was” En hoe tuis is Hoogenhout nie in die beskrywing van oom Jan se plaas nie!

Ons het hier op 'n paar gebreke gewys soos ons die dinge vandag sien, nie om die novelle te verkleiner nie, maar om helderder te laat uitkom dat die betekenis van *Catharina* nie lê in sy letterkundige, maar wel in sy kultuurhistoriese waarde, en 'n kultuurhistoriese waarde só groot, dat die boek sal leef solank as wat daar 'n Afrikaanse letterkunde sal wees. In geen enkel goeie Afrikaanse Literatuurgeskiedenis sal *Catharina, die Dogter van die Advokaat*, ontbreek nie.

Een van die eerste boekies wat deur die Genootskap van Regte Afrikaners vir kinders uitgegee is, is die *Spelen Leesboek vir Afrikaanse Kinders, deur Oom Willem* (J. W. v. d. Rijst), 1878. In 1879 volg 'n belangrike boekie, en wel deur ons kindervriend, C. P. Hoogenhout: *Eerste Afrikaanse Printjies Boeki ver Soet Kinders, deur Oom Jan wat Versies maak*, met 'n oplaag van 1500. In 1885 het 'n tweede, vermeerderde en verbeterde uitgaaf gevolg.

Hierdie boekie was volgens die inleiding van oom Jan, bedoel vir kinders wat reeds deur oom Willem se boekie leer lees het. As die kinders van die stories hou, moet hulle dit vir oom Jan in die *Patriot* skrywe en dan gee hy hulle nog 'n groter prenteboekie „met 'n leersame verhaal daarby.” „Nou, beste groetnis van Oom Jan, kinders! en syn wens is, dat julle almal soet en leersaam

en gehoorsaam mag wees, en almal ver onse Here Jesus mag lief hê. Want sulke kinders is gelukkig en bemind op aarde en kom eenmal by die Here Jesus en by die Engeltjies in die Hemel.”

In die inleiding van die tweede uitgaaf sê oom Jan: „Daar moet glo regte baing soet kinders in ons land wees; want di eerste uitgawe van Oom Jan syn Prente Boeki vir Soet Kinders was een, twe, dri uitverkog. Deur baing ander werk kon di uitgewers dit ni dadelik weer herdruk ni.”

Deur die inleiding by die eerste uitgaaf is die boekie reeds gekarakteriseer: Oom Jan wou die kinders stig en onderwys, hy wou aan hulle *leersame* verhaaltjies gee, waaraan hy dikwels 'n sedelessie vasknoop. Hy rig persoonlik die woord tot sy jong lesertjies, waardeur hy in staat is om 'n vertroulike atmosfeer te skep en gemoedelik met hulle te gesels.

Eers begin oom Jan om 'n paar wapens te verklaar, o.a. ook die van die Genootskap van Regte Afrikaners. By die prentjie van 'n lokomotief, vertel hy opgewonde: „Dis di vuurwa, kinders! Dis hy, wat die hele trein trek. Hulle noem hom *Lokomotief*. En daarom het hulle di man, wat vóór trek ver ons Nasi ons Taal en ons Land oek die naam gegé van *Lokomotief*. Hy loop mos voor en trek almal agter hom an.” Dit bring oom Jan dan tot die *Patriot* en hy skroom nie om propaganda vir dié koerant te maak nie, „want hy pleit mos ver ons reg. En hy geef alles te lees, wat ver ons nuttig en goed is.”

Oom Jan se *Versies op al di maande van di Jaar* wat in die Afrikaanse Almanak van 1877 verskyn het, word hier ook afgedruk, maar nou natuurlik met prentjies. Dit is ook die geval met die versie van Willem Malherbe:

VANSELEWE EN TE'ENSWOORDIG

1780

Boer ploeg hom moe;
 Dogter melk di koe;
 Vrou is an d' spinne;
 Seun ry gerwe binne;
Geld in die kas!

1880

Boer is op swier;
 Dogter speel klavier;
 Vrou sit in Satyn;
 Seuntjie leer Latyn;
Plaas is belas!

In 'n reeks „Skadelike Dinge waarteen ons die kinders waarskuw”, word genoem: pyprook, want „dis mar net 'n verkwisting van geld, en nadelig ver di gesondheid oek.” Daar volg 'n spotrympie op 'n seuntjie wat hom verbeel dat hy groot is met die pyp in die mond. Gevaarlik is ook drink, kaart- en biljartspel, want dit lei dikwels tot rusie. „Né, kinders! pas op ver biljart tafels in die hotels! Van die soort vrolikheid kom olikheid. En kinders moet nooit rusie maak en bakly ni.” Die gedig van Oom Jan: *Jan Bantjies was 'n Hotnotsjong* word ook afgedruk, want dit moet die kinders afskrik van die resies. Vervolgens kom dans, die modes, en vrymesselary aan die beurt.

Daar is egter ook „nuttige dinge waartoe ons di kinders opwek”, soos leersaamheid, opregtheid, eensgesindheid, werksaamheid, ens. In 'n hand word 'n hart afgeteken, en goedig verduidelik oom Jan: „Dit beteken, kinders! dat 'n mens ni halfhartig of wispelturig moet wees ni. Wat jou hand doet, moet jy doen met jou ganse hart. Onthou dit, kinders, hand en hart moet altyd same gaan!” By die prentjie van 'n meisie wat 'n koei melk, merk oom Jan op: „Kyk, kinders, *werk* is ni 'n skande ni, mar *luiheid* is 'n skande.”

In die lewe is daar baie mooi dinge, en daarom gesels oom Jan met die soet kinders oor musiek, blomme en

diere. Hy toon hom ook die ware vaderlander wat nie kan begryp waarom ons nie ons eie fabriek kan oprig nie. „Wanner sal Afrikaners tog ophou om so dwaas te wees? Waarom ni liwers self ons velle geloof en onse eie skoene en stevels gemaak ni? Geloof myn, di wat ons deur ons eie skoemakers laat maak is baing sterker, maski kos hulle 'n bitji duurder. Ondersteun tog jul eie nasi, mense!”

Spelenderwys het oom Jan aan sy soet kinders 'n mooi klompie stories vertel, maar *nuttige* stories wat vir hulle van waarde kan wees op hul lewensweg. Hy was nêrens dringerig-prekerig nie, want sy oë glimlag gedurig as hy gesels, en wie kan dan aanstoot neem as hy jou 'n wenkie gee wat om liwers te laat? Hy beveel jou ook nie, maar sê net wat hy dink die beste is, bv. „Daar is in ons land oek al baing Vrymesselaars, en hulle wil graag ander oek daarin hê. Mar ons denk di kinders moet liwers daaruit bly.”

In verband met *Die Geskiedenis van Josef*, spreek dr. J. du P. Scholtz (*Die Afrikaner en sy Taal*, bl. 236) die vermoede uit dat Hoogenhout se boekie 'n verafrikaansing sou wees van *De Geschiedenis van Jozef* in 1796 uitgegee deur die Nut van 't Algemeen, en deur die Z.A. Christelike Boekvereniging in 'n enigsins veranderde vorm herdruk. Mnr. Jan Bouws het hierdie boeke in die Amsterdamse Universiteitsbiblioteek met mekaar vergelyk en beweer dat daar geen ooreenkoms is nie.

5. VERTALINGS.

C. P. Hoogenhout was 'n baie godsdienstige man, en daarom is dit begryplik dat hy ook godsdienstige boeke in Afrikaans sou bewerk. Volgens die boekelys agter in die *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (1909) is *Die Wege des Heeren met George Müller* (1882) met 'n oplaag van 1,000 deur ds S. J. du Toit „samen met Anderen” bewerk, maar C. P. Hoogenhout het in 'n aantekeningboek verklaar dat hy alleen daarvoor verantwoordelik was.

In die voorrede sê Hoogenhout dat die werk wat hy vertaal oorspronklik in Engels geskryf is, en dit beslaan vyf dele. Die volle titel is: „A Narrative of some of the Lord's dealings with George Müller, written by Himself.” Hy het die sewende uitgawe van 1869 gebruik. „Net wie die werk in hande kryg en lees trek daar nut en seen uit. Algemeen is die verklaring dat dit angenamer is om te lees as enige roman, en nuttiger as 'n legio van godsdienstige boeke en stigtelike werke. Daarom is dit met veul plesier dat ons die werk oek in ons taal vertaal om in ons land te versprei; en ons gebed daarby is dat die Heer die werk in ons land oek wil seen soos Hy dit al o'er die hele wereld geseen het.”

Die boekie wat Hoogenhout ons gegee het, is 'n vrye vertaling en 'n verkorting van die oorspronklike.

George Müller vertel dan sy eie lewensgeskiedenis, so boeiend en vlotweg, dat ons heeltemal meeleeft. Wat 'n goddelose man was hy nie gewees nie! Sy vader het hy belieg en bedrieg en besteel; hy was in die tronk en het al dieper in die modderpoel van die sonde weggesink. Ons dink byna dat ons die lewensgeskiedenis van 'n misdadiger lees, maar dan kom George tot bekering en nou neem sy lewe 'n ander wending. Hy het alles gebieg, tot die gemeenste sondedaad, sodat die lesers kan begryp dat

daar vir die grootste sondaar nog genade is by die kruis van Christus. Hy word nou evangeliedienaar in Engeland en bring baie mense terug op die smalle weg. Vir 'n salaris werk hyy nie, maar het nooit broodsgebrek nie, want die Here voorsien altyd in sy behoefte.

Hoogenhout maak telkens van voetnote gebruik om sy eie sienswyse oor 'n sekere saak kenbaar te maak, of om die leser aan te moedig om George Müller se voorbeeld te volg. Op bl. 11 sê hy: „Leser, is jy self 'n gelowige, laat die geval jou dan aanspoor om oek soos Moses die hand uit te strek en te sê tot menige Hobab wat jy ontmoet: „Kom ga met ons en wij zullen u weldoen.” „Hoe sal die arme Wagner sig nou verbly in syn saligerus; dat hy hier die middel was om George Müller tot God te bring, en deur middel van hom so vele andere!”

Die doel wat Hoogenhout met die vertaling beoog het, was om te stig en mense tot godvrugtigheid te maan. Dat hy daarin geslaag het, ly geen twyfel nie, want *Die Wege des Heeren met George Müller* het, volgens getuigenisse aan die vertaler, baie tot seën gestrek, en dit was 'n baie geliefde boekie.

Di Vinger Gods en sewe andere verhale is in 1884 uitgegee met 'n oplaag van 500. Dit is vertaal uit Nederlands deur C. P. Hoogenhout en E. J. du Toit en aan die oplossers van Bybelse raaisels in die *Patriot* opgedra. Daarom is die meeste verhale van 'n godsdienstige aard en het hulle ook 'n bepaalde strekking.

In 'n „woordjie vooraf” word gesê: „Di geskiedenis, wat di leser hierin aangebode word, is, naar ons stellig vertrou, ware gebeurtenisse uit die lewe genome, en sal ongetwyfeld in di smaak val. Di „Vinger Gods, sigbaar in di lewe van myn moeder”, is deur 'n Duitse leeraar, — die seun van di predikantsvrou, — self geskrewe; later is dit in Hollans vertaal, en deur 'n geliefde vrind en broeder weer in Afrikaans o'ergesit. Mog dit in syn nuwe kleed ewe welkom wees onder ons landgenote, as di verhaal in Duitsland en Holland gewees is; en mog menigeen daar nut uit trek!

„Vier van di verhale, nl.: „Di segen van di Bybel”, „Gristelike Wraak”, „Di styfhoofdige Koopman”, en „'n Ware Vrederegter”, is uit 'n werk van di welbekende, waarheidsliewende (nou o'erlede) skrywer Albertus Hardenberg. Syn werke spreek nog in Holland nadat hy gestorwe is. Mog dit by ons oek die geval wees!”

Die vernaamste verhaal is *Di Vinger Gods sigbaar in di lewe van myn Moeder*, maar dis besonder stroperig en sentimenteel. In traandeurweekte woorde vertel die seun ons met hoeveel opoffering sy moeder haar kinders laat leer het. Sy vader was 'n arm dorpspredikant wat hom weinig om die kinders bekommer het. Die moeder het die pastorietuin bewerk om die losiesgeld te verdien, maar sy was dikwels agterstallig. Op 'n keer kry sy dreigbriewe en dan sluit sy haar vir 'n dag en 'n nag op die solder op in gebed. Die wonder gebeur: 'n landheer stuur vir haar 'n pakkie geld!

Die nood klim hoog toe haar man se karige salaris verminder word en hy nog boonop sy skuld moet betaal. Maar die moeder skryf 'n brief aan Koning Wilhelm en hy skenk vryskelding. Dan vou sy haar hande en roep onder trane van blydschap uit: „Waarlik Gy syt 'n verborge God; dan gebruik gy 'n Landheer, dan weer 'n Koning om Uw rentemeester te wees”

Die vader sterf skielik, maar na veel gesukkel is al die kinders uiteindelik klaar met hul studies en geniet sy 'n heerlike oudag, totdat sy ook verhuis na haar ewige tuiste.

Dit moes 'n heerlike verhaal vir die lesers gewees het en meer as een traan is seker gestort, maar die vertaler het dan ook sy doel bereik: om die lesers te wys op die verborge liefde van God en hoe Hy die mens se lewe rig.

Die Trane van 'n Kind vertel van die stigting van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Al die orige verhale het 'n godsdienstige strekking en moet dien as 'n rigsnoer vir die lewe op die ondermaanse tranedal. So is die eerlike Koopman uiteindelik beloon, terwyl hy aanvanklik deur sy eerlikheid groot verliese in sy besigheid

gely het. Die onverskillige matroos is weer deur 'n kind tot bekering gebring.

De Watergeneeskunde (1882) is bewerk uit ou en nuwe geskifte deur „Iemand die overtuigd is van de waarheid”. naamlik James Blake en uit Engels deur C. P. Hoogenhout vertaal. Dit was bedoel as 'n Afrikaanse handleiding vir die Afrikaanse volk, want dit was 'n verkorting van 'n sestal dele oor watergeneeskunde.

In die voorrede sê die skrywer: „Over het lezen van dit werkje zult gij u nooit beklagen; maar dat is ons niet genoeg; wij verwachten ook dat gij WATERVRIENDEN zult worden, en uw invloed by anderen aanwenden om het ook te worden. Wij zijn zoo vast overtuigd, door onder- vinding, van het *nut* van het koude bronwater aan ons eigen lichaam, dat wij niet langer mogten weigeren, aan het dringend versoek van anderen, die dezelfde onder- vinding opgedaan hebben, om door het samenstellen van dit werkje ons Land en Volk ook nuttig te zijn.”

Die doel van die hele boekie word saamgevat in die gedig vooraf:

„Ik wil, roemrijk geslacht! u duidelik bewijzen
Hoe, door uw heeten dronk en prikkelende spijzen,
En 't zitten bij den haard en 't vreezen voor de lucht;
Uw zenuwkracht verzwakt en uw boezem zucht,
Mogt gij, hierdoor gewekt, uw loopbaan nu hervatten;
Van mij niet meer ontaard, de BRON veel hooger
schatten.

Want zoo het waarheid is: dat Eendracht maakt de
macht,

Dan is het even waar: het WATER geeft de kracht.
Laat, Landgenooten! dan u door deez' blaën bewegen;
Het is uw waar belang, en een zeer groote zegen,
Te keeren tot Natuur, tot haar bevalligheên;
Slechts door de kunst verpest tot droefheid en geweên.”

Na 'n algemene beskouing oor water, volg 'n kort geskiedenis van die watergeneeskunde en dan rate vir

die behandeling van verskillende siektes. Ons volstaan met een voorbeeld: *Lewerkwaal*. „Dagelyksche zweetbaden en stortbaden, omslagen goed uitgewrongen, en tweemaal in de 24 uren vernieuwd, op de omstreken der lever, vlijtig water drinken, veel beweging in die vrije natuur, en onthouding van alle verhittende spijs en drank en geestes inspanning.”

Daar is geen enkele siekte waaraan 'n mens kan dink, of daar is ook 'n water-raat voor nie, en „de wateraanwending, zoo als Priessnitz ze voorschryft, heeft tot hiertoe nog altijd geholpen.” Dit bewys ook die baie getuigskrifte van Afrikaners, wat agter in die boekie verskyn, o.a. van prof. N. J. Hofmeyr.

6. UW EN MIJN CYFERBOEKJE.

Hoogenhout, die onderwyser, het deur ervaring ondervind dat daar 'n groot behoefte was aan 'n rekenkundeboek in die Hollandse taal in ons land. Die boekies uit Holland ingevoer, het nie by ons beantwoord nie, omdat die geld, die mate en gewigte daar anders as in Suid-Afrika verdeel word. Die Engelse rekenboekies is alleen dienstig vir hulle wat enige kennis van die taal opgedoen het, en dan ook nog maar ten dele.

„Vele jonge kinderen van Hollandsch sprekende ouders hebben weinig aan zulke boekjes, om niet te spreken van kinderen die uiterlijk een jaar of soms nog minder kunnen schoolgaan en alleen in het Hollandsch onderwijs ontvangen.” (Voorrede). Vir hulle dan het Hoogenhout *Uw en mijn Cyferboekje* saamgestel in 1882. „De kenner der Nederlandsche taal vergewe ons als wij hier en daar ten einde voor Holl. Afrik. kinderen verstaanbaar te zijn, tegen de taalregels zondigen.” Saam met die boekie is ook 'n *Sleutel* uitgegee, maar apart. Aan sy landgenote en onderwysers het Hoogenhout die boekie opgedra, maar vernaamlik aan „zijn zeer geachten vriend, den WelEerw. ZeerGel. Heer, S. J. du Toit, Hoofd van het Department van Onderwijs in de Zuid Afrikaansche Republiek.”

Heel omslagtig, maar omdat hy weet dat dit noodsaaklik is vir eersbeginndes, word alles omtrent die getalle tot in die fynste besonderheid verduidelik, en as hy dan klaar is, roep die skrywer uit: „De kinderen kunnen nu al tot 100 uitspreken en schrijven!” Aan die onderwysers word gedurig tussen hakies wenke gegee, en aan voetnote ontbreek dit ook nie, bv. „voor een ding moet men zorgen, dat de kinderen afleeren om op hunne vingers te tellen of streepjes op de lei maken; ook het gedurig *en en* nalaten.”

7. NEDERLANDS.

C. P. Hoogenhout het ook in Nederlands geskryf, en was jare lank mede-redakteur van *Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift*. Hy was verantwoordelik vir die rubrieke „Boerderij” en „Gezellig Tijdverdrijf”.

In „Boerderij” het hy die tuin- en veeboere van nuttige raad bedien, vrae beantwoord, en goeie artikels uit buitelandse tydskrifte vertaal. Markoorsigte het hy ook gereeld gegee. Ons neem die uitgawe van Augustus 1889 tot voorbeeld. Die verbetering in die pryse van wyn en brandewyn, sê hy, hou stand. „Plant toch Amerikaanse stokken, nu het de regte tijd is! roepen wij onze wijnbouwers nogmaals toe. Later zult gij ons voor dien raad danken.” Die plan om op Wellington ’n konfyt-fabriek op te rig, beskou hy ’n stap in die regte rigting. „Het te velde staande graan is prachtig en de oogst belooft veel; als wij door Hooger hand van roest bewaard blijven.” Die perdeboer word ook nie vergeet nie, want die papies is lastig.

In die „Gezellig Tijdverdrijf” het daar gewoonlik verskillende soorte raaisels verskyn.

Hoogenhout was ’n ywerige medewerker aan die Kersmisnommers van *Ons Land*, en die verhale daarin was gewoonlik in Nederlands gestel. As die beste verhaal kan ons beskou die een wat in die Kersmisnommer van 1907 verskyn het, waarmee hy die eerste prys verower het: *Doe wel en zie niet om*. As ondertitel vir die verhaal het hy ’n teks uit *Prediker* geneem: „Werp uw brood uit op het water, want gij zult het vinden na vele dagen.”

Dit is ’n „ware” verhaal en is besonder vlot vertel. Ons merk niks van die tendens vóór die einde nie. Alles is só realisties beskryf dat ons moet meeleeft.

Baie jare gelede het twee skoolmaats elke dag deur die Jodebuurt in Amsterdam gestap. Elke keer is hulle

deur 'n trop skoenpoetsers bestorm, en op 'n sekere môre het 'n Joodjie bedeesd gevra of hy hulle skoene vir 'n cent kan poets. Skaars was hy besig toe hy deur 'n ruwe Jood daar weggeskop word met die woorde: „Awaai! en heb 'k je niet ghezegd blijf hier weg, of je grijgt op je shmoel.”

Hulle het die Joodjie jammer gekry en elkeen 'n dubbeltjie gegee toe hy van sy siek moeder en susters vertel het. Tog was hulle bevrees dat dit 'n „doortrapte Jodestreek” was en op kersmismôre gaan hulle weer na die Jodebuurt. Hy neem hulle na sy siek moeder en hulle versorg haar. Levi, die Joodjie, was so dankbaar dat hy uitroep: „Zo mak ik ghezond blijven, nooit zal Levi vergeten wat je aan z'n memmele gedaan hebt.”

Die twee skoolmaats moes skei, want die een het na Suid-Afrika gekom waar hy fluks vorentoe geboer het. Baie jare daarna kom Levi ook na Suid-Afrika en toevallig kom hy een donker nag as bondeldraer op die plaas van sy weldoener uit. Hulle herken mekaar en met 'n ligter bondel gaan Levi die dag daarna verder.

Met die ontdekking van goud het die boer ook deelgeneem aan die goudspekulasies en al sy vermoë verloor. Brandarm het hy na Johannesburg gegaan om werk te soek. En wie ontmoet hy daar? Levi, wat bly was om sy weldoener terug te vind. Intussen het hy 'n mynmag-naat geword en nou kon hy hom vergoed. Eers het hy sy vriend as sy privaatsekretaris aangestel en spoedig hom sy vennoot gemaak.

„'Werp uw brood uit op het water, want gij zult het vinden na vele dagen.' Ziet, daaraan wilde ik u maar herinnerd hebben. En, ten slotte, wens ik u allen een gelukkige Kerstmis en een gezegend Nieuw Jaar!”

8. BRONNE EN LITERATUUR.

Nagelate papiere: manuskripte, briewe en aantekeninge.

Almanak, Die Afrikaanse, 1877—1918.

Brandwag, Die, 1910—1922.

Brandwag, Die Nuwe, 1929.

Dekker, dr G.: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*, 2de dr. 1937.

Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875—1925). Uitgegeë deur die Afrikaanse Studentebond, 1926.

Huisgenoot, Die, 1916. Uittreksels uit die inleiding het ek ook hierin gepubliseer (1940).

Hoogenhout, P. I. (1) *C. P. Hoogenhout. Persoonlike herinneringe uit sy Lewe*, bl. 97 van die *Gedenkboek*. (2) *C. P. Hoogenhout in Die Nuwe Brandwag* deel I nrs. 1 en 2.

Kritzinger, M. S. B.: *Plateatlas by die Afrikaanse Letterkunde*, 1931.

Nienaber, G. S.: *Die Afrikaanse Beweging*, 1931.

Nienaber, P. J.: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*, 1934.

Niekerk, dr Lydia van: *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen*, 1916.

Ons Klyntji, 1896—1906.

Patriot, Die Afrikaanse, 1876—1904.

Scholtz, J. du P.: *Die Afrikaner en sy Taal (1806—1875)*, 1939.

Toit, J. D. du: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk. 'n Periode van Afrikaanse Oplewing*, 1917.

(Toit, ds S. J. du): *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver Vrind en Vyand uit Publieke en Private Bronne, bewerk deur 'n Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners*, 1880.

Wielligh, G. R. von: *Baanbrekerswerk*, 1925.

Wielligh, G. R. von: *Eerste Skrywers. Laaste Stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners*, 1918.

Zuid-Afrikaan, De: 1872—1875.

Zuid-Afrikaansche Tijdschrift, Het, [Nieuwe Reeks] (1879—1893).

DIE GESKIEDENIS VAN JOSEF

*Voor Afirkaanse kinders en
huissouwens.*

*In hulle
eige Taal geskrywe.*

deur

EEN VRIND

1 COR. XIV: 6

Kaapstad :
Bij N. H. MARAIS.
1873.

INHOUT.

EEN WOORT VOORAF	73
HOOFSTUK I.	
JOSEF SIJN FAMILIE	75
HOOFSTUK II.	
JOSEF WORT DEUR SYN BROERS AS EEN SLAAF VERKOOP	77
HOOFSTUK III.	
JOSEF IN EGYPTEN IN DIE TRONK	80
HOOFSTUK IV.	
DIE SKINKER EN DIE BAKKER VAN KONING FARO	83
HOOFSTUK V.	
JOSEF KOM UIT DIE TRONK EN WORT ONDER- KONING VAN EGYPTEN	85
HOOFSTUK VI.	
JOSEF ZIJN TIEN BROERS KOM KORING KOOP IN EGYPTEN	89
HOOFSTUK VII.	
DIEN TWEEDE TOG VAN DIE BROERS VAN JOSEF	92
HOOFSTUK VIII.	
JOSEF STEL SYN BROERS NOG EENMAAL OP DIE PROEF EN VERTEL HULLEN DAT HY JOSEF IS	95
HOOFSTUK IX.	
JAKOB HOOR DAT ZYEN JOSEF NOG LEEF EN KOM IN EGYPTEN WOON	98
BESLUIT	101

EEN WOORT VOORAF.

Elke mens het sijn smaak, maar as een voor mijn sal vra watter storie in die Ou Testement voor mijn die mooiste is, dan seh ek sonder voor mijn een oënblik te bedink: "Die geskiedenis van Josef." As ek soo sit en nadink aan mijn jonge daë, dan weet ek nog goet dat et een van mijn skoolboeke was, ja, die boek wat ek in die daë die beste het kan verstaan. Hoe dikwels het ek nie in mijn gedagte met Josef saam gegaan nie na Dothan toe, hoe banja keer het ek nie gedag nie: Og kon ek tog maar voor jou waarskou, wat jou broers daar praat om voor jou dood te slaan. Hoe jammer was ek nie voor die arme Josef nie toe hij daar in die kuil leh. En hoe blij was ek nie toe hij eindlik na banja verdrukking Onderkoning van Egypte is geworde en sijn ou vader tog weer gesien het. Nou ek is dan ook nie de eenigste nie wat die storie van Josef mooi vint nie, want in die meeste tale waarin hulle die Bijbel al vertaal het, het hulle ook aparte boekies gemaak waarin die geskiedenis van Josef beskrewen is. Das dus een teken dat dit ver ander mense ook mooi is. Nou lees die kinders van mense, wat vroër mensvreeters was, en wat in die Groote Stille Zuidzee woon, op hulle skool ook die geskiedenis van Josef net soo goet, as die kinders wat in beskaafde lande, soo as Holland, England, Duitsland, enz., woon. Elk een in sijn eige taal. In Afirka is ook banja van die boekies, maar in die meeste kom zulke hooë woorde voor, dat die Afirkaanse kinders et nie goet kan verstaan nie. En daarom mot daar tog ver hulle ook "Een Geskiedenis van Josef" in hulle taal geskrijwe worde. Nou was daar een vrint van mijn wat mijn gevra het dat ek mot perbeer, om voor die Lammertjes van Christus sijn kerk, wat in Zuid Afirka woon, ook soo'n

boekie te maak, en daarom het ek ook geperbeer. En als die boekie voor mijn Afirkaanse vrindjes nou aangenaam is, dan sal ek, as God mijn die leve spaar nog meer mooi stories in hulle taal skrijwe. Die kindertjes mot nou maar mooi oplet en die storie van Josef nie alleen in die *kop* nie, maar ook in die *hart* bewaar. En dat God hulle net sulke harte mag gee as aan Josef, soo dat hulle ook eenmaal mag kom waar Josef nou is, dit wens

DIE SKRIJWER.

Zuid Afirka, Mei 1873.

HOOFTUK I.

JOSEF SIJN FAMILIE.

Om met Josef goet bekend te worde mot ons eers een paar woorde oër sijn famielje praat.

Sijn vader sijn oupapa was Abraham. Hij was een man soo als daar min op die werelt gelewe het.

Op een gebod van God het Abraham sijn land (Ur) verlaat, en is na Kanaän gekom, om daar as een vreemdeling te woon; omdat die mensche in syn land afgode gedien het. Hij was een banja vroom man, want reken hij wort in die Bijbel genoemd "de Vader der geloovingen en de vriend van God."

Nou die Abram het maar één seun gehat, syn naam was Izak. Das Josef syn oupapa. Die Isak was ook een brave man. Hy het twee seuns gehat Esau, en Jacob. Die twee broers het met mekaar volstrek nie kan akkordeer nie, en daarom het Jacob na sijn oom Laban gevlug. Daar het hij twintig jaar gewoon, daar is hij ook getrouwt, maar eindlik het hij weer terug gekom na Kanaän. Die Jacob dan was Josef sijn papa, Buite Josef het hij nog 11 seuns en een dogter gehat, dus alsame 13 kinders. Hier is hulle name: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon, Gad, Aser, Dan, Naftali, Josef en Benjamin, en die mijssie haar naam was Dina. Josef was op één na die jongste. Toe die ander broers al groot kerels was, was hy en Benjamin nog maar klein. Die famielje van Josef was veeboere en hulle het net banja vee gehat ook, want reken, toe Jacob van sijn oom Laban teruggekom het om weer in Kanaän te woon toe stuur hy voor een present aan syn broer Esau: 200 ooibokke en 20 ramme, 200 skaapooije en 20 ramme, 30 wijfie kameele met vulletjes, 40 koeije en 10 bulle, 20 merrie-esels en 10 jonge esels. Nou een man wat soo'n present kan stuur kan nie een arm kerel wees nie, neh? Die broers van Josef het die vee van hulle vader

mot oppas, maar Josef en Benjamin bly by die huis by hulle papa. Partijkeer gaat Josef saam naar die velt waar syn broers die vee oppas, en dan sien hy watter ondeuënde dinge hulle doen en vertel dit aan syn vader; daarom was syn broers kwaat op hom. Daar kom nog by dat Jacob voor Josef die liefste van al syn kinders het, en voor hem een mooi baatje van die mooiste kleure geef om aan te trek, en dit maak hulle nog meer kwaad. En toe Josef op een tijd twee wonderlike droome gedroom het en voor hulle vertel, ah nee! toe kan hulle hem glad nie meer verdra nie. Hoe sondig is et tog om nijdig op mekaar te wees! Maar laat ons hoor wat Josef gedroom het: Hij droom dat hij en syn broers op die oestland was en dat hulle gerwe binde, en dat syn broers hulle gerwe voor syn gerf kom buië. Toe hy dit voor hulle vertel was hulle banja kwaad. En hulle seh: "wat verbeel jy vir jou, sal ons, wat die oudste is voor jou moet buië en voor jou dien?" Naderhant droom hy weer dat die son en maan en elf sterre voor hem buië en die vertel hy ook voor hulle en ook aan syn papa. Jacob weet nie wat hy daarvan mot denk nie en of God miskien nie voor Josef een dag sal grooter maak als syn broers nie. Maar hy seh voor Josef dat hy daarom nie al te banja van hemself mot dink nie. Syn broers haat voor hom nou nog meer as ooit van te vore. Wag, ons sal in die tweede hoofstuk hoor, hoe ver syn broers hulle van die duivel het laat verly. Want die kinders weet toch dat haat en nyd van die duivel kom. 1 Joh. iii:11; 1 Joh. ii:10.

HOOFSTUK II.

JOSEF WORT DOOR SYN BROERS AS EEN SLAAF VERKOOP.

Eens op een tijd gebeur et dat die broers van Josef ver mot trek met die vee om mooi velt te seek. Toe hulle nou al een tijdje lang weg is, wort Jacob nieskierig om te weet hoe dat hulle vaar, en soo stuur hy voor Josef om na hulle te gaan kyk. Jacob weet nie beter nie of hulle was te Sigem, maar toe Josef, daar kom was hulle al weg na Dothan. Arme Josef hy het nog amper verdwaal in die velt, maar gelukkig was daar iemand wat voor hem die pat wys. Toe hulle nou van ver al voor Josef sien aankom, toe seh hulle onder mekaar: "Daar kom die baasdroomer aan. Laat ons hom doodslaan en in een diepe gat gooi en voor pa seh dat hy deur een lieuw of een tier verskeur is." Regte bly dat hy eindlik syn broers gekrij het kom die arme Josef aangestap. Hij weet niks van die plan wat hulle gemaak het nie, en voor hy nog kan praat, pak hulle hom ook soo maar aan. Nes een lam onder die wolwe staan Josef daar onder syn goddeloose broers, en het Ruben die oudste broer nie gepraat nie, dan het hulle Josef soo op die plek doodgeslaan. Ruben seh: "foei tog, hy is tog ons broer, mot nie voor hem vermoor nie, gooi hem tog soor maar lewendig in die gat." (Want sien jij, Ruben wil voor hem stilletjes uitgehaal het!) Hulle luister toe voor Ruben en nadat hulle Josef eers syn mooi baatje uitgetrek het, laat hulle ver hem in een diep gat afsak. Gelukkig was daar nie water in nie, anders kan Josef dalkies nog versuip het.

Nou kan jy self begryp hoe of hy daar gehuil het; hoe of hy gesoebat het om tog daaruit te kom; en hoe of hy syn hande seer gemaak het om teun die kant op te klim — maar hy kan nie uit nie.

Syn broers het voor hulle weinig aan hem gesteur want een klein entje daar van daan gaat hulle lekker sit eet. Hoe verhart was hulle hart tog, nie waar nie kinders? Maar Hij die alles weet en die tot in ons hart kan sien, het ook op de arme Josef neer gesien. Hij sou voor hem sorg, maar die goddeloose broers sou Hij straf. Julle weet ek meen onse liewe Heer!

Onnerwyl hulle nog sit te eet, kom daar een troep Ismaëlitise *) koopmans op kameele voorbij. Toe seh Juda, een van die broers: "Das tog al te erg om ons broer van "honger en dors te laat doot gaan. Laat ons hom liewers "aan die smouse verkoop, dan kry ons nog geld voor hem." Toe seh die ander broers: "Ja dis regte goet." En soo vra hulle aan die koopmans of hulle nie een jong wil koop nie en die seh ja en seh hulle sal 20 silwerlinge (das omtrent £2 10s.) voor hem gee. Die slegte broers was daarmee te vrede en toen haal hulle voor Josef uit die kuil. Josef dink toe dat syn broers hem nou na huis toe sal laat gaan, min weet hy dat hy nou na een ver land moet gaan. Og hoe het Josef tog voor syn broers gesoebat om hem tog nie met die vreemde kerels saam te stuur nie. Maar hoe of hij ook bid en smee, dat baat hem niks nie; hulle hart is te hart, hulle luister nie na hom nie. Ruben was nie daar, toe hulle Josef verkoop het nie, want toe hy naderhand by die kuil kom en sien dat Josef weg is, toe was hij regte bedroef daarom.

Maar wat sal die goddeloose broers nou aan hulle ou vader gaan seh? Luister! Hulle neem een bokkie en slag die en neem Josef syn mooië baatje en smeer et vol met groote bloedplekke en neem dit mee na huis toe en vertel aan hulle ou vader, die al met soo veel verlangste na hulle uitgesien het, dat hulle die baatje in die velt gekrij het, en vra nog al voor hem of dat die altemet Josef syn was nie? Hoe sleg tog! Ja, seh die arme ou Jakob: "das myn "Josef syn baatje, een lieuw of een tier het voor hem "seker verscheur." Syn slegte seuns wil nou nog al ver hom

*) Dat is afstammeling van Ismael, vra maar voor jou meester of voor jou ouwers wie die Ismael was as jij dit nie weet nie.

troos, en seh hy mot tog nie soo treur nie. Hoe geveins heh! Maar hy treur dat syn haar soomaar grys worde, want hy weet nie beter nie of Josef is dood. Ons weet dat hy Josef die liefste van al syn kinders gehat het. Maar laat ek nou meteen voor jou seh hoe dat kom. Dat kom omdat Jakob een vrou gehat het, haar naam was Ragel, en die het hy banja lief, en by haar het hy maar twee kinders gehat Josef en Benjamin. Die ander kinders was nie van Ragel nie maar van een ander vrouë.

En nou was Josef uit die pat. Maar was die slegte broers nou gelukkig? Nee, nee, hulle was onrustig en bang. Want als een mens kwaat doen is hy altyd onrustig en bang. Die kinders sal dit wel by eige ondervinding weet als hulle kwaat gedoen het, hoe naar of hulle was, sonder dat ek noodig het dit voor hulle te seh. Laat ons voor die drie sonde van die goddeloose broers van Josef oppas, dat is voor nyt, haat en leuëntaal. God die alles weet, die alles siet, kan ons ook net soo goed sien as Hy gesien het wat die broers van Josef gedaan het. En nou wat is daar verder van onse Josef geworde? Laat ons dit in die derde hoofstuk sien.

HOOFDSTUK III.

JOSEF IN EGYPTEN IN DIE TRONK.

Die koopmans, wat voor Josef gekoop het, het hem saam geneem na een ver land, die land hiet Egipte, en toe hulle daar kom, weerverkoop aan een rijke man die een hooë offisier was van koning Faro. Die man zijn naam was Potifar. Hij had banja slawe wat op syn landrije werk, en hij koop voor Josef ook as een slaaf. In die begin mot Josef ook saam werk met die ander slawe, maar toe Potifar sien dat alles wat Josef doet soo reg voorspoedig gaan, en hoe gehoorzaam of hij is (want mijn kinders, God het Josef nie verlaat nie al, was hij in een vreemde land), toe sit hij voor Josef as baas oër die ander slawe; ja oër al wat hij het. Hij seh voor Josef: "Josef, "ek sien dat ek op jou kan staat maak en daarom laat ek "mijn heele afaire aan jou oër. Jy zorg voor alles wat "ek het, soo wel binne as buite die huis, jy is mandoor." Nou was et nie meer soo zwaar voor Josef nie, maar tog denk hy nog banja keer aan zijn ou vader en aan Benjamin en op syn ander broers was hy nie kwaad nie, nee! hy was maar jammer dat hulle sulke slechte mense is.

Banja mense, was hulle in die plek van Josef gewees, sal nou lui en lekker gelewe het, maar Josef nie; hy pas regte goet op en God seën syn werk nog banja meer. Ja die Bybel seh "God zegende Potifar om Josefs wil." Maar jy vra miskien, booë aan die hoofstuk staan dat Josef in die tronk was en ek lees dat et met hem soo goet gaan by Potifar? Wag een bietje vrientjes, ons kom daar net nou! Mot nie miskien denk dat hij gesteel het nie, o nee! Banja kinders neem stilletjes wat van hulle ouwers weg en dink dat et nie zonde is nie omdat et hulle ouwers syn goed is. Nee das wel deëntlik zonde, en al sien Pa of Ma

et nie, God siet et tog. Maar Josef het nie gesteel nie en tog is hij in die tronk gekom en heeltemaal onskuldig. Arme Josef! Maar laat ek vertel hoe dit gekom het, want julle is miskien al nieskierig. Let dan nou op!

Die Potifar, wat soo goet voor Josef was, was getrouwt met een banja slechte vrouw, sy was met één woord geseh een goddeloose mens, en omdat Josef ook nie soo sleg wil wees nie as sy selfs was en nie met haar saam wil sondig nie, daarom haat sy Josef en maak voor hem sleg by haar man. Sy seh: "Die jonge slaag wat jy soo banja vertrouwd in stel en wat jy dink dat soo vroom is, doet alderhande slegte dinge as jy nie tuis is nie." En Potifar van plek hij nou eers ondersoek, geloof syn goddeloose wyf en laat voor Josef in die tronk stop. Ja mijn liewe kinders! Zulke slegte mense is daar in die werelt.

Die tronk, og mijn kinders! was een donkere nare plek met dikke mure en yster tralies voor die kleine vensters en yster deure. Daar mos Josef nou sit met kettings en boeje aan hande en voete, en alderhande soort van kwaaddoeners, diewe en moordenaars, was met hem saam opgesluit en das al geselskap wat hij het. En so as jy weet was hy tog soo onskuldig, nie waar nie? Ja mijn kind, jy kan gerus die traan lat val, ek is daar nie kwaad om nie, want ek sien dat jy Josef ook lief het en banja jammer voor hem is. Maar maskie was Josef nou in die tronk, syn konsensie was vry en God sel hem nie vergeet nie. God kan in die tronk ook help. Luister maar verder. Die opsluiter in die tronk wat die sleutels het, die gewaar, wat een sagte en gehoorzame jongkerel die Josef is, en die kry soo jammer voor hem dat hij soo nou en dan syn sware kettings afhaal, en toe hij eindlik sien dat hy hem kan vertrou, geef hij hem die opsig oor die andere kwaaddoenders. Zie jy nou hoe de Heer van die opsluiter van Josef een vrint voor Josef gemaak het? Potifar sal zeker wel soo dan en wan na Josef geverneem het en toe hij hoor dat hij soo braaf oppas, gedink het, dat Josef tog nie

soo sleg was as zijn vrou voor hem vertel nie. Maar hij laat Josef tog nie los nie.

En nou kindertjes eer dat ons met die vierde hoofstuk begin, laat ons voornamentlik één les uit die derde hoofstuk leer en dat is die woorde wat Josef geantwoord het aan Potifar sijn vrou, toe sij wou het dat hij mot sonde doen: *“Hoe, sal ek soo'n groot kwaad doen en teuën God zondig?”* Onthou die woorde goet, en as een ander kind of een ander mens voor jou wil omhaal om zaam sonde te doen, seh dan ook *“Hoe, sal ek soo'n groot kwaad doen en teuën God sondig? NEE!* Maskie wort hulle kwaad as jy nie wil zaam doen nie, das niks nie. Beter die mens kwaat op jou as onse liewe Heer (Matth. X:28). En nou laat ons kijk hoe dat verder met onse vriend Josef gegaan het.

HOOFSTUK IV.

DIE SKINKER EN DIE BAKKER VAN KONING FARO.

Eens op een tijd, terwyl Josef nog in die tronk is, kom die oërste daar, en bring twee manne en seh dat Josef hulle mot oppas. Die twee manne was dienaars van Faro — soo'n koning het altijd banja dienaars. Een van die manne was de oërste van de skinkers van Faro. Hij was die man wat altijd voor die koning in zyn gouë beker mot wijn skenk as hij wil drink. Die ander was die oërste van die Bakkers. Hij mos zorg voor al die lekker kos van die Koning. Die koning was kwaad op hulle omdat hulle hem vererg het en daarom was hulle in die tronk gegooi. Een oggent vroe, toe Josef by hulle kom, sien hy, dat hulle regte bedroef daaruit sien, en hy vra voor hulle: "Waarom is julle dan zoo bedroef?" En daarop seh hulle: "omdat ons van nag soo wonderlik gedroom het, en daar is geen mens wat voor ons die droome kan uitleh nie." Toe seh Josef: "vertel tog voor myn wat julle gedroom het en ek sal voor julle seh wat die droome beteeken." God sou voor Josef leer om die droome uit te leh. Denk myn kinders nog aan die droome wat Josef gedroom het, toe hy nog by zyn huis was? Toe begin die skinker te vertel en seh: "Ek het gedroom dat ek een wingerstok sien. "Die wingertstok het drie lote wat begin te bot, en daar kom klein druiwe korrels an, en die korrels wort rijp. "Toe pluk ek die druiwe af en druk dit uit met myn hand "in die beker van Faro en ek gee die beker aan Faro soo "as ek gewent was voor dat ek in die tronk gekom het."

Toe Josef die droom gehoor het seh hy voor die skinker. "Jy het drie lote gezien, die drie lote beteeken drie "daë, oër drie daë sal die koning jou uit die tronk laat "haal en jy sal weer syn skinker wees. Maar as jy uit "kom praat tog mooi met die koning, dat ek ook uit die

“tronk kom. Ek is soo onskuldig hier in gekom. Ek is een “arme kereltje wat hulle uit die land Kanaan gesteel en “voor een slaaf na Egypte verkoop het. Denk dan tog “om myn!” Toe die Bakker gehoor het wat die droom van die skinker beduië, toe kry hy ook moed, want hy denk die koning zal tog nie voor myn alleen agter laat bly nie en hy vertel toe ook syn droom aan Josef. Hy seh: “Ek het “gedroom, dat ek drie mandjes op myn kop dra, die een “boo op die ander. In die mandjes was allerhande soort “van lekker kos in, soo as ik gewent was om voor die “koning te bak. En toe ek soo loop kom die voëls en vreet “van alles in die mandjes is.” Die arme bakker, hy dink, dat Josef sal seh “oër drie daë sal die koning voor jou “laat haal om weer syn bakker te wees.” Maar hoe skrik hy nie toe Josef seh: “Die drie mandjes beteeken ook drie “daë, oër drie daë zal die koning jou laat haal en voor jou “laat ophang aan een hout en die voels sal kom en die “vlees van jou lyf afpik.” Nes Josef geseh het is dit ook gebeur. Want drie daë daarna verjaar die koning Faro en maak hij een groote eetmaal voor zyn dienaars, en toe denk hy aan syn twee knegs wat in die tronk is. Toe seh hy: “Die skinker kan weer kom om voor myn te dien, maar die bakker mot opgehang word.”

Nou sal die kinders miskien denk dat die skinker met die koning mooi gepraat het voor Josef neh? Og nee! Die Bybel seh dat die skinker voor Josef vergeet het en nie meer om hem gedenk het nie. Was dat nie banja sleg nie? As een mens voor ons goed gedoen het dan is het dubbelt ons plig om voor hem weer goed te doen. Maar al het almal ook voor Josef vergeet, God het Josef nie vergeet nie. Hy sal voor hem zorg. Laat ons dit maar zien in die vyfde hoofstuk.

HOOFSTUK V.

JOSEF KOM UIT DIE TRONK EN WORT ONDER- KONING VAN EGYPTE.

Nadat twee jaar voorbij was soo staat in die Bijbel, gebeur et op een seker nag dat die Koning Faro twee wonderlike droome droom. Hoor nou wat hij gedroom het: Hij droom dat hy by die ravier staan, en dat daar seuwe fraaje vette koeije uit die ravier opkom en begin te wei in die gras. Daarna kom seuwe andere leelike maëre koeije uit die ravier, en loop toe en vreet die vet koeije op. Maar nadat hulle die vet koeije opgevreet het, bly hulle tog maar net soo dun en maër as van te vore. Toe skrik hy wakker. Maar et duur nie lang nie of Faro val weer in die slaap en hy begin weer te droom. Hy droom dat hy een stoel koring sien met seuwe are; die are was vet en goed. Maar toen sien hy weer een ander stoel koring met seuwe roes are, sleg en dun. En toe eet die sleg are die goeje op. Faro was te danig onrustig oër die droome, en hy wens banja graag te weet wat hulle beteeken. Daarom laat hy al die slimste manne van syn land roep om die droome uit te leh, maar geen een van hulle was in staat om dit te doen nie. Toe sal die skinker eers aan Josef dink. Hy seh voor Faro: "O koning! van dag dink ek aan myn sonde. Die koning weet nog dat ek en die bakker in die "tronk was, toe die koning kwaad voor ons was. Toe ons "daar was het ons ook een nag soo snaak's gedroom, en "daar was een Hebreese jongkerel wat voor ons onse "droome uitgeleh het; en das ook net soo uitgekome as hy "geseh het. Ek is weer de koning zyn skenker geword, en "die bakker is opgehang."

Toe Faro dat hoor seh hy dat die kereltje daadlik uit die tronk mot gehaal en by hem gebreng wort. Soo van die plek af wort daar een booskap na die tronk gestuur dat die koning voor Josef laat roep. Og hoe sal Josef syn

hart nie geklop het nie toe hy dit hoor. Daadlik wort syn baard geskeer (want hy was nou nie meer soo klein nie), en kry hy skoone kleere om aan te trek. Eindlik dan het God syn gebed verhoor, want o hoe banja keer het hy tog nie gebid nie om uit die nare plek uit te kom nie. Maar die Heere weet wanneer et zyn tyd is, kinders! soo as julle sal hoor. Hoe vrolik was nie die gezig van huise en boome nie voor die arme Josef, die soo lang opgesluit was binne die hooë mure, toe hy weer in die vrije lug kom. Maar laat ons aangaan. Toe Josef nou by Faro binne gebring wort, seh die koning ver hem: "Ek het "gehoor dat jy verstand het om droome uit te leh." Maar Josef seh toe: "Nee, uit mijnselk kan ek dit nie, maar "myn God in die hemel weet alle dinge en Hy kan voor "myn leer wat die droome beteeken." Toen vertel die koning sijn twee droome van die koeije en die koring-are aan Josef. En Josef seh: "Die koning het wel twee droome "gedroom, maar hulle beteeke al twee eenders. God "het die koning twee maal laat droom, omdat die droome "seker sal uitkom. Die seuwe vette koeije en die seuwe "vette koringare beteeke seuwe jare van groot over- "vloed. Ja die seuwe jare sal daar oeste gemaak wort "soo as nog nooit in Egypte gebeur is nie. Daar sal meer "koring wees as die mense noodig het. Maar die seuwe "maëre koeije en die seuwe sleg are beteeke seuwe jare "van groote skaarsheid. Daar sal in die jare geen oes wees "nie en as daar nie voor koring gesorg word nie sal die "mense van honger mot sterwe. God het voor koning Faro "soo laat droom, om voor die koning te laat weet wat sal "gebeur. As die koning nou van mijn een goeije raad wil "aanneem, dan mot die koning wijs manne aanstel om "in die seuwe jare van owervloed, soo veel koring as "moëntlik is op te koop en te berge in pakhuise, soo dat "die volk van Egypte in die seuwe sleg jare nie van "honger sterf."

Faro was banja blij om te hoor wat sijn droome beteeke. Hij gewaar ook dat Josef verstandig is, daarom seh hij: "Daar is niemand wat soo bekwaam as jij is nie,

“Josef! om die koring in te samel. Daarom is jij van nou “onderkoning in Egypte. Geen mens is hooër as jij — “net ek maar.” En hij seh aan sijn volk dat hulle almaal voor Josef mot luister en gehoorzaam wees. Toe gee hij voor Josef een gouë ring aan sijn hand en een gouë ketting om sijn nek en pragtige kleere om te dra en een fraaije koets om in te rij. En as Josef uitgaan mot elkeen voor hem op de knie val. Wat seh mijn kinders nou! Onderkoning van Egypte is een beetje anders as een arme slaaf in die tronk, neh? Is julle nie blij dat onse Josef soo verhoog is nie? Maar, nou wil hij ook nie lui wees nie, ah nee! Hij was regte iewerig. Hij versamel soo banja koring dat hulle naderhand moet ophou om te tel! Want nes Josef geseh het was daar in die seuwe vrugbare jare so banja koring dat die mense daar nie raad mee weet nie. Maar Josef weet goed raad. Oëral deur die land van Egypte laat hij die koring berg, want hij weet wat nog kom.

Faro het ook voor Josef een ander naam gegee Zafnath Paanéah, dat beteeken: “verlosser of uitlegger van verborgenheid.” Maar ons sal maar voor hem Josef blij noem, das makkeliker as die ander naam. En buitendien die naam van Josef het ons ook al soo lief gekrei, nie waar nie kinders? Josef is ook getrout in Egypte, sijn vrou haar naam was Asnath en Josef het twee seuntjes gekrij en die noem hij Manassa en Efraim.

Al was Josef nou soo goed af in Egypte tog denk hij nog banja keer aan sijn famielje wat in Kanaän is, das tog seker. Nou weet hij waarom God hem soo banja het laat uitstaan en waarom hij na Egypte verkoop is. Om te sorg voor koring in die skaarse tijt. Nou was alles voor hem duidelik. En soo sal et met ons ook gaan. Nou loop alles ons partijkeer teun in die wereld, maar God die alleen wijs is, weet die beste wat voor ons goed is. Eén dag sal ons ook te wete kom waarom dat dit zoo was. Ons mot maar op God vertrouw. Dit het Josef gedaan en hij is nie beskaamt uitgekome nie.

Wie op die hooë God vertrou

Het seker op geen sant gebou.

Die kinders het soo ver geluister en daarom sal hulle ook wel blij wees om te hoor dat Josef tijding van sijn famielje gekrei het. En nou kom die mooiste part van die geskiedenis nog maar eers aan. Daarom moet julle nou goed oplet hor!

HOOFSTUK VI.

JOSEF ZIJN TIEN BROERS KOM KORING KOOP IN EGYPTÉ.

Die tijd gaat altijd vort. Soo ook met die seuwe goeije jare. Toe die voorbij is kom die seuwe sleg jare aan. Daar groei nie koring nie en daar was gevaar dat die mense van Egypte sal honger lij. Almal gaat toe na die koning en seh: "Ons het niks meer om te eet nie, gee voor ons brood, anders gaat ons dood." Die koning zijn antwoord was: "Gaat maar na Josef, hij kan voor julle help." Ja en hij kan ook help, want hij het goet gesorg in die tijd van oervloed. Tot van vreemde lande toe kom die mense koring zoek, maar das niks nie, Josef het genog.

Een dag kom daar tien manne aan, ook om koring. Hulle kom met esels, en sakke om die koring in te gooi en dan op die esels te laai — hulle was broers. Wie was hulle tog? Josef sijn eige broers, net maar Benjamin was tuis geblij om Jakob geselskap te hou. Net soo as Josef hulle sien ken hij hulle ook soo maar van die plek af. Maar hulle ken nie meer voor hom nie; hij was banja verandert en dit was ook al soo lang dat hulle hem voor slaaf verkoop het en dan kan hulle ook nie denk dat hij soo'n groot en rijk heer is nie. Had Josef nou lus gehad om voor hulle te straf dan had hij dit nou mooi kan doen. Maar nee, hij wil voor hulle liever goed doen. Tog denk hij, ek sal voor hulle op die proef stel om te kijk of hulle nog soo sleg is as toe hulle voor mijn verkoop het. Die broers kom toe en buig diep voor Josef neer. Hij het toe seker wel aan sijn droom van die koringgerwe gedink wat voor sijn gerf kom buië. Josef maak nets hij voor hulle nie ken nie en praat regte onvrindlik teun hulle en seh: "Wat maak julle hier, waar kom julle van daan?" Toe seh hulle: "Ons kom van Kanaän om koring te koop." Josef seh toe: "Das nie waar nie, julle is spioene en julle

“kom net maar kijk waar die beste plek is, om in die land “in te val, om naderhand met ons oorlog te maak.” “Og “nee, mijn liewe meneer,” seh hulle toe, “ons is almal “broers, ons is eerlike mense, ons kom maar net om brood “te koop.” Toe vertel hulle verder aan Josef, dat hulle eers met hulle twaalf broers was, maar dat een dood is en een bij hulle ou vader gebly het. Toe seh Josef: “Nou goed, “ek sal sien of dit waar is wat julle voor mijn vertel. Een “van julle kan na julle land terug gaan om julle ander “broer te haal en die andere gaat soo lang na die tronk “tot dat hij kom.”

Die broers het regte banja geschrik, toe hulle die woorde hoor. Hulle weet goed, dat Jakob voor Benjamin nooit sal laat saam gaan nie. En toe hulle nou regtig na die tronk gaan toe skrik hulle nog meer. Drie daë laat Josef voor hulle in die tronk sit en toe kom hij zelf bij hulle en seh: “Wee julle wat ek sal doen, ek sal voor “julle na huis laat gaan, maar een mot hier blij tot dat “julle weer kom en julle jongste broer saam bring. Maar “as julle hem niet bring nie, dan gloo ek niks van alles wat “julle mijn vertel het nie.” .Hulle was toe blij, dat hulle kan gaan, maar, dat was tog banja naar om een agter te laat blij. Toe praat hulle soo onder mekaar en seh: “Das „God, wat ons nou straf, omdat ons soo onbarmhartig met „Josef gehandel het toe ons hem as een slaaf verkoop het.” Toe seh Ruben: „Ek het voor julle geseh, laat Josef staan, “maar julle het nie wil hoor nie.” Toe Josef zijn broers soo hoor praat, kan hij sijn trane nie inhou nie, maar hij gaat op sij om te huil. Hij was blij om te sien, dat sijn broers nou nie meer soo sleg was nie, en dat hulle spijt het van hulle zonde. Zijn broers weet nie dat hij hulle kan verstaan nie, want as hij met hulle praat dan praat hij die Egyptise taal en daar is een tolk om voor hulle weer oer te tolk. Toe hij nou uitgehuil het kom hij weer en laat voor Simeon vasmaak om gevange te blij in Egypte, die ander kan nou maar op reis gaan na Kanaän.

Voor hulle weggaan het Josef aan een van zijn knegs geseh, dat hy hulle zakke moet vol maak met koring en

die geld wat hulle gebreng het om koring te koop weer booë in elk een van zijn zak moet sit, en patkos ver hulle moet gee. Maar die broers van Josef weet daar niks van nie. Toe hulle nou langs die pat afsaal en hulle sakke oopmaak toe krij ijdereen sijn geld weer in sijn sak. Hulle was verstom daaroer en met eens bang ook, want hulle dink dat iemand dit miskien met een sleg oogmerk gedaan het, om te laat skijn nes of hulle diewe was, die hulle geld wat hulle voor die koring betaal het, weer gesteel het.

Eindelik kom hulle dan tuis. Og hoe het die ou Jacob al na sijn kinders uitgekijk. Hulle vertel toe voor hem alles wat met hulle gebeur is. "In Egypte soo seh hulle, "het ons een groote en rijke heer gesien, bij hem mot "ijdereen kom wat wil koring koop. Hij het ons regte "buffelachtig behandel en wil maar nie geloo nie dat ons "eerlike mense is. Hij seh ons is spioene, wat na die beste "kans kom kijk om in die land te val om dan naderhand "oorlog te maak. Daarom het hij Simeon daar gehou en "seh as ons weer wil koring heh, of voor Simeon kom haal, "dan mot ons Benjamin saam breng, dan sal hij eers gloo „dat ons fatsoenlike mense is." Die arme ou Jacob was regte bedroef en verslae toe hij dit hoor. "Nee" seh hij: "Josef is dood en Simeon is weg, ek laat soo nooit voor "Benjamin gaan nie, want hy sal ook een ongeluk krij, "Ek et tog banja swaar in die wereld, alles loop mij "teue." Sal dit nou goed gewees het van Jakob om soo te kla? Wat denk mijn kinders?

Ek denk nee, want die Heere het al soo banja keer voor Jakob gehelp en sal hem tog wel weer gehelp het. Maar syn droefheid was daarom tog banja groot. Hij het daarom tog naderhand voor Benjamin laat saam gaan. Maar das voor die ander hoofstuk waar ons sal lees van.

HOOFSTUK VII.

DIE TWEEDE TOG VAN DIE BROERS VAN JOSEF.

Waar van af gaan en nie by kom nie, dat wort minder. Soo ook met die koning wat die seuns van Jacob van Egipte gebreng het. Daar was banja monde wat mot oopgehou worde, want die seuns het ook vroue en kinders. En dit duur nie lang nie of die koring was op-a-la!

Toe seh Jakob: "Wat kijk julle nou ver mekaar an, "in Egipte is mos koring, loop haal weer." "Ja seh hulle, "as Benjamin saam gaan, dan sal ons gaan, maar sonder "hem durf ons nie by die heer in Egipte kom nie." Toe seh Jacob: "Maar waarom het julle dan soo stom gewerk "om voor hem te vertel dat julle nog een broer tuis het." "Hij het ons zoo uitgevra," seh hulle, "en wie het dan "kan dink dat hy sal seh ons mot die broer saam bring?" Een van die seuns van Jakob, Juda, hou die meeste aan dat Jakob tog maar voor Benjamin mot saam stuur. Hij seh: "Pa, ek sal voor hem sorge en as daar iets met hem "gebeur neem ek al die skult op mijn. Laat ons tog maar "gaan, anders gaat ons almal nog dood van honger." Toe Jakob nou sien dat daar niks anders op staan nie, toe seh hy dat Benjamin dan maar mot gaan. Maar hy was bang dat die heer in Egipte sal kwaad wees dat hulle die andermaal hulle geld weer terug gebring het. Daarom seh hy dat syn seuns voor die man een present mot saam neem. Das waar, daar was wel geen koring in Kanaän, maar daar was tog nog vrugte. Daarom seh hij: "Neem "wat heuning en amandels, ook wat balsem en mirre en "specerije (das reukgoed) voor hem saam as een persent. "Ook mot julle weer ander geld saam neem buiten die "geld wat julle in julle sakke gekry het, om koring te "koop." Jakob was banja verdrietig toe Benjamin sal weggaan, en hy bid tot God dat syn kinders voorspoedig

mag wees op hulle tog, en dat Simeon en Benjamin gesond mag terug kom met die ander. Toe neem hulle afskeid en gaat met hulle esels weer na Egipte. Braa bang ook maar, dat hulle as diewe sal gepak word as hulle daar kom.

Toe hulle nou in Egipte aankom gaat hulle soo daadlik na die plek waar Josef besig was om koring te verkoop. Soo as Josef hulle sien, merk hy ook soo maar dat Benjamin by hulle is. Hy was daar banja bly oer, maar hy laat daar niks van merk nie, want hulle mag nog nie weet dat hy die ryke heer in Egipte is nie. Toe seh hy aan een van syn knegs dat hy die manne na syn huis mot bring en een groote eetmaal klaar moet maak, want hulle sal by hem eet. Die broers weet nie waarom hulle na die ryke heer syn huis gebring word nie, daarom was hulle bang dat hulle dalkies weer na die tronk sal moet gaan. Daarom seh hulle voor die kneg wat hulle wegbring: "Og meneer! ons is eerlike mense, ons het nie die "geld gesteel nie, ons het dit in onse sakke gekry toe ons "naar huis gegaan het. Ons het al die geld weer gebring "en nog ander geld om koring te koop." Die kneg seh toe ver hulle hulle mot daar nie bang oer wees nie, want die geld van die koring, wat hulle die andermaal gekoop het, is daarom reg gewees. Hulle merk toe ook gou dat hulle nie naar een tronk maar na een fraaje huis gaan. Hulle was maar soo kort daar of daar kom Simeon ook ingestap. Hulle sal wel banja blij gewees het om mekaar weer te sien. Dit duur toe nog een rukkie voor dat Josef self kom. In die tijd gee die kneg hulle water om te was en voer ver hulle esels; en hulle maak zoo lank die persente klaar voor die ryke heer. Die middag kom Josef tuis en gee syn broers hem die persente, en buië voor hem weer nes hulle gerwe voor syn gerf in syn droom. Josef vra toe regte vrindlik of hulle vader nog fris is, — hij was nieskierig om dat te weet. Hulle seh: "Ja hij is nog gesond." En toe hij voor Benjamin sien, vra hij: "Is dat julle jongste broer?" Toe seh Josef ver hom: "Myn seun, mag God jou genadig wees en jou seën." Toe skiet syn

gemoed vol, daarom gaat hij in een ander kamer. Toe hy daar uitgehuil het en syn gesig gewas het soo dat geen mens et sal merk nie, kom hij weer in die eetkamer en seh voor sijn knegs: "Breng nou die kos maar op tafel." Daar was drie tafels gedek. Een voor Josef alleen, een voor sijn broers, en nog een voor zyn knegs, want die Egyptenaars hulle geloof was nou soo dat hulle nie met die Hebreëen mag saam eet nie. Josef wijs toe voor sijn broers hulle sitplek; hij begin van die oudste af tot hy bij die jongste kom. Nou kan jy nagaan hoe verstom hulle was toe hulle dit sien. Want hoe die vreemde heer in Egypte hulle ouderdom soo netjes weet, kan hulle tog maar nie uitmaak nie. Ons weet neh? Dat hulle lekker ge-eet het kan jy maar voor myn gloo, en dat daar kos genug was ook. Voor Benjamin wort vyf maal soo veel opgeskep as voor die andere. Josef was bly om al sijn broers by hem te heh, vooral Benjamin. Julle weet dat Benjamin sijn eige broer was, hulle was van één moeder. Die andere was maar halve broers van Josef. Dink myn kinders nog hoe lekker die broers ook een dag in die veld van Dothan het sit eet, toe Josef daar in die kuil leh, en hulle voor hem niks gee nie. Hy maak nou een bietje anders met hulle. Ja, kinders, die Heere Jezus, toe Hy op aarde was, het ook sijn vyande vergewe en nog voor sijn moordenaars gebit. Ons mot ook vergewe en vergeet as een ander voor ons kwaad doen en nooit haatdraend wees nie (Colos. iii:13). En nou die agste hoofstuk.

HOOFSTUK VIII.

JOSEF STEL ZYN BROERS NOG EENMAAL OP DIE PROEF EN VERTEL HULLE DAT HY JOSEF IS.

Soo as ons in die voorge hoofstuk het gezien, het die broers van Josef een lekker dag bij hem doorgebring. Die ander dag sal hulle vertrek. Josef seh toe aan syn kneg: "Maak die sakke van die mense vol met koring. Steek die "geld ook weer in die sakke en neem mijn sulwere drinkbeker en leg hem in die sak van die jongste." Die broers weet daar niks van nie, Josef laat dit stilletjes doen. Toe nou alles klaar was, pak hulle die koring op die ezels om weer na Kanaän te gaan, want Jakob sal onrustig wort as hulle langer versuim.

Hulle sal wel bly gewees het dat alles soo goed in Egypte was afgeloop, en dat Simeon ook kan saam gaan. Maar hulle was nog maar een kleine entje van die stad af, waar Josef woon, toe hulle sien dat een agter hulle jaag dat die stof soo staan. Dit was Josef syn kneg. Toe hy by hulle kom, seh hy: "Waarom het julle soo sleg "gehandel, waarom het julle mijn meneer syn sulwere "drinkbeker gesteel, nes skelme; is dat die dankie wat hij "kry?" Toe die broers dat hoor, was hulle soo maar lam van skrik en hulle seh: "Foei meneer! Hoe kan jy soo "praat? ons is nie skelme nie. Het ons nie die geld wat "die andermaal in onse sakke was weer gebring nie. As "een van ons die beker het dan wil ons almal slawe wort "van die heer in Egypte en die dief kan dood gemaakt "wort." Toe set hulle hulle zakke op die grond en die kneg begin te vissenteer van die eerste tot die laatste. Toe hy by Benjamin syn sak kom, og ja daar kom die beker uit. Toe wil die kneg voor Benjamin as een slaaf saam neem, omdat hy die beker gesteel het (ons weet hoe die beker eiëntlik in die sak kom) die ander kan maar na huis gaan.

Maar sonder Benjamin durf hulle nie by Jakob kom nie. Daarom pak hulle die sakke weer op en gaat met die kneg van Josef terug na Josef syn huis. Hy staat ook al voor hulle te wag al. "Hoe durf julle soo maak?" seh Josef, net soo as hulle daar kom. "Denk julle dat een man soo as ek dat nie sal uitvind nie?" Toe praat Juda (ons weet dat hy voor Jakob belooft het om goed voor Benjamin te zorg) en hy seh: "Og meneer, ons weet nie wat ons sal "seh nie. Dis een straf voor onse sonde. Ons mot maar "te vrede wees om almal meneer syn slawe te worde." "Nee," seh Josef, "dis onnoodig. Net maar hy wat die "beker gesteel het mot myn slaaf wort, die andere kan "maar na huis toe gaan." Josef seh soo om hulle te beproef en om te sien of hulle voor Benjamin lief het en of hulle hem as een slaaf sal laat agterbly. Toe begin Juda te soebat: "Og meneer mot tog nie kwaad wort nie dat ek "nog een woordje wil seh. Toe ons die eerste maal kom "koring koop het, toe vra meneer ons of ons nog een vader "en een broer het. Ons seh toe ja, en dat ons vader regte "banja van die jongste seun hou. Toe seh meneer dat ons "die jongste broer mot saam bring, maar ons seh toe dat "pa voor hem volstrek nie soo ver sal laat gaan nie. Maar "meneer hou toe aan dat ons hem mot bring. Toe nou ons "koring op was, toe seh pa ons mot weer gaan haal. Maar "toe ons seh, hy mot voor Benjamin laat saam gaan, seh "hy: "Nee, één kind van mijn is al deur een wilde dier " "verskeur en as ek voor Benjamin laat gaan dan gebeur " "dalk met hem ook een ongeluk en dan sterf ek seker " "van verdriet." Toe het ek by pa borg gestaan en belooft "dat ek voor hem zal sorg, en soo het ons die ou man "eindelik oorgehaal om Benjamin te laat gaan, en kom ons "nou sonder hem terug, dan gaat ons maar net om ons ou "vader van verdriet te sien sterwe. Daarom met een "woord van assieblief meneer, laat ek tog maar bly as een "slaaf en laat ons broer tog maar met myn ander broers "weer na huis toe gaan." Die Juda, heh, hoe mooi praat hy, das tog goed van hem. Die broers was nou nie meer soo sleg as die tyd toe hulle voor Josef verkoop het nie!

Toe Josef hoor hoe Juda voor hem soebat om Benjamin tog maar te laat gaan, toe kan hy nie meer nie. Hy seh aan syn knegs: "Gaat almal weg uit die kamer." En toe bars hy uit van die huil, ja hy huil soo hart dat die mense et buite kan hoor en hij seh: "Ek is Josef, leef myn papa nog?" Nou kan myn kinders nagaan hoe verstom of die broers was. Hulle kan geen woord praat nie. Josef sien toe dat hulle bang voor hem is om al die kwaad wat hulle aan hem gedaan het. Daarom seh hy: "Kom tog digter "by myn, ek is Josef, julle eige broer wat julle na Egipte "geverkoop het. Maar daarom hoef julle nie meer bang "te wees nie. God het voor myn hierna toe laat kom om "te sorg voor koring in die hongersnood. Julle mot almaal "by myn kom woon, ons ou vader ook en al julle kinder- "tjes. Kyk tog reg voor myn aan en jy sal sien dat "ek Josef is. Gaat seh nou voor papa dat syn Josef nog "leef, en vertel hem hoe ryk dat ek is, soo dat ek voor "julle almal kan sorg so lang die hongersnood nog "duur." Toe val hy om Benjamin syn nek en soen ver hem, en hulle huil al twee. Toe soen hy ook voor al syn broers. Toe sien hulle dat hy dit alles vergewe en vergete het hoe hulle voor hem behandeld het. Nou was hulle nog meer jammer om al die kwaad wat hulle aan hem gedaan het. — Die Heere Jezus vergeef ons ook as Hy sien dat ons berou het van onse sonde en ons om vergif- fenis bid. Dat weet myn kinders tog, nie waar nie? En laat ons nou sien in die neënde hoofstuk hoedat:

HOOFSTUK IX.

JAKOB HOOR DAT SYN JOSEF NOG LEEF EN KOM IN EGYPTE WOON.

Nuus gaat so gau as die wind, seh die spreekwoord, en das waar ook. Die nuus dat Josef syn broers gekom het was ook gau in Egipte bekend. Josef vertel niks nie van die kwaad wat hulle aan hem gedaan het nie, hy laat maar alleen sien hoe bly of hy is dat syn vader nog leef en hoe lief hy hulle almal het. Die koning Faro was ook regte bly. Hy seh: Josef, jy mot jou ou vader laat haal en jou broers met hulle huissouwens mot almal by ons in Egipteland kry om in te woon. Josef sorg toe voor waens om syn vader en die huissouwens van syn broers te lat haal en hy gee ver hulle groot presente, soo as mooi kleere en geld, esels om alderhande kos voor syn vader te dra.

Soo trek hulle dan van Egipte weg na Kanaän. Jakob het al banje na syn kinders uitgekyk toe hulle een bietje lang wegblij. Hy was ook bang dat daar iets met Benjamin gebeur is. Maar daar kom syn kinders tog eindelik aan en dat met die blyje booskap: "Josef leef nog en hy "is die groote heer wat koring verkoop in Egipte en wat "oer die land regeer." Jakob kan dit onmoentlik gloo, want Josef is mos al soo lang dood, en hoe kan hy dan die ryke heer in Egipte wees? Maar toe hulle vertel op watte manier Josef hulle bekend is geworde, en voor hom die waens wys wat Josef gestuur het om voor hem af te haal, toe kan hy nie anders, maar hy mot gloo. Toe seh hy: "Dis genoeg, myn Josef leef nog. Ek sal voor hem "gaan kyk en dan kan ek te vrede sterwe."

Daar het nog een heele tydje mee omgegaan voor dat alles klaar is voor die groote tog na Egipte. Die vee mot almal by mekaar gemaak en vooruit gestuur en alles mot

ingepak worde. Eindlik gaat die optog langsaam vort. Die ou Jakob en de kleine kinders ry op die waens, party op esels, en party loop te voet. Jakob was soo dankbaar ver God, dat toe hy uit Kanaän gaan, toe bou hy een altaar en offer offerande daarop soo as hy in vroer dae meer gedaan het. In die nag verskyn die Heere aan hem en seh: "Jakob, ek ben de God van Isak jou vader en ook "jou God wat altyd voor jou gesorge het. Gaat maar gerus "na Egypte, want Ek sal ook daar met jou wees om jou "te seen. As jy sterwe sal jou liewe seun Josef jou ooe "toedruk, en naderhand sal jou kinders en kleinkinders "een banja groote volk worde." Toe was die ou Jakob vertroos, want nou weet hy dat God nog syn vrind is die met hem sel saam gaan.

Na een voorspoedige en aangename reis kom die heele geselskap eindlik in Egypte. Jakob syn kinders en kleinders was ses-en-sestig, buite nog die vrouwe van syn seuns. Toe hulle nou aangekom het gaan Juda vooruit om voor Josef te seh dat hulle gekom het. Josef laat soo daadlik syn mooi koets inspan om Jakob in die gemoet te ry. Soo as hy by hem kom, spring hij uit syn koets en loop na syn papa, (die ou man was al styf van ouderdom) en hy val om syn nek, en lang huil die twee voor. hulle een woord kan praat. Weet myn kinders nog wanneer Josef de laaste keer syn papa gesoen het? Dit was toe hy met syn mooi baatje aan gestuur wort om naar syn broers te gaan kyk, en om te vra hoe hulle vaar. Die eerste wat Jakob kan praat was dit: "Josef! nou kan ek getroos gaan sterwe, want ek het jou tog nog weer gesien, myn kind. Og hoe banje verdriet het die arme Jakob nie in die tyd gehad nie, en nou was syn Josef, die hy al soo lang gedink het dat dood was, en waarom hy soo banje keer gehuil het, weer in syn arms.

Toe Josef hulle almal gegroet en verwelkom het, gaat hy om voor koning Faro te seh dat syn papa en famielje gekom het. Toe neem hy vyf van syn broers en bring hulle by die koning. Toe vra Faro: "Wat is julle ambag?" Hulle seh toe: "Ons is veeboere wat in Kanaän woon,

“maar daar is geen gras voor ons vee nie en daarom “versoek ons die koning met een woord van assieblief dat “hij voor ons wil toelaat om in Gosen te woon.” Toe seh Faro aan Josef: “Jy kan die beste deel van die land “uitsoek en aan jou familje gee om te woon. As hulle “wil kan hulle in Gosen woon, en is daar onder hulle “knappe veeboere. laat hulle dan ook meteens voor myn “vee zorg.” Toe bring Josef syn ou vader by Faro. (In die ou tyd had die mense groote respek voor ou mense, wat nou maar al te banja versuim wort. (Lev. xix:32). Faro behandel Jakob ook regte eerbiedig. Myn kinders mot tog ook altyd ou mense met agting behandel! Toe Jakob by Faro kom, hou hy syn hande booe die koning zyn hoof en bid dat God hem mag segen. Jakob was soo dankbaar aan Faro voor al die goed wat hy aan syn Josef gedaan het. Die koning vra toe: “Jakob, hoe oud is jy al?” Toe seh Jakob: “Honderd-en-dertig jaar; maar das nie soo oud “as myn voorouwers geworde is nie. En al lyk dit een “lange lewe, die tyd is tog maar kort gewees en vol van “verdriet.” Toe seen Jakob die koning weer.

Jakob en syn kinders gaat toe in Gosen woon. Josef woon nie by hulle nie, want Faro kan hem nie mis nie; maar myn kinders kan wel denk dat hy banja keer naar zyn papa gaan kuijer het. Seuventien jaar het Jakob nog in Egipte gelewe. Eindlik wort hy siek en hy weet dat hy sal dood gaan. Daarom laat hy voor Josef en al syn andere seuns roep om hulle voor syn dood nog te seen. Hy seen ook die twee seuns van Josef, Manasse en Efraim. Toe mot syn kinders beloof om hem nie in Egipte te begrawe nie, maar in Kanaän, by Abraham en Sara syn grootouwers en by Isak en Rebekka syn papa en mama, want waar hulle begrawe is daar het Jakob ook syn Lea begrawe.

Jakob het nog banja op syn doodbed gepraat. Hy seh hy wag op die saligheid van die hemel waar hy naar toe gaan na syn dood. Hy het ook geseh dat die Heere Jesus Christus in die wereld sal kom om voor sondaars gekruis te worde. En soo is syn siel na syn God gegaan. Syn

kinders het syn liggaam in Kanaän, waar die famielje grafte was, begrawe. Ja kinders! soo'n groote lykstaasie het ons seker nog nooit gesien nie; want die halwe Egypteland syn mense het saam gegaan uit agting voor Jakob en Josef.

Toe hulle nou weer in Egypteland terug kom van die begraffenis, toe kry die broers van Josef een slegte gedagte en hulle she onder mekaar: "Josef was wel soo goed voor ons soo lang as papa nog geleef het en het nie voor hem wil verdriet aandoen nie, maar nou die ou man dood is nou sal hy ons nog straf voor al die kwaad wat ons aan hem gedoen het." Toe Josef hoor watter slegte gedagte syn broers van hem maak, toe was hy daar regte bedroef oer. Nee dat sal hy nooit doen nie; hy het hulle al soo lang vergewe. Daarom seh hy: "Mot nie bang wees nie; julle het wel kwaad teu my gedenk maar God het uit die kwaad goed laat kom. God het voor myn hierna toe laat kom om voor koring te zorge in die hongersnood. Ek sal voor julle net soo goed sorge as toe papa nog geleef het." En Josef het syn woord gehou ook. Tot syn dood toe het hy voor syn famielje gezorge. Hy was honderd-en-tien jaar oud toe hy gesterwe het, en syn siel is ook na die hemel gegaan. Voor dat hy gesterwe het, het hy voorseh dat syn famielje nog een maal sal terug gaan na Kanaän om die land as hulle eigendom te besit, en geseh dat syn beenders mot saam geneem wort om ook daar begrawe te wort.

En nou is die geskiedenis van Josef klaar, maar voor ek uitsky met schrywe, wil ek nog een woord aan myn Afirkaanse vrindjes seh tot

BESLUIT.

Myn kinders mot nou nie alleen seh nie die geskiedenis van Josef was regte mooi en ons het hem soo goed kan verstaan, omdat hy in onse eige taal geskrywe is nie, maar julle mot ook net zulke goeie mense worde as Josef. Julle mot ook vergeve as een ander voor julle kwaad gedoen het. Dan mot julle ook op God vertrouw soo as

Josef gedaan het, hoe dat dit ook met julle in die wereld gaan, en die geskiedenis van Josef nou nie alleen in die *kop* bewaar nie, maar ook in die *hart*. As julle die geskiedenis wil nalees in die Bybel kan julle die vinde in die boek Genesis van die 37 kapittel af. Daar staan die storie ook banja moojer geskrywe as hier in deuse boekie. Maar daar die Bijbel *Hoog-Hollans* is sal myn kinders dit miskien nie soo goed kan verstaan nie. Nou wil ek voor julle een ding vra en dat is: As julle bid dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afirkaanse taal ook. Hy sal dat seker doen; want die Bijbel is Syn Woord en die Woord mot aan alle mense bekend gemaak wort in hulle eige taal, Märk. 16:15, 16. En nog een ding: julle mot aan julle ander vrinde wat nie weet dat daar soo'n boekie in die Afirkaanse taal geskrywe is nie daarvan vertel, soo dat hulle ook die storie van Josef in hulle eige taal kan lees. As julle myn beloe om ver myn die pilsier te doen, dan sal ek banje bly en regte dankbaar wees.

En nou neem die skrywer van julle afskeit, hy ken nou nie voor julle nie, maar in die hemel waar Josef nou is, sal ons mekaar goed ken. Ek bid dat ek banja van myn vrinde wat deuse boekie gelees het daar mag ontmoet, om met hulle saam altyd by die Heere Jezus te wees. Beval die boekie julle dan kom daar nog ander mooi stories, onthou dit kinders! Leef wel!!

DIE ENT.

Smuts & Hofmeijr, Drukkers, 6, Houtstraat, Kaapstad.

CATHARINA,
die dogter van die
advokaat,

deur

KLAAS WAARSEGGER, JR.
(Bekroonde Pryspraak.)

Paarl,
D. F. DU TOIT & CO.,
1879.

'N WOORDJIE VOORAF,

An myn waarde en seer geagte neef Lokomotief.

Ou Neef!

Van tyd tot tyd het jy gevraag: "Waar is Klaas tog? Waarom laat hy syn stof nie sien nie?" Hier is ik! Toen jy 'n Pryspraak uitgeskrywe het, het ik so maar die plan gemaak om te perbeer of ik nog kan skrywe.

"So", seg jy dalk, "neef Klaas wil *geld* verdien, hy wil *betaling* hê."

Ne, foei, ou neef! dis nie myn bedoeling nie! Om jou te o'ertuige dat ik nie om jou £5 of £10 geskrywe het nie, maak ik jou bekend, as jy myn storie 'n prys mog toeken, dat ik dit dan persent maak an die Afrikaanse saak; — maar ik denk wel dat daar beter stories as myne op jou Pryspraak uitgekom is. Die moet jy dan eerlik betaal; en as myn storie nie na jou sin is nie, stuur hom dan maar terug. As ik hier of daar 'n , of 'n . uitgelaat het, maak dit dan bietjie reg; ook waar ik eenmaal NIE in plaas van tweemaal geskrywe het.

Beste groetenis an jou vrou en kinders, en verder an al die ooms en tantes, neefs en niggies; wees ook self gegroet von jou steeds andenkende neef,

KLAAS WAARSEGGER.

CATHARINA,
DIE DOGTER VAN DIE ADVOKAAT,

deur

KLAAS WAARSEGGER, JR.

(Bekroonde Pryspraak.)

I.

DIE EETMAAL BY ADVOKAAT X.

Alles was in rep en roer in die huis van advokaat X. Dit was syn verjaarsdag en daar sou 'n grote maaltyd wees. Wat ver geld te koop is, was dage te vore gekog; en an 'n dertigtal van die vernaamste families van die Kaap was invitatiekaartjies gestuur om "die goede der aarde" te kom geniet. Op die bepaalde uur, 6 uur 's avonds, rol die pragtige rytuige met gaste voor die deur in die straat, waar advokaat X woon. Honderde van Kaapse straatlopers, groot en klein en van elke kleur, staat voor die deur om die ongewone drukte an te kyk en om miskien 'n neus vol te kry van die lekkere reuk, wat uit die huis of deur die skoorsteen kom. Die bende van Alie en Jakob of Tom Parrot was ver die gelegenheid gehuur, om nie alleen te speul as daar na die ete gedans sou worde; maar ook om gedurende die maaltyd nou en dan 'n deuntje op te dreun. Dit was miskien nog meer as die lekkere reuk die rede waarom so baing om die huis bly staan; want musiek het antrekkingskrag.

Onder die toehoorders en ankykers, wat deur die musiek en die menigte ligte angetrokke was, was 'n man van omtrent 60 jaar, wat baing na 'n boer lyk. Dit was hy ook. Hy had die trein misgeloop en was verplig om die aant in die Kaap o'er te blywe.

“Wat is hier te doen?” vraag hy aan een van die koelies wat daar staan kyk.

“Meneer X geef ’n ‘Ball’, baas!” was die antwoord.

Onse vrind, die buiteman, skud syn kop en loop voort om na die kerk te gaan, waar die aant ’n biduur sal wees, wat hy graag wil bywoon. Op weg seg hy by homself: “Advokaat X is ’n gebore Afrikaander! ik ken hom goed en ik het syn brave ou vader ook geken — hy was net so’n boer as ik. Hoe snaaks gaat dit tog in die wereld: myn seuns moet staan wingerdspit dat hulle so boeglam is, en syn seun is een van die grootste menere in die Kaap wat “Balls” geef.”

Gen al te stigtelikke gedagte ver die ou man, wat na die biduur gaat.

Hy gaat die een pad en die lesers wort uitgenodig om terug te keer na die huis, waar die mense nou al an tafel sit.

“Kos en drank geen gebrek,” kon hier in waarheid geseg worde. Die tafel blink van kristal en silwer. Jeugd en skoonheid was daar verenig. Die feesvreugde was op syn hoogste. Skater van die lag om die een of ander grap wat vertel word, word afgebreek deur die muziek wat speel ieder maal as die borde en skotels weggeneem word om weer skone en volle op te bring.

Had onse vrind, die boer, wat ons net nou verlate het, kan hoor en sien, wat ons siet, hy sou ongetwyfeld an die maaltyd van Belsasar gedag hê — miskien dag hy op die ogenblik wel daaran. Dit sal wel nie nodig wees om te sê dat daar conditie op conditie in gesteld word, en speech op speech gemaak. ’n Afrikaander, wat geen Engels verstaat, sou daar min an gehad hê; want alles was *Engels*; en geen wonder; want Advokaat X was daar hoogmoedig op dat hy by baing hooggeplaaste Engelse ver ’n Engelsman deurgaat. Stellig was dit meer as eens syn wens dat hy waarlik ’n Engelsman was; maar syn naam kon nie goed ver-engels worde nie. Wat ons egter bisonder trof was, dat daar geen enkele “toast” gedrink word met *Kaapse*

wyn; die was glad nie op tafel nie — alles was *uitlandse* drankes.

Nadat hulle fluks geëet en gedrink het en terwyl die heere nog an tafel bly sit en drink, staat die dames op om na die voorkamer te gaan. Laat ons saam gaan en hulle 'n bietjie nader bekyk. Daar was skoonhede van elke soort. Blonte, bruinette, vette en magere; oge van alle kleure, blouwe, bruine, gryse, swarte, ens. Eén egter beval ons die meeste; sy is 'n meisie van omtrent 17 jaar; maar voor haar ouderdom groot, in één woord uitgegroeit. Helder blouwe, sielvolle oge, blonte hare, 'n griekse neus, hoge voorhoofd en 'n mondje waarom 'n *egte* (nie soos 'n mens dikwils ontmoet *valse*) glimlag speel; van middelbare lengte en 'n netjiese postuur; gekleed soos al die andere dames in wit, met ope hals en kaal arms. Sy is die dogter van Advokaat X; haar naam is *Catharina*; maar in die Engelsgesinde huissouwe word sy *Kate*, en deur die bediendes Miss *Kate* genoem. Opgevoed an die dames-skool van Jufvrou . . . an . . . (seker die beste dames-skool in ons land), was haar Hollans nie verwaarloos nie, en was in haar die regte Afrikaanse gees ontwikkel; sodat sy om haar Afrikaanse gesindheid meer as eens die ongehoeg van haar vader moes ondervinde, en teen wil en dank sig als "I don't speak Dutch" moes anstel.

Dat sy, wat onder die leiding van 'n musicus as die heer . . . was gewees, ver bowe die ander dames op die gitaar en klavier die aant uitmunt, kan ons verstaan, Maar wellig kom die vraag by iemand op, waarom haar Engelsgesinde vader haar juis na *die* skool gestuur had en nie na die *Good Hope* of *Hugenate Seminary*, skole, waar 'n *eerste klas* ENGELSE opvoeding gegewe word. Die rede leg voor die hand. Haar tante Kaatjie, 'n ryke ou predikants weduwee, had al die onkoste van haar edukasie betaal, onder die uitdrukkelike voorwaarde dat sy an *die* damesskool sou leer. Haar vader, die wel baing geld verdien, maar groots leef en ook baing uitgeef, was maar bly om die aanbod an te neem; en so had Catharina vier

jaar op koste van haar ryke tante geleer en 'n veulsydige opvoeding gehad, bevryd van alle bekrompe eensydigheid.

Terwyl die dames hulle in die voorkamer vermaak, sal ons 'n kykie by die heere gaan neem. Hulle stemme gaat te hoog, dit lyk of daar 'n twis of rusie is. Sommige gesigte hoogrood gekleur en dofblinkende oge, lewer die bewys, dat die kraffies goed rondgegaan is, terwyl ons in die voorkamer was. Dit sou egter na skender lyk om te sê dat *almaal* deur die wind was; né, daar was uitsonderings. 'n Dopsteker kan gou gekend worde; so was dit ook hier gemaklik om die nathalse van die droge te onderskei.

Die gesprek wat anleiding tot die hooge woorden had gegewe was die algemeene onderwerp van die dag, namelik die Anhegting van die Transvaalse Republiek.

Advokaat X had getrag dit te verdedig op grond van "inherente swakheid"; hy had uitgewy o'er die segening van Brits bestuur; had met veragting van die Transvaalse bevolking gesproke, met hulle protes gespot, en verder, verhit deur die wyn, 'n taal uitgeslaan 'n Afrikaander gans en al onwaardig. Deur syn Engelse en Engelsgesinde gaste was hy toegejuig en op syn versoek werd die glasies nog eens boordevol geskink om op die Transvaalse Anhegting te drink. Een jonge heer, Jan H. genaamd, wat nie tot die nathalse-broederskap behoer en 'n Afrikaander in hart en siel was, had egter geweiger om syn glas te vul en die "toast" te drink. Verontwaardig o'er die taal van die Advokaat, had hy in sterke bewoordings die onregvêrdigheid van die daad veroordeel; hy had die weiger van kruid an die Vrystaat in die Basuto-oorlog en die inpalming van die Diamantvelde daarby an die kaak gestel en geseg liewer 'n gifbeker te drink dan die dade goed te keur. Dit had anleiding tot die hoge woorde gegewe en die vrolike stemming van die geselskap gestoor. Hy had 'n paar Afrikaners met Afrikaanse harte an syn kant, wat nie positief weiger, maar versoek om van die drinke van die kondisie ontslage te worde en so had die gastheer eindlik, hoewel tegen syn sin toegestem om elk syn kans.

te laat en niemand te dwing nie. Dit had die vrede weer eenigsins herstel, hoewel die stemming voor die o'erige van die aant braaf gespanne was en luidrugtige vrolikheid ver gedwonge stilte plaas maak.

Die bende speel die Vrymetselaars mars: "Wy metse-len sonder kalk of steen", en dit was die teken ver die gastheer om van tafel op te staan en syn gaste te versoek om hom te volge na die voorkamer om die dames geselskap te hou tot die groote eetsaal opgeruim en in 'n danssaal herskape sal wees.

'n Koppie sterke koffie, of ver die wat dit begeer 'n sodawatertjie, bring die geprikkelde senuwe weer wat tot bedaar, en die klavier en gitaar met die singe van die dames doet die overige.

Opmerkelijk is dit hoe soort soort seek. Daar is 'n geheime aantrekkingskrag wat die harte same bind.

Catharina en Jan H., ofskoon hulle makkaar so goed as onbekend is, was net nou op seer vertrouwelike voet met makkaar. Eers weiger hy, maar naderhand vertel hy op haar versoek die rede waarom daar so hard gepraat was in die eetsaal, en hy bemerk gou dat sy ver haar land en volk 'n gevoel het en nie beskaamd is ver haar voorouwers en haar afkoms nie. So win sy syn hart, wat warm klop ver syn volk; en voor die o'erige van die aand was die twe ver so v'er die welvoegelykheid (etiquette) dit veroorloof, onafgebroke by makkaar. Die vader merk dit wel en gis dadelik die rede, maar hy laat dit nie blyk nie; want ofskoon Jan H. van hom verskil in opinie, was hy tog as seun van een van die eerste en rykste Kaapse families, en 'n jonkman waarop niks an te merk was, 'n nie te versmade party ver syn dogter.

Terwyl die kaarttafeltjies klaar geset word en die oudjies 'n pottjie *Whist*, *All fours* of *Loo* speel, en daarby menig pondjie in ander hande o'ergaat, het die bende sig laat hoor en is die jongmense fluks besig op die baan. 'n Opsomming van al die polkas, masurkas, quadrilles, waltze, ens., wat daar gedans is, is te vervelend ver sommige en nie stigtelik ver ander lesers nie, daarom gooi

ons 'n sluier o'er die dansparty. Genoeg as ons seg dat die rytuige om 1 uur in die nag bestel was om die gaste af te haal. Die treurigste is, dat eene Miss Brown, van so nat besweet deur die kouwe naglug te ry, 'n sware hoes kry, die in galloptering o'ergaat en sy juis 3 weke na die "Ball" begrawe werd.

Die maaltyd en dansparty had Advokaat X so wat £50 gekos. Mar dis niks. 'n Watersaak van een of ander boer sou dit wel weer goedmaak; daarme troos meneer hom toen hy die nag of liewers die oggent gaat slaap; en in syn droom pleit hy reeds hard in 'n watersaak van A. vs. B. en bereken hoe veul maal hy die saak kan lat uitstel en hoe veul guinies hy ver dit en hoeveel ver dat hy kan laat betaal. Met 'n sware hoofpyn staat hy die ander dag omtrent 10 uur op. Hoeveul van syn gaste die ander dag ook *hoofpyn* gehad het, sal ons daar late. Jan H. seg, *hy* nie.

II.

DIE HUISGESIN VAN OOM JAN M. . . .

Oom Jan M . . . dit was die naam van ons buitevrind, wat die aant in die Kaap moes o'erbly omdat hy te laat by die trein gekom was. Toen die biduur uit was, moes hy die huis verby, waar die mense toen fluks op dans. Met 'n diepe sug en in gedagte loop hy na syn losieshuis in die Strandstraat. Hy kwel hom ook dat syn huismense onrustig sal wees as die kar verniet by die stasie kom; want dit is seker al 15 jaar gelede dat hy een nag van die huis geslape het. Vroeger, toen hy nog syn wyn met die ossewage na die Kaap ry, was syn vrou daaran gewoon; maar nou was dit al so lank dat hy weet hoe onrustig of sy sal wees. Di's waar hy het 'n telegram na die stasie gestuur:

"Te laat gekom. Kom morges met die eerste trein", maar die vraag is, het die stasiemeester dit wel an syn seun gegewe?

Dit was ook so. Toen syn seun Gert die aant by die stasie kom en syn vader met die trein nie kom nie, plaas van hy by die stasiemeester eens gaat hoor, ry hy huis toe.

Syn jongste sussie Betjie, 'n liewe krullekop, was die eerste, wat die kar hoor ankom. Haar ore was skerp, gen wonder; want pa had belooft om ver haar 'n grote waspop van die Kaap te bring. Teleurgestel moes sy die aant met traantjies in haar oge na bed. Die jeug, vermoei deur speel, slaap gou en vergeet syn verdriet; so ging dit ook met Betjie. Ver die o'erige huismense was dit nie so maklik nie. Vader was die oggend na stad gegaan om met syn wynkoper af te reken en moes ruim £300 ontvang. Allerhande gedagtes, 'n mens is mos mar 'n mens, kom by hulle op; of hy nie miskien syn geld verloor het nie; of 'n skelm hom nie miskien vermoor en besteel het nie, en al sulke

akelighede. Moeder seg wel: "hy is seker te laat by die trein gekom", en vertel hoe pa vroeger soms 'n hele week op pad was met die ossewagens; maar tog kan sy die nare gedagtes nie verdrywe nie. Elk een van die huisgenote beveel hom in syn avondgebed an die sorg van die Heere — gelyk hy ook, ofskoon hulle dit nie wis nie, syn vrou en kinders an die Voorsienigheid opgedra het toen hy syn knie buig in syn kamer in die losieshuis in die Kaapstad.

Die nag met syn swarte vleugels daal neer en bring eindelijk slaap en rus an die bekommerde harte.

Die ander oggend, 'n uur voor die trein ankom, was Gert alweer by die stasie.

Die trein kom. Pa stap fris en gesond daaruit en skud syn seun die hand.

"Julle was tog nie onrustig nie?" vraag hy.

"Ons het wel kan denk dat Pa te laat gekom is, maar tog het ons allerhande gedagtes gemaak."

"Het jy dan nie myn telegram gekry nie?"

"Ne, Pa."

"Nou, dis fraai!"

Hul stap in die kantoortjie en daar leg almelewe die telegram.

"Wat 'n besorgdheid had jy myn huisgesin kon bespaar, as jy die telegram gister aant an myn seun gegewe had," seg hy ver die statiemeester.

Die eenige antwoord was norsweg: "Ik ken jou seun nie," en daarmee kon hulle vertrek.

Dat die pèrde die end pad van 'n flukse uur die oggend in drie kwartier afdraf, is onnodig om te sê.

Toen die kar ankom staat almaal al op die uitkyk.

Spoedig was alles opgeklaar, en die harte vol vreugde en dankbaarheid, dat vader met syn som geld en al behou thuis is; en was Betjie druk besig met haar fraaije waspop, wat pa al op die kar uit syn tapysak gehaal had, om haar nie te laat wag nie.

Oom Jan M. was 'n man van belang in die samelewing. Hy was ouderling van die kerk, en ofskoon hy

geen oulap onnodig sou uitgewe, was syn beurs ver goeje dinge altyd oop. Ver 'n Christelik of weldadig doel was nog nooit te vergeefs by hom angeklop nie. Hy geef dikwils en hy geef baing. Hy kon ook; want hy was 'n man wat ruim £10,000 wêrd was. Syn plaas was een van, indien al nie die mooiste, in die hele distrik. *Onbelas*, 'n mens kan maar op die Registrasiekantoor gaan kyk. 'n Gedeelte van syn geld had hy op vas verband uitgeset te'en 5 percent, hy wou geen 6 neem nie, hy ag dit woeker — en syn balans in die bank was altyd 'n mooi sommetjie. Baing arme jongbeginners en 'toggangers had hy vortgehelp, en iemand moes al baing sleg of 'n luiaard wees, as hy by oom Jan nie geholpe kon raak nie. Deur vlyt en suinigheid was hy so vêr in die wereld gekom. Georwe had hy en syn vrou maar bedroef min. Syn plaas was 'n verwaarloosde affêre toen hy dit kog. Jare lank had hy rente ver syn koopskat moet betaal; maar hy had nie stil gesit nie. Syn wingerd, wat maar 10 legger wyn oplewer toen hy die plaas koop, lewer nou in goeje jare tot 150 op; 'n pragtige lamoenboord, wat hom jaarliks £100 opbreng, was deur hom self geplant. Appelkoos, perskes, appels, pere, pruime, was by hom in o'ervloed. Die eerste jaar toen hy daar kwam, had hy 2 mud dennepitjies geplant en dit was nou 'n fraai bos. Eikebome had hy hele lanings geplant. In kort oom Jan was 'n boomplanter, so dat syn plaas wel die naam mag dra van Boomplaas. Baing van syn vrinde en bure had dikwils an hom geseg:

“Boompie groot,
Plantertjie dood!”

maar hy had altyd geantwoord: “wel, dan sal die mense' wat na myn leef, die vrug daarvan geniet.” Was daar maar meer sulke boomplanters in ons land nes oom Jan! 'n Nuwe geriefelike woonhuis had hy gebou; kelder, stal en wagenhuis was alles syn eie werk; en ofskoon hy die plaas ver £1000 gekog het, was hom meer as eens £5000 gebode; maar syn antwoord was altyd: “Die plaas is ver myn kinders en kindskinders, as dit die wil van die Heer is.”

Hy had 6 kinders, 4 seuns en 2 dogters. Die twee oudste, Gert en Pieter, was getrouwd; maar woon op die plaas. Dawid was nog ongetrouwd, 'n flukse jongkerel van 21 jaar. Op hom volg Lenie, 'n gesonde noi met rooi wangetjes en anvallig van maniere, 18 jaar oud, die mooiste meisie in die hele buurt. Agter hom kom Charl, 'n vlugge skooljonge van 14 jaar, en eindelijk die dogtertjie van die ouderdom, met haar waspop, waarme ons al kennis gemaak het.

So vèr as dit in syn vermoge was, het hy syn kinders na goeie skole gestuur. "Leer, kinders", had hy altyd geseg, "geld en goed kan jy verlies, maar geleerdheid kan niemand as ons Liewe Heer julle ontnem." "Engels leer", seg hy altyd, "is noodsaakelik, hoewel dit geen hoofdsaak maar 'n bysaak is. Daarom doet jou bes ook met jou Engelse lesse; maar beskou dit nie as hoofdsaak maar as bysaak. Die regering is Engels, daarom leer die taal; die kerk is Hollans, daarom leer die taal." Van Afrikaans was toen nog geen sprake. Om die waarheid te sê was oom Jan net soos baing ander ou patriotte in die begin van die Afrikaanse taalbeweging maar 'n bietjie daarop te'en. Hy het dit beskou as 'n bespotting van die domheid van die Afrikaanders, en dit het moeite gekos om hom tot ander gedagte te bring. Die *Patriot* mog eers nie in syn huis kom nie. An syn oudste seun wat daarvoor inteken, het hy eendag geseg hy sal dit in die vuur smyt. Maar so's dit met baing te'enstanders gegaan is, so is dit ook met oom Jan gegaan; toen hy eenmaal van die nut en die opregte bedoeling van die Afrikaanse saak o'ertuig was, is alles omgekeer, want oom Jan was 'n man van verstand, en nie so verkeerd soos baing wat hulle nie wil lat o'ertuig as hulle eenkeer 'n ding geseg het, al siet hulle ook naderhand dat hulle verkeerd was. Nie alleen lees hy en syn kinders die *Patriot*, maar klein Betjie moet van die versies van "Jan wat versies maak", uit haar hoof leer en ver hom opseg, dan kryg sy 'n persent. Dis nou ver hom al te mooi. Hy en syn drie seuns is almal lede

van die Genootskap en ik geloof as oom Lokomotief die waarheid sou vertel, dan sou ons hoor dat hy in die stilte al menig pontjie van oom Jan gekry het ver die saak.

En nou die vrouw van Oom Jan, 'n enkel woordjie o'er haar. Tant Betjie was een van die huismoeders, wat ons so soetjies an begin te verlaat, en wat ons, so lank as hulle nog by ons is, wel in waarde mag hou. Stil en sag van aard had sy al ruim 30 jaar met haar man suur en soet gedeel. 'n Moeder in Israel, kan in waarheid van haar geseg worde. Iemand moet haar maar sien om haar lief te kry, as sy daar 's avons met haar breiwerk in die hand, en haar netjies geplooid mus op, by die tafel sit. Liefde, sagmoedigheid en nederigheid straal uit haar oge; gods-vrug blink op haar gelaat. As tant Betjie eendag haar oge sluit, sal die arm mense haar mis. Is daar siekte of gebrek in die buurt, die eerste toevlug is na tant Betjie. Tant Betjie weet ver alles raad. Geen mens wat so goed medicine kan aanmaak; geen mens wat so sag met sieke kan werk nie. Dat oom Jan jaarliks 'n os en 'n party skape meer slag en 'n paar mud koring meer gebruik, sal wel van al die karmnatjies en brode kom, wat die arme mense van tant Betjie kryg. As die winkelrekening kom, sal daar menige voersies en el flennie op staan wat die huismense nooit gebruik het nie — tant Betjie alleen weet watter harte sy verblyd en watter babetjies sy verwarm het. Oom Jan, wat 'n nauwkeurige man is, siet dit alles wel; maar sluit syn oge, hy dink: "Ons kan dit mis en ik wil myn vrou nie hinder nie. Dis sy wat die segen in myn huis bring, as ik haar tegengaat, dan sou ik die stroom van segeninge uit myn huis keer." Niemand wat die nederig geklede vrou Sondags in die kerk siet en haar nie ken nie, sal in haar die vrou van ryk oom Jan M. seek. Sy kan tot voorbeeld strek ver menig arme vrou.

Hier neem ons afskeid van die familie M.; ons sal hulle later wel weer besoek.

III.

TWE SKOOLVRINDINNE.

Catharina was glad nie in haar skik toen sy die oggend na die Ball die bediendes moes bestier om die deurma-kaar huis weer in orde te bring nie. Van sy van skool gekom het, was dit egter haar werk om na die huissouw te kyk en dus kon sy haar nie goed uitdraai nie. Hoe geheel anders siet dit daar die morge uit: hier was 'n stoel van die dure set van £65 sonder leuning; daar was 'n geslepe kraffie an stuk; die ronde tafel vol skrape, ens. Deur die onversigtigheid van die bediendes was menige bord en skottel, glas en kelkie in die kombuis gebreek; een silwer teelepeltjie was met die vuil water weggegoi of *geskai*, ten minste di's nooit weer uitgekom nie. Sy dag toen hoe geheel anders dit is in die huis van haar tant Kaatjie toegaat. Wat 'n onnodige geld daar uitgegewe was ver die eetmaal en dansparty. Vroeger, voor sy na die kostskool gegaan het, was daar ook wel 'n vrolikheid by haar ouwers an huis gewees, maar toen was sy nog 'n klein dogtertjie, wat om 9 uur deur die meid kooi toe gebreng werd en die dinge nie so opgemerk had nie, nou siet sy met ander oge.

Toen sy nog so in gedagte staat, hoor sy die stem van haar pa. Hy seg: "Wel, Kate, hoe het jy jou gister aant geamuseer?" (Natuurlik praat hy Engels).

"Tamelik Pa; maar ik dag daar juis om of dit nie sonde en jammer is om so baing geld uit te gewe. Kyk tog hoe baing goed is daar an stukkend en verniel!"

"Nonsens, kind! ons mag mos tog vrolik wees oek op syn tyd; en die mense wat die goed maak, moet ook lewe."

“Ja, Pa, maar ik dag as die arm mense in die onder-
veld, waar die droogte so baing skade gedaan het, en wat
nou honger ly, maar net had wat hier vermors is, hoe
dankbaar sou hulle wees!”

“Waar kom jy tog an die wonderlikke gedagtes, kind?
Jy vergeet skoon dat ons *na ons stand* moet lewe. Ik het
baing lus om jou nog 'n jaar na 'n ander skool te stuur
om goeje maniere te leer.” — En vererg, maar daarom in
syn hart getroffe, omdat hy voor 'n dag of wat nog
geweiger het om op 'n lys ver die arme mense te teken,
stap meneer X. weg.

Ik is maar dood bly, seg Catharina by haar self, dat
Lenie M . . . , wat ik uitgenodig het om na Kaap te kom
om myn pa syn verjaarsmaal by te woon, maar nie gekom
is nie. Wat sou sy wel daarvan geseg hê?

Ons lesers moet weet dat Catharina en Lenie M . . .
saam skool gegaan het en boesemvrindinne was, en dat
hulle nog al dik briefwisseling hou.

Skaars was die gedagte by haar opgekom of daar klop
die posbode an die deur en bring 'n brief van die vollende
inhoud:

Welgelegen, 20 Junij 1877.

Liewe Catharina,

Duisendmaal exkuus dat ik jou laaste brief nog nie
beantwoord het nie. Ik is jou regte dankbaar ver jou
uitnoodiging om 'n dag of wat by jou in die Kaap te kom
deurbreng en jou pa syn verjaarsmaal by te woon; ik kan
daar egter tot myn spyt geen gebruik van maak nie. Pa
seg dis so kort voor die nagmaal en hy siet nie graag dat
ik nou gaat kuier nie. Jy weet ik word van deus maand
angeneem en dus sal dit ook nie staan nie.

Maar ik het 'n ander versoek en dit is dat jy by myn
kom kuier. Toen ons nog op skool was, het jy myn
dikwils belooft om eendag ons plaas te kom bekyk. Jou
tante Kaatjie het myn Sondag by die kerk vertel, dat sy
binne kort na Kaap gaat, en dan an jou ouwers sal vra
of jy met haar kan saam kom. As jy daar is, sal ik pa

vra om een dag ver jou met die kar te kom haal. Die lamoene begin al ryp te worde. Nartjies is daar oervloed.

Nou sal ik jou verwag. Ik moet ophou; want Ma roep dat die karn af is en ik moet die botter gaat af haal.

In haas,

Jou liefhebbende Vriendin,

LENIE.

Eenige dage na die ontvangs van die brief, kry juffer X. 'n brief van tant Kaatjie dat sy ver 'n paar dage na die stad wil kom en vra of sy losies kan kry. Juffer X. is by die lesers nog nie geintroduceer nie. Dit wort tyd om met haar ook kennis te maak. Sy was 'n goeje mens; iemand sou sê dat sy lui was; maar sy was siekelik. Sy was een van die vrouens wat met die laaste modeboek op die rusbank kan sit en die klokkie lui, dat 'n bediende haar 'n glas water moet bring. Sy bemoei haar so weinig met die huissouw as sy maar kan, ten minste nou "Kate" van skool is; o'erigens sal sy geen kat kwaaddoen nie, kyk mar die groot swart kat wat rustig op haar skoot leg te slaap.

Die aant vertel sy an haar man dat sy so'n brief van tant Kaatjie ontvang het. "So, kom tant Kaatjie! Ik dag dat sy dit in ons huis nie kon uithou nie. Sy het myn mos laas voor die stok gehad, dat ik saans en smorgens geen godsdiens hou nie; — net of ik 'n predikant is! Haar o'erlede man het daarvan moet lewe — ik nie — ik leef van die *wet!*"

Die toon waarop meneer X dit seg was snydend, en die opmerksame hoorder sou gau gemerk het dat daar meer rede was waarom hy nie op die besoek van tant Kaatjie gesteld was nie.

Ja daar was ander rede. Meneer het geld nodig gehad. Daar was geen ander raad as om syn fraai woonhuis te verbinde. Die Kamers vraag 6 percent. Hy had tant Kaatjie dikwyls sulke hoge rente hoor afkeur. Sy had geld. Hy neem £800 by haar op tegen 5 percent. Tant Kaatjie, die ingekrompe ou vrouwtjie, wat binne kort kom kuier, was dus in besit van syn skepekennis. Die rente

was al 3 maande verval en nog nie betaal nie. Tant Kaatjie kom dit haal; want sy moes daarvan lewe. Meneer was maar kort van geld; so als dit gewoonlik met hom die geval was, en dus was hy gaar nie in syn skik met die voorgenome besoek van tant Kaatjie nie. Hy seg egter aan syn vrou: "dan kan sy maar by Kate slaap."

Op die bepaalde tyd kom sy, bring 'n biltong, 'n lekker boerebrood en ander persentjies saam. Twee dage blyf sy en vertrek toen met die helfte van haar rente, en met die belofte dat sy binne kort 'n "cheque" ver die restant sal kry. Op haar versoek kan Catharina ver 14 dage saam gaan. Ofskoon dit eers 'n bietjie moeite gekos het, wil hulle haar versoek nie afslaan nie; want Catharina is haar peetkind en sal in haar testament goed an gedink worde. Catharina was opgeruimd dat sy weer ver 'n tydjie die stilte van 'n buitedorp kan geniet. 'n Mens kon dit an haar sien, toen sy die oggend om 7 uur in die trein stap. Vier dage na haar ankoms kom Lenie M en haar vader haar afhaal om op *Welgelegen* te kuier. Haar tante had daar niks teen; want sy ken oom Jan en sy huismense goed.

"Nou sal jy tog ook eendag op ons plaas uitkom Catharina," seg Lenie; "ik het al so lang na jou geselskap verlang." Op die kar al had sy haar honderde dinge te vertel: hoeveel ganse al leg; hoeveel kuikentjies haar hen het; hoe die bont koei "Wakkermeis" 'n fraai verskalf het; wat haar pa ver haar persent gegewe het, ens.; almaal dinge waar 'n stadse dame maar min notisie van sou neem, — maar so as ons weet was Catharina an die buitelewe en die omgang met buitemense gewoon. Sy had weer honderde dinge an Lenie te vertel: o'er die Regatta (bootresies) op Koningin Verjaardag, o'er die groot nuwe "steamer" wat ingekom was en dat sy daar an boord was: o'er die laaste modes; hoe die meisies nou hulle hare draag nes hulle twee koppe bowe makkaar het, ens.

Oom Jan sit met die lysels in die hand na die gesels van die meisies te luister sonder 'n woord te sê. Haar naam is Catharina X. en haar vader is advokaat, denk

hy by homself — sal sy tog nie dalk 'n dogter wees van die meneer X., waar die Ball was die aand toen ik in die Kaap o'ergebly het nie; ik moet dit tog ondersoek. Ver die ogenblik blyf hy stil en laat die kinders maar vortpraat. Eindelik hoor hy Catharina an Lenie sê: “Daar was in die vyftig mense by ons die aand — hoe kom het jy my so gefop, waarom het jy nie gekom nie? Ons was so *jolly*.”

“Miss X. of liever Catharina, mag ik jou so noem?”

“Ja meneer M., as u wil toelaat dat ik oom Jan seg.”

“Nou ja — ik wou jou vra in watter straat woon jou vader?”

“In —straat.”

“Omtrent in die middel?”

“Juis, in die middel, die huis met die hoge stoep.”

“Watter dag seg jy was die eetmaal by julle?”

“Verlede week Dingsdag. — Maar hoe kom vraag u dit so?”

“Ik sal jou sê: Die aant toen by julle, ik sal maar sê die *Ball* was, was ik net in die Kaap. Ik het te laat by die trein gekom. Ik gaat toe so'n rukkie na sonder na die Biduur, en deur die baing ligte en musiek angetrek, het ik by julle voor die deur so'n ogenblikkie bly staan.”

“En hoe kom het Oom Jan nie ingekom nie?”

“Meen jy dit reg reg? Sal die heertjies met hulle swart rokke en die dames in wit, wat ik daar uit die koets sien stap, dan nie met 'n ou boer soos ik is gespot het nie? Die Kapenaars verstaat dit so goed om met ons buitense te spot.”

“Ne, u doet ons onreg, u mag nie almaal o'er één lyn trek nie — u seg *die Kapenaars*.”

“Wel, dan sal ik sê *baing van die Kapenaars*, en daaronder nog al die wat van die buiteman moet lewe.

Ik wil gelowe Catharina, dat jy uit vriendskap ver myn dogter haar ou vader vrindelyk sou ontvang; maar dis 'n ander vraag of die ander geselskap hom nie as 'n uil onder die vogels sou behandel hê nie. Daarom, al had ik jou ook vroeger gekend, is ik maar bly dat ik voorby gestap het.”

Catharina was ook maar bly, sy gevoel dat oom Jan die waarheid spreek en dat hy glad nie thuis kon gewees hê onder die gaste van haar pa nie; 'n paar Afrikaanders soos Jan H. uitgesonder,

Onder die gesprek was hulle die rug o'er, en daar leg *Welgelegen* as 'n klein dorpie in die skitterende strale van 'n aangename Junij-son!

"Hoe fraai!" roep Catharina, "is dit julle plaas, Lenie?"

"Ja."

"Ja, dit is *Welgelegen*, kind! Voor dertig jaar gelede het dit nie so gelyk nie, dit kan ik jou vertel. Dit het onder Gods segen menig sweetdruppel gekos om dit so te kry."

Catharina werd hartelik verwelkom deur tant Betjie en die o'erige bewoners van die plaas, en was net nou, met haar innemende maniere, met almaal bevrind.

Die eerste aant op *Welgelegen* was ver haar heel anders as an die Kaap. Toen die tafel afgeneem was, werd die grote huisbybel gebring; oom Jan lees met eerbied n hoofdstuk; tot die kleintjies van syn seun weet as oupa lees, dan moet hulle stil sit. Die bediendes sit op 'n bank agteraf en oom Jan leg op eenvoudige manier uit, wat hulle nie goed verstaan het nie. Toen klink die heerlikke aandgesang deur die ruime eetvertrek:

'k Wil U, o God! myn dank betalen,

U prijzen in myn avondlied, ens.

Hoe geheel anders as by Catharina aan huis! Sy gevoel dit.

Die ander dag vroeg op, nie soos in die Kaap tot 9 uur in die bedompige slaapkamer bly nie. Sy denk terug an haar skooldage en wens die weer te kan o'erlewe. Heerlike wandelinge onder die lamoenbome, in die dennebos, langs die riviertjie, wat by die wingerd verby loop -- aangename ogenblikke! Catharina was drie dage daar gewees en nog was daar altyd wat nuws te sien. Die skape en bokke as hulle saans na die kraal kom, die melkkoeje, die pluimve. "Ag hoe mooi leef julle tog hier! Hoeveel lekkerder smaak julle brood met melk en vis myn. as

die taaie bakkersbrood met sterk botter en *red herrings* an die Kaap. Ik wens dat ik altyd by jou kon blywe, Lenie!”

“Weet jy nog, wat jy eendag op skool geseg het toen ik jou geplaag het met ’n jonge boer, wat jou sakdoek opgetel het en dit ver jou kom bring? Weet jy nog dat jy half kwaad geworde is en geseg het jy sal vervas nooit met ’n boer trou nie; want hulle is te lomp en hulle hande is te grof? Om so’n plaas in order te hou moet daar groffe hande wees; die wit fijn handjies van menige Kaapse heertjie kan dit nie. Dus as jy so wil lewe dan moet jy nie om harde hande gewe nie — en dan moet jy self ook leer werk. Kyk hoe lyk myn hande nou, nie so fyn meer as toe ons op skool was nie — en ik is glad nie skaam daarom nie.”

Die steek was raak. Catharina was maar ’n bietjie snaaks en had die vorige aant, toen daar ’n paar jonkmans uit die buurt gekuier had, maar ’n bietjie uit die hoogte ver hulle behandel; en Lenie had gedag: ik sal jou dit laat voel. Sy had haar doel bereik.

Nog een dag kon Catharina op *Welgelegen* kuier en dan moes sy vertrek. Die plan was gemaak om die dag te pêrd te gaan ry. David M., die broer van Lenie, had al twee maal syn pêrd met ’n juffrouw-saal gery en die dier was doodmak, daar sou Catharina op ry. Lenie sou op ’n ander pêrd ry, en Hendrik L., die onder ons geseg, ’n goeje oog op Lenie had, sou ook saam gaan. Toen oom Jan en tant Betjie van die plan hoor, was hulle daar skrikkelik op teen; maar Catharina hou so an en seg sy kan so goed ry, dat sy die ou mense eindelijk ompraat dat Lenie kan saam gaan. Hoe die rid afgeloop is, vertel ons in die volgende hoofstuk.

IV.

DIE RID.

Hendrik L was om 8 uur daar. Die perde was opgesaal. David help ver Catharina en Hendrik ver Lenie op die saal. Lenie kon glad nie ry nie. Catharina was, so's lig te denke is, in haar skik. David hat 'n riem om die stang van haar perd vasgemaak en so ry hulle op 'n stappie weg. Catharina was vererg om syn bangerigheid en sy seg dat David die riem maar gerus kan losmaak; maar hy seg ne, hy wil eers op 'n galop trek en as sy dan vas sit in die saal sal hy dit losmaak. Sy lag om syn voorsigtigheid. Op 'n galop gaat dit ook goed. Hulle sal so'n kwartiertjie gery het toen seg sy weer David moet tog die riem losmaak. Hy doet dit. Op 'n stappie ry hul vort en dit gaat net goed; op 'n galop ook. Sy spog vreselik. By 'n draai in die groot pad terwyl hulle weer op 'n stap getrek het, kom daar 'n meid met 'n bondel wasgoed op haar kop, so onverwags 'n voetpaadjie af om na die rivier te gaan. "Fairplay," dit was die hengs syn naam waar Catharina op ry, skrik, vlieg om en sit af huistoe. Catharina skre, David roep: "hou maar die teuls in!" Sy hoor nie, maar gooi dit weg en klou an die saal vas. Die perd loop. David en Hendrik agterna. Hoe harder hulle agterna jaag, hoe vinniger hardloop die perd met Catharina. Voor die hek van 'n kraal steek hy vas en Catharina kry 'n skok en vlieg uit die saal nes 'n peil uit die boog, o'er die kraalhek in die kraal. Eers dog hulle dat sy morsdood was; maar naderhand maak sy haar oge oop. Intusse was Oom Jan, tant Betjie en al die huismense kom toeloop. Hulle draag haar in die huis, leg haar op die kooi en die vrouwens ondersoek waar sy haar beseer het. Gelukkig het sy net maar 'n paar skrape gekry, maar geen arm of been gebreek nie.

Die skrik het egter haar senuwe angetas. 'n Glas kou water met 'n bietjie rooi lavendel en Hoffmann-druppels breng haar tot bedaar. Maar hoe was dit met Lenie gegaan? Hendrik had haar perd altyd vas gehou; maar toen "Fairplay" op hol raak had hy Lenie laat afklim en sy lei die perd en kom so ongedeerd die werf in met 'n kloppende hart hoe dit met Catharina sou wees. 'n Uur daarna was alles o'er en Catharina lag self om haar ontmoeting. Maar an perdry was nie meer te denk nie. Oom Jan lees hulle goed die les.

Jong mense raak gou op 'n vertrouwelike voet met makkaar. David en Catharina, nie te'enstaande haar minagting van boere seuns, ook. David was voor 'n boer ordentlik geleer: hy kon 'n taalkundige brief in Hollans en Engels skrywe en weet so wat van Latyn en Grieks af. Hy was 'n liefhebber van musiek en speel fluks op die viool — natuurlik geen dansmusiek nie, want dit sou Oom Jan nooit toegelate hê, ofskoon party draaitjies wat hy maak maar al te baing van polka's en walse het! Daarby was hy 'n flink gebouwde kerel van omtrent 6 voet lang en glad nie leelik nie. Laat iemand sê wat hy wil, 'n *mannelike man* is maar wat vrouens wil hê, ten minste 'n vrouwelike vrouw.

Toen Catharina pas daar kom, was dit *Miss* en *Mr.*, nou is dit *Catharina* en *David*, as hulle met makkaar praat.

Catharina het die gewoonte om te sê "O, ons het so'n *nice walk* gehad; ons het hiernaas *gecall*; ons het die agtermiddag so aangenaam *gespend*." David had met haar gekoggel en geseg: "praat dan tog eenkeer Engels!"

En sy nie lomp nie, doet dit. David had haar geantwoord en self op 'n paar onnauwkeurighede in die uitpraak en spreekwys opmerkzaam gemaak. Dit had sy by "die boer" nie gesoek nie, en om kort te gaan, David was in haar oog die geleerdste boer onder die boere.

Helaas! hoe die gees al meer en meer in ons land begin te heers dat Engels te ken, die toppunt van geleerdheid is! Hoor maar selfs onder ons boerebevolking as hulle van iemand sreek: *die of die is goed geleerd hy ken*

Engels! of: hy of sy het 'n baie goeie opvoeding gehad — *hulle ken Engels!* As of al die opvoeding, wetenskap of geleerdheid daarin leg om Engels te ken. Waar dit vandaan kom? Die antwoord van Oom Jan op die vraag is: “Waar daar *onnoodig* Engels gepreek word in ons kerke en deur Engelsgesinde predikante geywer en alles diensbaar gemaak word om die bevordering van *Engels*, als of die saligheid daaraan verbonde is, kan dit wel nie anders nie.” Maar terug tot ons storie.

David had an Catharina getoon, dat ofskoon hy daar nie mee te koop loop nie, hy net so veel en miskien meer van Engels wis as sy; en dus so as die wereld, of liever so as party mense in ons land dit noem, “*baie goed geleer was.*”

Sy had hom leer hoogag. Nooit had sy kan denk, dat sy nog so veel agting ver 'n boer sou kry nie. Met uitsondering van Jan H . . . had nog nooit 'n jonkman so'n indruk op haar gemaak nie. Tog was die indruk heel verskillend. Voor Jan H . . . gevoel sy meer 'n susterlike genegenheid en dit kon wel nie anders nie, omdat hy haar by hulle eerste ontmoeting reg uit en openhartig vertel het dat hy verloof was, maar dat syn verloofde die aand uit die stad was en nie op die eetmaal kon wees nie. Die spekulاسie van haar vader was dus glad verkeerd.

Sy was dus met hom meer vertrouwelik, terwyl sy met David meer agterhoudend was.

David voel ook agting voor haar, maar die gedagte alleen dat 'n boer met 'n *skatryke* advokaatsdogter sou trou, maak die saak belaglik. *Skatryke*, so denk hy; hy weet nie dat syn eige erfposisie genoeg was om meneer met mantel en bef in te koop nie.

Hoe meer die uur nader dat Catharina sal vertrek, hoe meer sy en hy gevoel dat hulle voor altyd gaat skei.

“Jule moet dan tog seker by ons ook kom kuier in die Kaap, jy en David al twee, Lenie!” seg Catharina.

“Is jy dan nie kwaad op myn Catharina dat ik jou so van die perd af lat val het nie?”

“Ja? hoe is dit moegelik — dat jy so kan praat; dis mos nie jou skuld nie.”

“Ja wel degelik is dit myn skuld. Ik moes die riem nooit los gemaak hê nie.”

“Kyk, en ik het jou geseg om dit te doen!”

“Maar ik moes beter geweet hê. Reken as jy nou dood geval het, dan was ik jou moordenaar! Ik sou nooit geen gelukkig uur weer op die wereld kon hê nie.”

“Sou jy dan om myn gehuil hê ook, David? En dan sou julle myn seker begrawe op die familie-kerkhof met 'n steen op myn graf en myn naam daarop en hoe ik an myn einde gekom het. As jy dan eendag getrouwd is dan sou jy nog die geskiedenis an jou kinders vertel, nê? Maar David dit was daarom nie jou skuld, as dit so gekom het nie!” (en sy huil).

“Foei, Catharina, in plass dat jy dankbaar is an onse liewe Heer, dat dit so afgelope is, praat jy so naar — net nou begin jou senuwe weer.”

“Di's waar, nê, dis sonde wat ik doen, ik beloof jou ik sal nie weer so praat; maar dan moet jy ook nie sê dat dit jou skuld is, dat ik geval het nie.”

David vat haar hand, (Lenie was so effentjies uit die kamer gegaan) sy trek dit nie terug nie, “Catharina!” . . . maar net so's hy wil vortgaan, kom Oom Jan in die kamer om hom te sê, dat hy maar moet inspan, en so blyf ongeseg wat David nog wou sê

Toen die kar ingespan was, wou David hom gaan antrek om Catharina na tant Kaatjie te bring; maar Oom Jan seg, dat hy self op die dorp moet wees en dat David na die volk moet gaan wat and' wingerdsny was. Hoewel dit glad nie na syn sin was nie, moet hy tog as 'n gehoorsame seun, doen wat sy vader seg. Hy gaat eers nog na syn buitekamer, sluit syn kas oop, haal 'n portret daaruit, sit in 'n envelop, skryf daar bowe op:

“Denk an myn en stuur jou portret as jy in die Kaap kom!”

Catharina neem afskeid van al die mense, David help haar op die kar, stop die portret in haar hand, druk haar hand, kyk in haar oge — en loop na die wingerd.

Rrrrr — daar gaat die kar! Die kuier van Catharina op “Welgelegen” was ’n saak van die voorledene. Sy neem wat van die plaas saam en laat wat agter blywe. David syn hart gaat saam, haar hart blyft agter.

“Uit die oog, uit die hart,” is ’n bekende spreekwoord — so was dit nie met die twee nie — hoe verder hulle van mekaar gaat hoe meer hulle begin te verstaan dat hulle mekaar lief het.

Eenige dage blyf sy by haar tante.

Een avond saal David syn perd op en gaat by Catharina kuier. Wat daar toen voorgeval is, kan die lesers wel raai . . . die ander dag draag David Catharina haar ring en sy draag syne.

Sal dit goed afloop? Wat sal die trotse meneer Advokaat daarvan sê as hy hoor dat *syn* dogter verloof is an ’n boer? En wat sal Oom Jan sê as hy hoor dat syn seun, syn David, syn oogappel, verloof is an die dogter van deurbringerige, Engelsgesinde Advokaat; an ’n noi, sy kan so goed wees as sy wil, maar wat geen brood kan bak, of ’n huissou behoorlik kan bestuur nie . . . ja hoe sal dit afloop?

Lenie merk gou die ander dag watter ring David an syn vinger het. In stilte vraag sy hom — hy vertel haar alles — an syn ouwers seg hy daar geen woord van nie. Lenie siet swarigheid of pa ooit syn goedkeuring sal ge; maar David het goeje moed.

Die dag toen Catharina na Kaap terugkeer was David by die statie. Toen die trein vertrek voel hy eers hoe *ver* sy van hom weggaat. Al wat hulle o’erblyf is skrywe, briewe skrywe, aldag skrywe!

’N PREDIKANT EN SYN SEUN.

Ons moet David M . . . en Catharina X . . . nou maar vereers nie hinder in hulle briewe skrywe nie, en intusse met ander persone, wat oek ’n rol in ons geskiedenis speel, kennis maak.

Die dorp . . . is aangenaam gelege an die voet van 'n berg. Die inwoners was tot voor enige jare baing Afrikaans gesind en dit kon wel nie anders nie; want met uitsondering van 'n paar smouse, 'n smid en apteker woon daar geen Engelse op die dorp nie. Nou is dit daar anders gesteld, en neem die Afrikaansgesindheid by die dag af en die Engelsgesindheid toe.

Die oorsaak van die verandering is te soek by die predikant, wat sedert enige jare daar arbeid en al die ou pade van syn voorganger afkeur en nuwe pade anprys. Kwalik was meneer A. daar of hy keer alles onderste bo. Hy is een van die manne in ons kerk, wat al syn krag anwend om die Hollanse taal uit te roei en die Engelse in te voer. In syn eie huis mag geen woord Hollans gepraat worde nie. Hy seg, hy is bang dat syn kinders die Afrikaanse taal sal leer! Verbeel jou! Hy preek Hollans omdat hy verplig is en daarvoor betaal word; maar syn geloof is hoe gaaouer alles Engels is, hoe beter dit voor ons land en volk sal wees; en alsof die saligheid daarmee gemoeid is, werk hy en sloof hom af om syn gemeente Engels te maak.

Die skoolmeester van die dorp, 'n degelike Afrikaander was dus gou die voet gelig, en 'n Skot, wat geen woord Hollans verstaat in zyn plek. Die noi wat die meisies skool had was ook een, twee, drie uit die pad en 'n Amerikaanse Miss in haar plaas.

Engels was nog nooit in die dorp syn kerk gepreek — dit was ook onnodig — maar toen meneer A. kom begin hy somaar: eers alle maande, toen om die veertien dage en eindelijk elke Sondag avond. So as te denke is, was daar mense, wat hulle daaran stoot, maar die meerderdeel juig dit toe; en as binne kort in die Synode voorgestel word om maar éénmaal in die maand Hollans te preek en die naam *Nederduitsch Gereformeerde Kerk* te verander in *DUTCH REFORMED CHURCH*, dan sal die dorp . . . een van die eerste wees wat dit goedkeur. Hoe of die

gemeente alles so voor soete koek opeet? ja, die vraag is moeilik te beantwoorde. Dit moet wees omdat die grootste gedeelte nooit ver hulle selwers denk nie. Genoeg hiervan.

Meneer A. had 'n seun op Stellenbosch, wat ver predikant leer. Van syn jeug af had hy die kind in die kop gepraat dat Engels alles is. Hy had Engels en niks as Engels by syn vader an huis moet praat, en nou mog hy self geen Hollans an hom skrywe, hy had dit eens gedaan ver eige oefening, maar had 'n degelike uitbrander gekry. — Syn vader skryf ook altyd Engelse briewe ver hom. Di's waar hy moes nou wel wat meer an Hollans doen; want hy was maar so, so, by guns en gawe wil ons juis nie sê nie, deur syn admissee eksame gekom, mar die hoofsaak van syn leer was dit nie. Voor 'n aardigheid vertaal ons een van die Engelse briewe van syn pa, waaruit ons meneer A. beter sal leer ken as uit 'n aantal hoofstukke. Onthou lesers, in 'n private brief van 'n vader an syn soon kan ons die beste 'n kykie in die hart neem.

..... „Aug. 187 . . .

WAARDE SEUN,

Dit spyt my dat jy nie ophou met allerhande drogredes die anhegting van die Transvaal af te keur. Waar leer jy dit? Tog nie van jou Professors, hulle is daar te verstandig toe. Het jy gelees wat 'n verstandig man as Ds. Jooste geskrywe het? Weet jy hoe Ds. Bosman die edele Shepstone ingesegen het en van plan is om hom te vra die hoeksteen van 'n Amerikaanse skool te lê? Weet jy dan nie, dat met 'n kleine uitsondering elke vrind van Engeland dit toejuig? Begryp jy nie watter segen daaruit sal voortvloei? Die tyd sal kom dat die Vrystaat ook Engels word en dan, dan sal alles goedgaan. Dit is seker as jy klaar is met studeer, dat dit myn hartewens is, dat jy na die Transvaal gaat. Ons sal wel sorre dat jy 'n beroep daarvandaan kry. Reken, watter groot werk — die bevolking te vrede maak onder die skone Engelse vlag; die jonge geslag 'n Engelse opvoeding gewe! O, myn kind, mog ik dit nog belewe! Luister tog nie langer na

die esels en domkoppe, wat van *Hollans* en *Afrikaans* praat, Ne, myn jong, *Engels*! Di's waar ons moet nog wel om die brode en visse *Hollans* preek; maar dit sal lang-samerhand ophou; laat die teenwoordige geslag maar opgegroeï wees; dan is dit klaar met *den* en *des* en *het* en die hele boel. O'er eenige jare sal ons nog wel ver die een of ander dikkop, wat o'erblyf *Hollans* moet praat, maar één *Hollanse* diens in die maand sal genoeg wees. Laat jou tog nie mislei deur die geskryf in die koerant o'er *Hollans*. Hulle mag miskien 'n *Tydskrif* in die wereld kry; maar dit sal van korte duur wees. Om geen aanstoot te gewee sal ik daarvoor inteken; maar verder kom hulle nie — "Gelyke regte ver *hollans* in die skole"; wat 'n dwaasheid! Eén uur in die week is meer as te veul. By myn op die dorp sorg ik ten minste daarvoor dat daar nie meer tyd meer "vermors" word, en ik het an die onderwysers en onderwyseresse kennis gegewe dat hulle onder geen omstandigheid moet toelaat dat daar *Hollans* gepraat word, anders kry hul die sak." Ens., ens.

Hier volg nog die een en ander van minder belang, wat ons weglaat omdat ons buik vol is!

Is dit wonder dat 'n jonge man as *George A.* in syn vaders voetspoor sal volge? En tog, wonderlik, *George A.* was 'n *Afrikaander* in syn hart; maar uit vrees ver syn vader, kan hy nie so as hy wil; hy moet gehoorsaam.

Sou daar meer sulke predikante in ons kerk wees? vraag jy leser. Ja, meer dan een. Ons sou naam en toenaam kan noem van 'n hele party wat van buite wel skoon skyn. Van manne wat op die preekstoele en by die huisie, o so vroom en o so mooi weet te praat; maar as jy agter die skerme hulle moet sien en hoor, dan kan jy hulle nooit as nooit weer met stigting anhoor nie.

Aan hulle vrugte kan hulle gekend worde. En 'as hulle nou nog maar ver o'ertuiging vatbaar was; maar helaas! eerder kan jy die planete in hulle loop keer as die mense in hulle ywer sonder verstand.

Is hulle ywer so te'en *Hollans*, hoe veel te meer te'en *Afrikaans*?! Dit is en blyf by hulle *Hotnots taal*. 'n Ouder-

ling dus die met syn predikant Afrikaans praat, praat Hottentots taal en is dus in syn oge 'n Hottentot! 'n Heerlike troos lesers, wat kerkerade is of familie het wat dit is! Hottentots

Om terug te keer tot George, die student, seun van predikant A. Jammer dat hy so gedril word, hy was 'n waarlik agtenswaardige jonkman; 'n jonkman met 'n *eige* opinie, iemand wat denk, *nugter* denk. Dit was ook die rede dat hy met syn pa meer as eenmaal verskil — die brief wat ons so ewe gelees het geef ons daar 'n voorbeeld van. “Wat kan ik doen? — ik is *seun*, ik is *student* — ik moet ingewe,” so redeneer hy altyd as hy om syn „*domheid*” (so as syn vader en die party van syn vader dit noem) te rede gestel word; “maar eendag sal die tyd aanbreek dat ik selfstandig sal wees, en dan sal ik ook *myn* opinies rond uit an die wereld vertel.” Daarmee troos hy hom — hy vergeet dat hy deur die geesverbreking miskien dan net so as baing andere geen *eige* opinie meer sal hê nie, en op alles maar *ja* of *nee* sê, waar die party van syn vader die meerderheid nodig het.

Twee en 'n half jaar was hy reeds op Stellenbosch en in die tyd het hy nog al braaf rondgekuier in die vakantie, sodat hy met baing mense in anraking gekom het en heel wat vrinde opgedaan. Hy maak hom klaar voor syn kandidaats eksame — syn Hollandse proefpreek kom daar nie sodanig op an, seg syn pa; want wie kan daaro'er oordeel (!) maar syn *Engelse*, die moet goed wees! Ons wil hom in syn eksamewerk nie hinder nie, en intusse sien hoe dit met die vryery van David en Catharina gaat.

VI.

DAVID EN CATHARINA ONDERVIND DAT DAAR MOEILIKHEDE IN DIE WEG KOM.

Die lesers sal nie verwag om hier 'n versameling van briewe te kry waarvan myn *hartjie*, myn *liefie*, myn *skatjie* instaan. Die wat vanslewe sulke briewe geskrywe het ken die inhoud, en die wat dit nog sal skrywe, sonder hulp van ander dit wel leer.

Di's wonderlik hoe gou 'n mens *liefdebriewe* leer skrywe — dit kom so van self. Wat sou die rede wees? Antwoord: Omdat die hart met die kop saam werk. Onthou dit, hoor; in 'n goeje saak mag die hart en hoof nie van makkaar geskei worde nie.

Nog nooit was daar van één plek so baing briewe ver Catharina angekom, nog nooit het sy so baing na één plek geskrywe. So's te denke is, is Lenie die middelaarster, wat die briewe ontvang en wegstuur. Catharina skryf die opskrif an *Miss M.* maar binnekant is 'n ander envelop an *Mr. M.* So ook David; de adresse van syn briewe moet Lenie skrywe. Maar wie seg, advokaat X. is 'n slimme rakker; toen daar so baing briewe by hom op kantoor (syn kantoor was naas die woonhuis) ankom ver Catharina, begin hy lont te ruik; die ding is verkeerd, daar leg 'n slang in die gras. Hy maak een van die briewe van David oop en og ja! daar kom die hele ding an die lig. Hy kry ook 'n brief van Catharina in hande en toen was alle twyfel weggeneem, — “Syn dogter is buite syn kennis verloof an 'n boere seun!” Die stomme man was buite hom selwers van kwaadheid. Hy stamp met die voet en seg: “Dit sal nooit gebeur so lank as ik leef; ik 'n boer, 'n lompe boer ver skoonseun kry, hoe sal die wereld met

myn spot en myn uitlag!" Ja, so kan 'n mens ontaard, hy vergeet dat syn eige vader 'n boer was, dat hy self 'n boere seun is.

Toen hy om 3 uur van syn kantoor kom, kon syn vrou en dogter wel sien dat daar iets voorgeval is. Hy was kwalik in huis of hy roep Catharina in die voorkamer en sluit die deur toe. Hulle sal 'n half uur in die kamer gewees hê, toen sy uitkom en huil dat sy so snik.

Haar vader wou hê sy moet al die briewe wat sy van David ontvang het, ook syn portret en ring an hom o'er handig, en 'n brief skrywe waarin sy hom afskryf; dan sal hy dit met 'n brief van hom an David stuur. Dit was syn laaste woorde. Doet sy dit, wel, dan is alles reg, mar weiger sy dan mag sy nie onder syn oge kom nie, maar moet op haar kamer blywe totdat sy haar as 'n gehoorsame dogter weet te gedra. Wat sal sy doen, sy is radeloos. Twee dage blyf sy op haar kamer sonder na onder te kom. Die meid bring haar kos op, mar dit kom onangeroer weer terug. Intusse skryf sy 'n hartroerende brief an David, waarin sy hom alles vertel wat daar gebeur is. Maar hoe die brief weggekry? Sy kan niemant in die huis vertrou. Die meide sal haar verklap. Haar neef Pieter ('n weeskind) 'n kereltjie van 15 jaar, wat klerk by haar pa is en by hulle in huis woon en mar 'n sure stukkie brood eet, vertrou sy eindelijk, en so kryg sy die brief op die pos, en hy ontvang oek die briewe wat David stuur en besorg haar dit 's morgens vroeg en 's avons laat. Eindelijk besluit sy om haar pa te versoek dat hy te vrede moet wees as sy self die briewe van David in 'n pakkie maak en dit toelak en wegstuur. Hy stem toe, mar wegstuur wil hy self.

Intusse was David al angstig wat dit met Catharina sal wees. Hy het eenige dage gen brief van haar ontvang nie. Daar kom haar brief an wat sy in diepe bedroefdheid in haar kamer geskrywe het. David syn hart was baing seer, en hoe kon dit oek anders. Twee dage later kryg hy syn pakkie briewe op die pos met 'n brief (in Engels) van Advokaat X. daarby.

Advokaat X wens an M 'n poereseun woonagteg te Welgelegen, hiermee te kenne te geve, dat hy eens én voor altyd die dwaasheid uit syn kop moet set om syn oge op te slaan na Miss X Verskil van stand maak 'n huwelik onmogelik en buitendien Advokaat X. had syn dogter ver 'n ander bestemd. Indien M mog vortgaan om vrypostig briewe an Miss X te skrywe, sal daar sulke stappe in regte geneem worde wat hom nie angenaam sal wees.

(get.) X.

David was woedend kwaad o'er die belediging. Allerhande nare gedagtes kom by hom op; hy trag om dit te belet maar hy kan nie. Lenie was jammer ver hom toen sy siet hoe hy te keer gaat. Een plan blyf hem by — het Catharina hom reg, reg lief, dan sal hy haar *steel!* Hy sal Kaap toe gaan en net so lank daar blywe tot hy met haar mondeliks gepraat het. Hy vraag an syn pa verlof om 'n paar dage te gaan kuier. Hy wil dan so danig graag na Kaap en Wynberg. Hy kryg oom Jan syn toestemming, hoewel die ou man mar nie kan uitmaak watter gril dit is. Hy denk wel an die Catharina wat daar laas gekuier het, maar hy lag daarom en seg: Og wat, dis *kalwerliefde!* David neem 'n terug kaartjie van Saterdag tot Maandag. Hy denk as daar 'n plek is, waar ik haar sal kry, sal dit Sondag by die Engelse diens wees — sy seg dat sy altyd so'n toe gaat, omdat haar pa haar eendag geseg het dat al die hoge mense daar na toe gaat, en alleen die lage klas en ouderwetse mense in die Hollandse diens kom.

Hy kom in die Kaap an. Hy loop regelreg na die huis waar Catharina woon. Og hy het so'n lus om die kantoor in te loop en ver Advokaat X. te soebat hy wil voor hom kniel, of hy wil hom in die nek pak, sulke planne het hy al op die trein gemaak, — maar toen hy daar voor die deur kom, gaat hy nie eens in nie. Sou die grote, fraaie huis hom afskrik, wat sou die rede wees, dat hy hy meteen so banghartig geworde is? Hy kan dit self nie verklaar nie.

Al wat hy doet is 'n paar maal op en neer loop, die huis ankyk, wegstap, 'n paar strate omloop, weer verby die huis kom en weer opkyk, met die gedagte miskien siet Catharina myn. Ses maal is min, maar so baing keer het hy seker die eerste voormiddag na die huis staan kyk; maar hoewel daar baing mense in en uitloop Catharina siet hy nie.

Haar neef Pieter — haar briefbesteller, sit voor die venster te skrywe en het al 'n paar keer die vreemdeling so danig na die huis sien kyk, hy beskou hom goed en og ja hy bemerk dat dit die einste man is van wie Catharina hom met 'n grap 'n portret gewys het toen sy laas van buite gekom het. Hy gis dadelik wie dit is. Syn oom, die Advokaat is uit; so kom hy uit die kantoor en loop na die vreemdeling en seg: "U lyk vreemd in die Kaap, soek u miskien na een of ander huis wat ik u kan wys?"

David wil ontkennend antwoorde, toen die kereltjie ver hom seg: "Is u nie Meneer M . . . ?"

"Hoe weet jy dit?" seg David. Pieter vertel hom alles, hoe hy die enigste is, wat Catharina kan vertrou en dat hy haar briewe stilletjies op die pos besorg.

Eers wil David hom nie vertrou nie; maar die klein kerel syn gesig is so eerlik dat hy hom seg: "Ja, ik is Meneer M. en ik is Kaap toe gekom om met Catharina te praat, kan jy dit ver haar sê en myn die antwoord bring sonder dat haar ouers daarvan weet?"

"Om 1 uur sluit die kantoor, Meneer M . . . ! as u myn nou seg waar u loseer sal ik daar na toe kom, dan kan u in die tussentyd 'n brief ver haar klaar maak."

"Ja, myn liewe kerel, ik het nog geen losieshuis, kan jy myn een rekommandeer?"

"U kan maar by Kootjie du Toit in die Strandstraat gaan, di's 'n goeje plek." David herinner hom dat syn pa ook altyd daar loseer en seg: "Nou di's goed, ik sal daar heen gaan, as jy myn nie fop sal ik jou goed beloon?"

"Beloon, meneer? As ik Catharina, wat altyd vrendelik was met myn, 'n arme weeskind, 'n plesier kan doen, wil ik dit sonder beloning doen."

“Na 1 uur dan, dit blyf afgesproke!”

“Ja, meneer, na 1 uur. — Ekskuseer myn nou, daar kom myn oom an!” David kyk. “So is dit Catharina haar vader?”

“Ja!” en die klein kerel wip die kantoor in.

Nadat David terdeeg die man, wat hy syn skoonvader wens te noem, beskou, en alles behalwe ’n gunstige indruk van hom gekry het, stap hy na syn logieshuis, vraag syn kamer, seg an die logieshouer om syn goed by die statie te laat haal, vraag pen en ink en skryf ’n brief, ’n brief vol hopelose smart, an syn Catharina; hy *wil*, hy *moet* haar sien.

Kort na 1 uur was Pieter by David in die logieshuis om die brief te haal en vóór 2 uur had Catharina dit al.

Sy een, twe, drie na haar kamer om ’n antwoord te skrywe, en om half 3 was Pieter weer daar en geef an David die volgende:

“Pa gaat, so as alle avonde syn gewoonte is, van avond om 7 uur na die *Loge*; vóór 10 uur kom hy nooit thuis. Pieter sal by jou blywe om met jou die Kaap rond te gaan en tussen 8 en 9 sal ik op die stoep loop dan kan julle kom, dan kan ons ’n oogenblik praat en sal ik jou alles vertel.

CATHARINA.”

David was opgetoge van blydschap toen Pieter ver hom die briefie bring. Hy was ook bly dat die kleine kèrel by hom sal blywe. Hy huur ’n “cab” en hulle ry ver ’n paar uur die Kaap plat. Die tyd duur David vreeselik lank. Eindelijk gaat die son onder, die gasligte word opgesteek, dit slaat 7 uur, half 8, David kon nie meer wag nie. Langsaam stap hulle na —Straat. Catharina staat op die stoep. Pieter gaat eers so’n toe om te sien of daar geen onraad is. Die pad is skoon. David klim op. Pieter gaat op ’n afstand staan. Catharina leg an David syn hart. Sy vertel hom alles, alles. Sy seg, hy moet haar maar laat blywe, hulle sal makkaar tog nooit kry nie. Haar hart sal breek as dit so moet wees, maar daar is geen ander weg. “Ja daar is ’n ander weg,” seg David. “Watter weg?” vraag

sy. "Vlug met myn", seg hy. "Waar na toe? Ja, waar na toe? en dan die skande!" "Liewers skande as om jou te verlies," seg hy.

Die einde van die gesprek was dat sy nog baing jonk is, en David ook nog 'n paar jaar kan wag. Hulle sweer makeer op nuw trou. David gaat 'n tog na die Transvaal doen en hulle sal an die tyd o'erlaat. of hulle haar vaders hart nie kan versag nie. Intussen sil hulle geregeld an makeer skrywe. Pieter word daarby geroep, hy sal die briewe van haar op die pos besorg en David moet an *syn* adres skywe mar op die brief skrywe: "*Poste restante*," dan blyf dit op die poskantoor leg tot dat Pieter dit afhaal Tyd vlieg en dis tyd ver Catharina om binne toe te gaan en ver David om te vertrek. Morre sal hy haar by die kerk *sien*, net mar *sien*. Morge avond om 9 uur sal sy, as die pad skoon is 'n briefie an 'n lange draad gare uit haar venster lat sak dan sal David dit haal en 'n ander briefie vasmaak. Een hartelike afsheidskus en hulle sky. Dit gebeur soos hulle afgesproke het, en Maandag vertrek David met 'n ligter hart weer na buite. — "Die liefde hoop alle dinge."

VII.

'N ONTMOETING IN DIE TREIN. DAVID KNOOP VRINDSKAP AN.

Wie het hom nie meer as eens vererger nie om die skree en die laffe pratjies wat 'n mens dikwels in die trein moet sit en anhoor? David was die middag oek glad nie in syn skik met die luidrugtige vrolikheid van 'n paar jonge mense waar hy mee saam ry nie. Die een wou meer as die ander uithaal hoeveel Engels hy ken. Tot nog toe het hulle die hele gesprek ver hulle selwers, David en nog 'n jonkman wat in 'n hoek sit te lees neem daar gen deel an nie. Eindelik vraag die twe David syn opinie o'er 'n saak waar hulle o'er gestry het. In korte woorde geef David in Afrikaans syn gevoele. Die een seg an die ander in Engels: "Nou hoor jy dat ek gelyk het." Die ander seg toen; "Daar die meneer nie eens in Engels antwoord op 'n vraag in Engels gedaan, moet ek veronderstel dat hy die saak nie goed verstaan het en miskien gen Engels ken nie.

Daarop antwoord David dat hy wel Engels ken mar dit nooit onnodig praat nie; en daar hy veronderstel dat die twe here al twe Afrikaanders is antwoord hy hulle in hulle moedertaal.

Die een seg, dat dit onbeleef is 'en 'n bewys dat iemand geen opvoeding gehad het as hy 'n Engelse vraag in Hollans beantwoord, al kan die persoon, wat die vraag gedaan het oek honderdmaal die taal verstaan.

Die jonkman wat in die hoek sit maak syn boek toe en luister nou die gesprek glad 'n andere rigting geneem het, met andag watter antwoord David sal gewee.

David seg dat hy dit nie kan insien nie. Was die vrager 'n Engelsman, wat gen ander taal verstaat, dan verander dit die saak en dan sou hy hom oek in Engels

geantwoord het; mar an 'n Afrikaner in Engels te antwoorde, daartoe siet hy geen noodzaklikheid nie, mar mog die here miskien Engelse wees dan sou hy graag ver hulle vertaal wat syn opinie was. Ne, hulle is Afrikaans en het hom goed verstaan. "Nou goed," seg David, dan getuig dit van Engelse *narrow mindedness* (kleingeestigheid om te wil hê dat iemand hulle in 'n vreemde taal moet antwoorde."

"Engelse *narrow mindedness*, wat bedoel u daarmee, meneer? Ik dag dat die Engelse ver die groothartigste natie op die wereld bekend is."

"Ja, in hulle eije oge en in Engelse boeke; mar in die samenlewing ondervind 'n mens die teenoergestelde."

"Helder ons dit op, maak ons dit duidelik."

"Wel," seg David, "wat is dit anders as *narrow mindedness* dat die Engelsman, waar hy kom dwing dat die natie syn moedertaal moet weggooi en syn taal aanneem? In onse skole b.v. seg die regulaties: *Instruction must be given through the medium of the English language*. Waar in die wereld is dit op 'n buitedorp moegelik? As dit gen *narrowmindedness* is dan moet hy nog 'n paar jaar skool toegaan om die definitie van woorde te leer."

"Ne om *beleefdheid te leer* seg die een wat ongelyk gekry het en hom nie wil lat o'ertuige nie. U lyk myn een van die Patriots-gesinde."

"In welke skool het u beleefdheid geleer, meneer? Die skool recommandeer sig nie al te erg nie. En dat ek 'n Patriots-gesinde is, dit reken ek 'n eer, ek wens dat u dit oek was. Wil u die laaste woord? neem dit, ek ag dit bowe myn om iemand van so'n vername Engelse opvoeding verder te woord te staan."

Die gesprek was deur David in Afrikaans en deur die ander in Engels gevoer.

Intusse was hulle by *Durban Stasie* gekom en daar stap 'n Engelsman in wat David ken. Hy kom naas hom sit en die twe raak druk in gesprek, en tot syn beskaming

moes die Afrikaanse meneertjie met die goeje opvoeding, hoor dat David nou Engels praat — beter Engels praat as hy ooit in syn lewe sal kan praat.

Die jonkman met die boek was an d' nadenke gegaan en hy kon nie anders as David volkome gelyk gewe. Dis waar die gevoelens van David was glad 'n nuwe ding ver hom. Hy had altyd gehoor dat die Engelse ons Afrikaners en oek ander nasies in woord en geskrif beskuldig van *narrow mindedness*, mar nou siet hy die sake anders in. Hy wens met David nader kennis te maak en begin 'n gesprek met hom, eers oer die weer en alle daagse dinge. Eindelik vraag hy na David syn naam. David seg wie hy is en vra wie hy dan is. Ons lesers ken hom seker al, hy was niemand anders as George A, student te Stellenbosch.

“Van jou vader syn mooi plaas het ik gehoor van 'n medestudent”, seg hy an David. “Ik was laas in julle buurt, as ik weer so'n toe kom sal ik so vry wees by julle an te kom.”

“Ja, maak so, dit sal ons aangenaam wees. Begin julle vacantie nie ander week nie?”

“Ja.”

“Nou ja, kom dan dadelik; want ek gaat binne kort n toggie of liwer 'n kuiertjie na die Transvaal maak.”

“So! Dan sou jy myn 'n groot plesier kan doen om 'n pakkie saam te neem ver myn vader; jy moet tog o'er die dorp”

“Ja, met al myn hart!”

Die twe was net nou beste vrinde in die wereld.

By *Kaaifontein* stap George A en die heer met die goeje opvoeding uit die trein. David en syn Engelse vrinde blyf alleen o'er en stoom verder.

By syn thuis-koms vertel hy alles an Lenie. Sy was al besorg gewees en is bly dat die sake so goed afgeloop het en David so te vrede is in syn lot.

Hoe dit nou angeleg om oom Jan o'er te haal dat hy ver David 'n toggie laat maak? Meer as eenmal was daar al o'er gepraat. Baing keer het David al geseg hy

wil die land sien: mar dit was nooit so ver gekom nie. Nou was daar 'n skone gele'entheid. 'n Buurman wat gewoonlik deur oom Jan gehelp word, sal o'er 'n veertien dage met 'n trek op tog gaan, en met 'n angenamer geselskap kan David nooit gaan, en an 'n beter man kan oom Jan syn seun nie toevertrou nie.

David praat met syn pa en seg dat hy hom al so dikwyls beloof het dat hy kan gaan — hy het tog so'n lus om die wereld te gaan kyk, en die kans is nou so mooi. Eers het oom Jan daar gen ore voor, mar David hou an tot vervelings toe. Oom Jan praat van al die werk, en David kan nie gemis worde nie, en hy kan nog altyd gaan, ens. Lenie doet oek 'n goed woordjie ver David en eindelijk geef oom Jan syn toestemming. Hy moet tog baing skrywe seg tant Betjie, want dit is tog al te naar ver haar dat David so *ver* gaat. Oom Jan sal nog haastig 'n paar fraaie kapkarre bestel, wat David op 'n spekulasie kan saam neem. As die osse mooi is en goedkoop kan hy mar osse ruil daarvoor, of voor die geld koop, en dit met die troep van neef Flip, die man wat hy mee saam gaat, lat opkom. Hy geef hom oek nog £100 om te spekulier. Sodra dit beslote was dat hy sal gaan, skryf hy 'n brief an Catharina, natuurlik onder adres an klein Pieter en vergeet nie om "Poste restante", of soos die Engelsman seg, "to be left until called for," daarop te skrywe. Had Meneer X. die brief in hande gekry dan het hy seker perbeer om David 'n actie an te doen — "as hy kan", seg die leser, ik seg oek so. Tot gerustelling kan ons melde dat Catharina die brief ontvang het, iets wat David twe dage later uit haar eije brief lees.

Dis miskien hier die regte plaas om te melde watter plan klein Pieter uitgedenk het om party dage as hy Catharina nie mooi alleen kan te sien kry nie, haar die briewe te stuur. In die gang hang 'n overjas (dustcoat) van haar pa, met 'n speld steek hy die brief binnekant vas, dan haal sy dit uit en steek haar antwoord weer daar vas, dan weet Pieter om dit uit te haal. As meneer nou eendag die jas moet antrek en die brief kry, hoe dan? An die gevaar denk hulle nie. Die spreekwoord seg: "Liefde is blind," — ja, liefde is blind!

Net agt dae na die ontmoeting in die trein kom George A . . . op Welgelegen kuier. Dit was syn vacantie. Hy bring die pakkie ver syn vader, wat David sal saam neem, mee. Oom Jan en tant Betjie, ja al die mense op Welgelegen was baing opgenome met die besoek van die jonge student. So as ons reeds weet was hy dan oek 'n redelike kerel nietteenstaande syn eensydige opvoeding. Hy weet om die mense aangenaam die tyd kort te maak en hy voel hom oek heeltemal thuis in die gastvrye huis van oom Jan. In Lenie find hy aangenaam geselskap en dit lyk braaf of Hendrik L . . . begin te wens dat die student mar syn velletjies moet vat en trek, anders is daar dalk kans dat Hendrik teleurgestel sal worde in syn plan, om een dag die groot vraag an Lenie te doen, of sy hom wil hê of nie. Tot groot genoeg van Hendrik vertrek die jonge student na verloop van 'n paar dage. Dat Lenie in die geselskap van George A . . . behage gehad het, kan Hendrik goed merk toen hy die aand na syn vertrek by Lenie kuier, want gedurig het sy die mond vol van hom. Om die waarheid te sê het Lenie ver Hendrik tot nog toe oek meer nes 'n vrind of 'n broer dan as 'n vryer beskou, mar Hendrik het altyd gedenk dat hy an Lenie nie onverkillig was nie.

O'er drie dage sal David op tog gaan, alles word klaar gemaak. Tant Betjie het gen rus dag of nag. Dan moet dit nog gekoop worde, dan moet dat nog klaar gemaak worde, as hulle na haar geluister had dan het hulle seker 'n karvrag met klere en allerhande dinge ver David saam gegewe. So'n goeje, besorgde moeder! Neem dit haar nie kwalik nie lesers. Die wat nog sulke moeders het, lat ons hulle eer, hulle meen dit so goed. Ons wat ons goeje moeders nie meer het nie, hoe graag sou ons hulle weer wil hê om ver ons te sorge.

Die aand voor syn vertrek was daar so'n kleine geselskap jong mense uit die buurt genooi om afskied te neem. In alle ordentlikheid was almal vrolik bymakaar, alleen David lyk wel wat bedruk en dit kan ook nie anders — hy denk an Catharina. Met 'n hartelike afskeid gaat die geselskap uit makaar, die ander oggent vroeg sal David vertrek, die wa'ens sal by hulle o'er die werf kom om die karre van hom an te haak.

VIII.

DIE VERTREK.

Die wa'ens staan al voor die deur,
Die perde graaf die grond,
Die jong sit op die bok en wag,
Die daglig skyn al rond.

AFRIKAANSE GEDIGTE.

Vóór die hoenders kraai was alles in beweging in die huis en op die werf van Oom Jan. Vro'er dan gewoonlik was die oggend godsdienst gehou. In 'n hartroerende gebed waarby al die huismense die trane o'er die wange rol, had oom Jan syn lieveling and die Heer opgedra. Hy had Ps. 121:4 lat sing; mar die stemme was bly steek, hulle was te angedaan; hulle gemoed was te vol. Die afskeid, wie kan dit beskrywe? Van almal gaat dit nog: van pa en susters; mar syn ma, toen hy haar soen, toen sy ver hom seg: "Davie, myn kind, miskien vind jy my nie meer op die wereld as jy weer kom nie, leef tog so, dat as ek sterf jy dan met 'n geruste hart na bowe kan kyk en sê: "*daar* woon myn moeder en *daar* sal ik haar weer sien; "myn seun, myn kind, vergeet die Heere nie!" Toen sy so seg en an syn nek hang en deur haar trane in syn oge kyk, so smekend kyk — wie sou hom toen kan inhou? . . .

Die laaste handdruk toen hy al op die wage sit was gewissel. Die sweep wort los gedraai. Die voorperde trap reg. Een klap, 'n harde klap, en die wagens rol. Tot so ver hulle kan sien kyk die huismense en swaai met hulle sakdoeke. Eindelik gaat die waens oer die rug en is ver die gesig verborge. Die mense gaat an hulle werk. Tant Betjie gaat na haar binnekamer. Julle weet, lesers, wat

sy gaan maak; julle weet wat ons moeders ver ons so dikwils in die binnekamer gaan doen? Sy gaan bidde — bidde ver haar David.

* * * * *
* * * * *

Die van ons lesers, wat hulle nou klaar gemaak het om 'n uitvoerige beskrywing van David syn tog te lees, moet ons tot ons spyt teleurstel. Hier en daar sal ons die een en ander vertel, en dit verder an David o'erlaat as hy eendag terug kom om 'n boekie te skrywe (hy is bekwaam genoeg) van alles wat hy ondervonde het. Ons het die hoop dat David dit sal doen, en dat daar o'er 'n tydjie wel 'n boekie van hom in die lig sal kom getitel: "N TOG NA DIE TRANSVAAL."

Dit kan ons sê dat David baing gesien en gehoor het, en dat hy nie vergeet om by elke poskantoor waar hy verby kom briewe ver die boweland te pos nie en dat daar briewe ver Catharina by was an die adres van klein Pieter. Op die meeste plekke ontvang hy oek briewe van syn mense en klein Pieter het syn woord gehou, oek briewe van haar.

Ag dage na syn vertrek kom hy by die dorp waar Meneer A . . . predikant was. Hy gaan na die pastorie om die pakkie wat George an hom gegewe het te besorge. Meneer A . . . was regte vrindelik en nooi hom om een nag daar te kom slaap. Hy kon nie goed weiger nie, en neem die uitnodiging an, mar was mar dankie bly dat hy weer kan vertrek. Die insigte van die predikant, die Engelse maniere van die man syn huisgesin, stuit hom voor die bors; en ofskoon hulle alles doet om, daar hij 'n vrind van George is, hom goed te ontvang, kan hy hom glad nie daar thuis maak nie. Hy sal wel sê: dat as hy nie geweet het dat die man predikant van die Nederduitsch Gereformeerde kerk was nie 'n mens dit nooit sou geseg hê nie. Die eerste uur wat hy daar was haak hy al met hom — hulle was nou soos vuur en water by makkaar

— twee elemente, wat met makkaar mar volstrek nie kan verenig nie. In plaas van met David 'n stigtelike gesprek an te knoop, was die eerste wat hy doet syn hart te lug teen die Afrikaanse beweging, wat hy *sotterny van 'n party domme mense noem*. David seg hom dat hy dit beskou ver 'n werk van die Here, anders was dit al lank verbroke, want die vyandskap wat dit al deurgestaan het was genoegsaam om enige menselike saak te laat misluk. Hy verhaal selfs van 'n vrou (arme siel, sy is al dood en begrawe) wat geseg het: dat dit haar dageliks gebed was dat die Here die saak moet verbreek. En tog by al die teenstand neem dit nog altyd toe. Meneer A . . . noem dit 'n saak van die duiwel wat trag om te verhinder dat die alleen saligmakende Engelse taal verder vortgang moet maak. Mar dit *moet*, dit *sal* misluk. Die intekenaars op die *ellendige* PATRIOT, *betaal* hulle ook? Vraag hy. Want dit is gemaklik om op enige koerant baing intekenaars te kryg, (dit sal wel die skuim van ons land wees) mar die *betaling*, die *betaling*. Die stomme man, hy weet nie hoeveel beurse ver die saak oopstaat al sou die intekenaars ook so gemeen wees om nie te betaal nie. In kort die eerste uur dat David daar was moes hy 'n taal anhoor so's hy nog nooit gehoor het nie. Die senuwagtige meneer stamp met syn voet en swaai met syn arms dat dit 'n naarheid was, iemand wat nie beter weet nie sou sê dat die man nie reg is nie. 'n Paar maal het David al op die punt gestaan om mar liever in die wa'ens te gaan slaap, gelukkig kom daar iemand om meneer te spreek en David werd die studeerkamer uit na die voorkamer gebring. 'n Paar nuffige spinnekoppies van nootjies, tenger en ingekrompe, en stokoud ver hulle jare, ontvang hom daar met 'n medelydende glimlaggie. Natuurlyk praat hulle Engels met hom om te kan spot en lag met die grote lompe boer as hy hulle nie sal kan antwoorde nie, of met die saak verlege word. Hulle pret was uit toen hulle bemerk dat David in beter geselskap as hulle syn verkeer het en wel weet hoe hom te gedra. Die een was George syn suster, die ander 'n dametjie

van die meisieskool wat daar kom kuier. George en syn suster verskil so's dag en nag, dit het David met 'n oog-opslag gesien. Nadat hy hom 'n halfuurtjie met Miss Mary en Miss Jane vreeslik verveel het, lui tog gelukkig die klokke ver *prayer* en *supper*. Meneer lees 'n Engelse hoofstuk, ens. en die kos kom op tafel.

Op hulle manier was die mense baie vrindelik met David, mar tog David verlang mar dat dit slaaptyd is, dat hy kan wegkom. Toen meneer hom syn slaapkamer anwys, seg David ver hom dat hy morge dauw voor dag weg moet en daar Meneer A . . . seker nog sal slaap as hy vertrek, wil hy mar meteens groet.

Meneer bedank hom nog eens dat hy die pakkie besorg het, hy hoop dat hy syn aand aangenaam deurgebring het, (?) dat hy gerus mag slaap, en dat syn reis verder voorspoedig mog wees. Hy seg hom verder dat dit hom seer aangenaam sal wees as David terugkom dat hy weer by hom sal ankom. David denk ne, liwer ry ek twe dage om, as om by jou weer uit te kom, mar hy seg dit nie.

Met die gedagte hoe of dit George syn vader kan wees, dat George so'n suster kan hê; syn moeder was 'n andere vrou, een van die stil mense wat regte min praat, mar David merk dat sy nie so kwaad kan wees nie. Met die gedagte val hy in slaap en droom dat hy Ds. A . . . (wonderlik genoeg) 'n baie mooi preek in Afrikaans hoor doen.

Die ander oggend vroeg, toen almal nog slaap gaat David, sonder iemand wakker te maak, die deur uit, toen hy by die wa'ens kom brand daar 'n lekker vuurtjie en neef Flip, wat daarby gebly het, had 'n lekker koppie koffie klaar. Inspan en trek. Toen Meneer A . . . en syn mense wakker word was David al omtrent 3 uur anderkant die dorp. David kon hom nie onthou om met 'n sug te sê an neef Flip: "*'n arme verwaarloosde gemeente!*" "Hoe's dit moelik", seg hy, "hier is so baie skole en . . ."

"Ja, en" seg David, "en trots en hoogmoed, meer as in enige gemeente waar ons nog deur gekom het, dit is

die gedrag en voorbeeld van hulle predikant, wat die stomme mense na-aap, hulle is te beklage.”

Neef Flip kan die redenering van David mar glad nie vat nie. Hy denk as daar baing skole is en die mense die pure Engels praat of trag om te praat, as die mense nie meer seg Meneer A., mar Mr. A., dan bloei die gemeente baing. Daarom was hy so verwonder dat David kan sê: “arme verwaarloosde gemeente.”

Genoeg, wat David en Flip verder op die wa'e gepraat het sal ons daar laat, intusse moet ons tot die volgende hoofstuk oergaan om van 'n angenamer ontmoeting as by Meneer A te vertel.

IX.

'N ANGENAME KENNISMAKING.

Oom Jan Vasvat en neef Daantjie Loslaat is mense wat deur die hele land bekend is, Wie herinner hom nie meer die samesprake van die twe mense wat ver enige jare in die Zuid-Afrikaan gestaan het nie? Neef Flip het al meer as eenmal by oom Jan Vasvat uitgespan, en hoewel hy 'n kleine omweg moet maak, wil hy tog die ou syn plaas nie verby ry nie. Hy wens oek dat David met hom moet kennis maak. Hy vertel an David waarom hy hotweg gedraai het, dat dit was om daaruit te kom.

Dit was so kort voor sononder toen hulle die gasvrije plaas inkom.

Hulle word hartelik verwelkom deur oom Jan en Neef Danie, die juis met Hannie en klein Jannie daar was om te kuier. Tant Mimie, goeje ou siel, was nog mar altyd ewe druk besig om hulle behoorlik te ontvang, soos altyd haar gewoonte was. Ewa, die ou meid van tant Mimie, brom wel dat sy nog patats moet skil en rys met resyntjies kook, mar dit was mar so haar gewoonte — tant Mimie is dit al gewoon.

Eers word die vee goed versorg — oom Jan syn stalle is groot en syn solders vol gerwe, hawer, rog en gars, net wat 'n hongerige perd of esel kan begeer. Toen Neef Flip syn voorneme te kenne geef om die nag in syn wa'e te slaap omdat daar so baing negosie goed in is, was oom Jan half kwaad, en seg daar sou niks van kom nie, by hom op die plaas is geen diewe nie, hy sal dit ver syn rekening neem as daar iets wegraak. Twe Afrika'ers van die Boweland sal op syn plaas in hulle wa'ens slaap om hulle good op te pas! Foei! so iets sou hy nooit vergeet, so lank as hy leef nie. Hulle moet nie denk omdat Danie en Hannie ook daar was dat daar maar één vry kooi is nie, seg tant

Mimie; as hulle so denk dan sal sy ver hullewys dat sy nog plek ver twintig mense het. Waarom loop daar buite 80 ganse? Denk hulle miskien dat sy al die vere verkoop en self op strooi slaap, dan is hulle vër mis.

“Nou ja, vrou”, seg oom Jan, “ons weet jy het plek; sorg nou maar dat die meide nog ’n paar lekker hoenders klaar maak.”

Tant Mimie: “Wees maar nie besorg nie hartjie, die bowelanders sal kos oek kry, ek sal hulle nie lege maag laat slaap nie.” Toen sy dit geseg het, sy kombuis toe, en net nou kan ’n mens hoor hoe die stomme hoenders skree, hoe die vuur brand, en hoe tant Mimie met Ewa en Candaas angaat. Neef Flip seg ver oom Jan: “Tant Mimie is nog maar nes altyd ik is somar bang om hier te kom, sy maak altyd so baing omslag.”

“Ag ja,” seg oom Jan, “ik het al meer as eenmal ver haar geseg: as jy eendag doodgaat, kan ’n mens gerus op jou grafsteen set DOODGEWERK, mar sy lag myn altyd uit, dit is nou so haar gewoonte, sy is altyd bang die mense sal kla. Maar kom, terwyl die vroumense klaar maak lat ons nou maar so lank na die voorkamer gaan en ’n lekker pypie opsteek, of as julle bowelandse heertjies miskien gewoon is om saroete te rook, die kan julle ook kry.”

“Dankie oom, verm yn nie, ek rook nie,” seg David.

“Hoe, wat, ’n Afrikaner wat nie rook nie? Dis ’n seldsaamheid!”

“Die rook doet ver myn kwaad oom.”

“Og, jy verbeel jou dit.”

“Ne, regtig oom.”

“Nou wel, daar is mense wat dit nie kan verdra nie, en daarom dwing ik geen mens nie; as ik die waarheid moet sê, wens ik oek dat ik nooit geleer het nie, dit is tog maar ’n anwensel, en dis makkeliker om dit *an* as om dit *af* te leer, dit kan ik jou verseker. Wil julle glo dat ik een tyd perbeer het om dit te lat staan en dat dit net moeilik is. Ja, julle lag, mar ik seg julle wat rokers is, perbeer net ver een week, dan sal julle sien.”

“Mar Pa”, seg Danie, “as dit nie goed is, of as ’n mens dit nie mag gebruik nie hoe kom sal die tabak dan groei?”

“Ne, Danie, dis geen ekskuus, want daar groei so baie dinge — giftige dinge, wat ons versigtig genoeg is om nie te gebruik nie. Ek wens wel dat ik eendag ’n boek kon kry, waarin die behoorlik uitgeleg word of dit tabak goed is of nie. Ken iemand van julle so’n boek?” Almal seg ne, en so stap hulle van die onderwerp af, en intusse was die voorkamer al donker van die rook.

Dat die gesprek o’er die vernaamste gebeurtenis van die dag, die anhegting van die Transvaalse Republiek loop, is lig te denk. Wat oom Jan syn gevoele o’er die saak was, kan ons maklik raai — die eigenste gevoele van elke reggeaarde Afrikaner. Die ander lede van die geselskap troos hulle nog maar altyd met die hoop dat die memories sal help en dat dit sal blyk dat daar ergens ’n fout is of dat ou Slypsteen syn instruksie te buite gegaan het; maar oom Jan skud syn kop, hy verwag geen heil van Burgers syn protes en van die memories nie. Die tyd het ons geleer dat oom Jan gelyk had.

“Maar arrie oom”, seg neef Flip, “vertel ons tog hoe gaat dit nog met Ds. Lekkerpraat en hoe kom het hy nooit syn reis na Europa verder vertel in die koerant nie?”

“Ja myn liewe neef, as jy van Ds. Lekkerpraat spreek dan raak jy die regte snaar an om myn bedroef te maak.”

“Hoe so dan, oom?”

“Wel, hy is nie meer ons predikant nie, het julle dan nie gehoor dat hy ’n ander beroep aangeneem het nie? Ja, kerels, dit het ik nooit verwag dat hy ons sou verlaat nie. Ik het gedag hy sal by ons blywe so lank as hy leef.”

“Maar hoe kom is hy dan weg?”

“Ja, dis ’n lange geskiedenis, en ik het geen lus om ou koeie uit die sloot te haal, en dit van haver tot gort te vertel nie. In korte woorde sal ek julle dit vertel: Toen hy na Europa was is die ding begin. Hier in die gemeente is ’n klein klompie onrus-stokers, wat al lanktyd geerger was om syn Afrikaans gesindheid en wat hom in alles die voet dwars set. Dit staat hulle nie an dat hy met al die

nuwighede nie wil meegaan nie, mar by die ou pade blyf. Die grootste gedeelte van die gemeente hou baing van hom, en daaronder die vernaamste lede. Wat die klein klompie ontvredene te doen het, toen hy terug was van Europa, strooi hulle oeral die gerug uit dat meneer *liberaal* geworde is, en begin teen hom in die koerante skrywe. En nie alleen dit maar allerhande smerige paskwille gooi hulle op syn stoep en steek dit onder syn deur. In die begin het hy hom daar nie an gestuur nie, daar hy in syn hart oertuig is dat hy dit goed met syn gemeente meen en dat alles wat die vyande seg, lastertaal is. Maar soos 'n mens is, eindelijk begin hy moeg te worde en het 'n paar mal in die kerk 'n bitjie hard gepreek en op 'n dag seg hy ver myn, as hy 'n anberoop kry dan gaat hy. Ik het alles gedaan wat in myn vermoge was om hom van gedagte te doen verander, maar ver niet. Nie lank daarna nie kry hy werklik 'n beroep van —. Die vyand juig, want dit was uitgelek dat hy sou gaan, mar syn vrinde het hom per brief versog om tog te blywe. Te vergeefs, reeds die vollende Sondag maak hy bekend dat hy ons gaat verlaat. In kort, hy is weg en die onrustokers het hulle sin gekry. Maar ag, basta, ik word so maar aardig as ik daaran denk. Watter predikant ons nou het? Ja wat sal ik sê, een wat allerhande nuwighede in die kerk invoer. As dit langer so anhou dan skei 'n gedeelte hulle net nou maar af, daar is al so'n praatjie onder die mense. Julle moet nie ver julle verwonder as dit so kom nie, maar meer *mag* ik nie se nie, en *wil* ik oek nie. Dit nog om julle vraag te beantwoode waarom Ds. Lekkerpraat nooit syn reisbeskrywing voortgeset het nie: onder al die trawalla is dit in die steek gebly; maar wie weet wat hy een dag doet."

Toen oom Jan syn hart uitgepraat het, neem die gesprek 'n ander rigting o'er die droogte waar deur so baing ve omgekom het, ens. Hulle was nog druk besig met gesels, toen Hannie kom sê dat die mense moet kom eet.

Tante Mimie had by myn siks — 'n hele tafel kos gemaak. Hoe die ou vrou dit so gou reg kry, sou ik graag van haar wil leer. Verbeel jou, tot ryskluitjies was daar op tafel! Sy had geseg die Bowelanders sal nie leeg maag gaat slaap nie en sy het haar woord gehou. Onder die gesprekke an tafel kom dit uit dat David nog ver familie is, en oom Jan beloof, as hy eendag met syn vrou na die Boweland kom, dat hy seker by David syn ouwers sal ankom. As dit gebeur sou ik wel daarby wil wees as die twe ou patriotte an gesels raak! Na die ete, toen die avondgodsdienst verby was, rook die rokers nog 'n pypie, en die gesprek sou seker tot die ander oggend angehou het, as oom Jan om half twaalf, nie opgestaan was en geseg had: dat hy nie meer so jonk was en na syn kooi verlang.

So's tant Mimie haar kos was, so was oek haar vry kooi, net gaaf; sy had nie verniet gespog nie — Flip en David duik weg en slaap as of hulle die skade wil inhaal. Of dit van al die vleeskos was, weet ik nie; maar hulle droom alles deurmakaar. David was in die Kaap en siet Catharina en wie weet wat meer.

Die ander oggend wou hulle met krag en geweld verder; maar oom Jan praat hulle so om, dat hulle nog blyf tot na die middag om 3 uur. Die oggend het hulle nog so'n klein jagpartytjie opgemaak. Oom Jan, so oud as hy is, ook saam, op syn ou skietperd "Tromp". Tot beskaming van almal, want hulle het niks geskiet nie, brand die ou kerl losen skiet 'n knewel van 'n springbok.

Na 'n hartelike afskeit van oom Jan, tant Mimie, neef Danie en nig Hannie set hulle die reis vort, met die vaste voornemen om weer daar an te kom as hulle terug kom. Terwyl hulle vortgaat en by al die afgesproke plekke briewe van die Boweland kry en beantwoord, word dit tyd dat ons terug keer Kaap toe!

X.

ADVOKAAT X. IN MOEILIKHEID.

As iemand groot wil lewe dan moet jou beurs en jou inkomste daarna wees ook anders gaat dit nie,

So's die leser weet was Advokaat X. 'n man wat ho'er wil vlieg as syn vlerke lank is. Hy had 'n goeje praktyk en verdien fluks geld, maar syn uitgawe was bowe syn inkomste. Sodoende was hy al dieper en dieper in die skulde geraak. 'n Twede verband op syn mooie woonhuis had hy by een van die Kamers teen 6 per cent gekry. Syn lewenspolis, want hy was ver £1,000 verassureer, was al verbonde in 'n bank. Hy siet self as dit so angaat dan moet hy eendag na die Master. Suiniger, baing suiniger lewe, dis al wat daar op staat, of hy moet spekuleer in andeele denk hy. Hy kies die laaste pad en denk daardeur weer bowe Jan te kom, maar wie seg, om "shares" te koop moet hy van die krediet wat hy het gebruik maak om geld by die banke op te neem op wissels waarvoor hy tot 7 per cent moet betaal. Die andeele betaal nie sulke dividende as hy verwag het nie, en in plaas dat hy daaruit kom raak hy dieper daarin. Daarby kom nog dat hy een spekulasie, namelijk 'n weddingskap op 'n resieperd verlies. dit was so eventjies £300. In die begin het syn goeje vrinde met alle plezier accommodatie wissels ver hom geteeken, maar toen hy gedurig kom om te vernuw begin hulle 'n bietjie steeks te worde. Omdat daar in die Kaap baing banke is, kon hy die spulletjie 'n tyd lank vortset en by die eene bank geld trek om die ander te betaal, maar as iemand eers so ver is dan is die einde nie meer ver af nie. Van syn skoonvader kan hy geen oortjie meer kry nie, hy het die ou kerel al diep genoeg ingetrek en al syn mooi praatjies en soet broodjies wat hy bak help nie. Menige dag as hy 's morgens opstaat weet hy nie hoe hy

voor drie uur as die bank sluit geld sal kry om syn wissel te betaal nie. Hy weet as daar eers een wissel o'ergegewe word dan is syn krediet ook ver goed die nek ingeslaan. Had hy nou nog maar begin om syn spandalige leefwys op te gewe, had hy maar syn onnodige fraaie rytuig afgeskaf, wat hom so baing geld kos, dan kan die ding nog geloop he. Maar wie seg? Hy denk altyd hy moet syn *stand* ophou. Om al die sorg te verdrywe neem hy so's baing ongelukkige mense syn toevlug tot die drank en dink in die bedwelming van die wyn syn troos te vinde. Arme man! ja beklagenswaardige mense, wat dit doet!

Catharina merk wel dat haar pa hoe langer hoe slegter van humeur word, en dat hy an tafel meer drink as vroe'er syn gewoonte was, maar sy weet die rede nie — hoe sou sy dit ook weet — sy wis nie beter of haar pa was een van die rykste mense in die Kaap. Di's maar goed ook dat sy dit nie wis nie; want sy had alles behalwe 'n aangename dag in haar ouwers huis.

Nou en dan as klein Pieter haar stilletjies 'n brief geef, wat van David kom, was sy weer wat opgebeur; maar tog die sorg kwam daar weer by, as haar pa eendag die briewe in hande kry, hoe sal dit dan gaan? Menigmaal as sy haar kamerdeur toegesluit had sit sy nog 's nags om twaalf uur an David te skrywe, uit vrees van ontdek te worde; en dan hoor sy soms nog hoe haar pa hardop in syn slaap praat of opstaat en na syn kantoor gaat. Daar was iets verkeerd, maar wat kon dit wees? Meer as eens had sy al met haar ma gepraat, die wis daar meer van; maar sy wou Catharina dit nie vertel nie.

Donkerder en donkerder werd die toekoms ver meneer X.— Een van syn vrinde, wat al tot omtrent £1000 ver hom geteken had, was die swa'er van die kassier van 'n bank; en ofskoon die kok nie uit die kombuis mag klap nie, en die kassier nie uit die bank nie, gebeur dit daarom tog.

Die kassier had ver hem geseg: "Swa'er, as jy van X kan afkom, doet dit; want ik geloof nie dat syn sake al te goed staat nie!" Nou was dit juis die vrind, syn beste

vriend, waarop hy die meeste staat gemaak het. Verbeel jou dus syn verwondering, toen hy by hom kom om 'n vernuwing, dat syn vriend rondweg weiger en seg: "nee X by lewe en sterwe ('n mens is sterfelijk) is dit nie goed om verder te gaan nie. Ik doet geen stap verder nie; laat 'n ander nou weer teken, jy het mos baing vrinde." Al syn prate help nie, syn vriend verseg dit om syn naam weer op papier te set. O'er twe dage verval die wissel, wat word daarvan as hy nie kan betaal nie. Nog één raad, — syn rytuig en pèrde en huismeubels verbind by 'n woekeraar en kryg daar £400 op, genoeg om die eerste wissel wat verval op te neem. Maar hoe lank duur dit of daar verval weer ander wissels?

An tant Kaatjie had hy al 'n mooi brief geskrywe om te sien of hy van haar nie nog bietjie geld kon kry nie; maar die goeje siel had nie, anders had sy dit seker gegewe; dit was maar goed ook. Sy was egter verwonder dat 'n man soos haar neef, wat so baing geld verdien, by haar 'n ou weduwe geld te leen vraag — sy had gedag dat hy eerder die verband wat sy op syn huis had sou fabetaal. Sy wis nie hoeveel geld daar nodig is as iemand wil lewe soos haar neef!

Om kort te gaan, wat meneer die advokaat gevrees, en die lesers al vooruitgereken het, gebeur. Geld was op, krediet was weg. 'n Wissel verval en word nie betaal nie. Die andere krediteure val op hom an so's aasvo'els — geen ander weg oop as *boedel o'ergewe*.

Op 'n middag kom hy thuis om te eet en seg an syn vrou en dogter: "Ik is gedaan — ons is *bedelaars!*"

Syn vrou begin bitter te huil. Catharina verstaat daar nog geen woord van en vraag: "Hoe so pa?"

"Arme kind! seg hy, "verstaat jy dit dan nie? moet ik met myn eige mond dit uitspreek? — Ons is bedelaars! — pa is bankrot — hy het syn boedel o'ergegewe! Die huis waar ons in woon, sal binne kort 'n ander syn wees, tot die stoele waar ons op sit en die bord waar jy van eet sal verkoop worde. — Ik is bankrot, hopeloos bankrot!" —

en hy skree so hard en syn oge rol so in syn kop dat dit naar is so woes as hy daaruit siet, bekwaam om enige daad te doen.

“O, wat sal die wereld sê; hoe sal hulle met myn spot; waar is myn goeje vrinde nou? had hulle maar gewil dan had dit nie so ver gekom nie.” En so gooi hy die skuld op syn vrinde. Weet hy dan nie dat die ou spreekwoord seg: “As die suikersak leeg is dan trek die vliege?”

“O, ik kan myn kop nie buiten die deur steek nie; morge kom dit in die koerante; ik kan nie in die kolonie bly nie. Eén weg is daar voor myn, Vrystaat of Transvaal toe, daar is ik onbekend; daar kan ik myn weer opwerk,” en so praat hy alles deur makkaar.

Catharina begin eindelijk te verstaan wat dit is bankrot te wees, tot haar fraai klavier en naaimasien sal verkoop worde — en David, wat sal *hy* sê? Sy moet met hom afbreek — sy is mos nou 'n bedelaarster! Arme Catharina!

Die vollende dag staat dan ook al in die koerante: „*Nuwe Insolventies: Advokaat X van die Kaapstad: skulde £—, te kort £—,*” die hele wereld lees dit, ook Oom Jan op “*Welgelegen*”.

“Raai”, seg hy an syn huismense, “die nooitjie van die Kaap, wat laas hier gekuier het, haar pa is bankrot, dit staat in die koerant.”

Tant Betjie seg: „Foei, die arme man, en die arme kind, sy was gewoon om so groot te lewe.”

Lenie skrik so, dat sy byna van haar stoel afval — sy denk an David. Hoe sal dit nou gaan? Sy het al swarigheid gehad dat haar pa nooit an David consent sal gewe en nou nog minder. Sy weet hoe David moet voel as hy dit lees in die onderveld.

Die ander dag ontvang sy 'n brief wat byna onleesbaar was van die trane wat daar op geval het, van haar vrinde Catharina. Sy skryf haar dat haar pa deur *onvoor-siene* omstandighede (neem haar nie kwalik, sy wis nie beter nie) verarm is. Dat binne kort syn goed verkog sal

worde en hy graag siet dat sy die dag nie thuis is nie, dat sy daarom by haar tant Kaatjie ver 'n tydjie kom kuier. Sy seg verder dat daar die sake so staat, dat sy van David sal moet afsien; mar dat sy onmogelik dit ver hom selwers kan skrywe, daarom versoek sy Lenie om dit te doen. Waarlik geen aangename taak ver die arme Lenie nie.

Nog die einste dag neem Lenie met baing sugte die pen op en skryf an David die treurige nuws so sag as mogelijk. Die betraande brief van Catharina sluit sy in.

Intusse kom die dag an dat meneer X syn goed verkoop sal worde. Catharina is buite by haar tant Kaatjie en jufvrouw X by haar broer an Groenpunt om die ellende nie by te woon nie.

Vergeef myn leser, maar was jy al ooit op so'n vendusie? Het jy al ooit gehoor hoe 'n arme vrou te keer kan gaan, as al haar goed, tot haar kleerkas en kooi toe, opgeveil word? Ik voor myn het daar genoeg van gesien en wil sulke tonele liefs nie bywoon nie. An die één kant is die mense, wat kom koop, onbarmhartig vrolik; hulle loop van die een kamer in die ander; hier het hulle 'n anmerking op te maak, daar verkoop hulle 'n grap, terwyl die arme vrou met rood gehulde oge van die een kamer na die ander die mense ontvlug; maar (in haar *eige* huis had ik byna gese,) geen plekkie kan kry om alleen te wees nie. Ver 'n man, wat deur 'n ongeluk bankrot raak, het ik reg jammer! ver iemand wat deur sy ei'e toedoen bankrot raak nie; maar ver die arme vrouens het ik dubbel jammer, hulle ly gewoonlik die meeste daaronder. Maar ons dwaal af.

Tant Kaatjie had, omdat Catharina haar peetkind is, haar klavier, kleerkas, naaimasine en eenige andere dinge ver haar laat inkoop. Die ou vrou was baing jammer ver haar; maar sy kon maar nie begryp, hoe dit mogelijk was dat 'n man so's haar neef bankrot kan gaan nie.

Die pragtige woonhuis haal skaars genoeg om die twe verbande op te breng. Die perde gaat goeje pryse maar die mooi rytuig word ver half geld weggegewe, ewe so met die meubels en andere huisraad.

Meneer X ondervind nou die waarheid dat *in die nood 'n mens jou vrinde kan leer ken*. Met moeite kan hy onder syn vrinde iemand vinde, wat syn noodsaaklikste boeke wil inkoop. Waar hy vroe'er 'n welkomene gast was, siet hy nou onvrindelige gesigte. Die wat vroe'er te'en hom opgesien het, syn mindere, wil hom nou skaars groet; in één woord hy, wat dikwils met armoed gespot het, ondervind nou wat dit is om arm te wees, — en armoed is dubbel swaar ver iemand wat gewoon gewees is in alle prag en stasie te lewe, hy het gebrek an, of voel die gemis van honderde dinge, wat iemand die in armoed groot geworde is, miskien nie eens by name ken nie. In die stilte van Groenepunt verdwyn hy voor 'n tydjie van die woelige toneel van die Kaapstad; 'n christelike vrind, wat daar woon, geef hom kos en inwoning totdat hy planne ver die toekoms maak. Ons laat hom daar, en keer terug na David.

XI.

DAVID IN DIE TRANSVAAL HOOR DIE NUWS EN KOM NA HUIS.

David syn reis was tot nog toe seer voorspoedig gewees. In Bloemfontein, waar hy so baing van gehoor het, had hy mar gou gemaak om weer uit te kom; want so'n Engelse plek en dat nog al in die Vrystaat had hy nooit verwag. Met uitsondering van die setlaarsdorpe in die Oostelike Provincie is daar in die hele Kolonie geen plek wat so Engels is as Bloemfontein. David was verstom!

O'er die toestand van sake so's David dit in die Transvaal angetref het, swyg ons, altyd met die hoop dat hy self syn verhaal eendag sal lat druk. Een ding kan ons egter nie verswyg nie, en dit is, dat hy te vergeefs na die 98 uit die 100 gesoek het, wat volgens skrywe van Ds. Jooste sodanig bly was dat hulle land in ander hande was o'ergegaan, hy kon hulle maar nie vinde nie. Die gasvryheid van die Transvalers is genoeg bekend ook, om daar iets van te sê.

Op Pretoria lees hy in die *Zuid Afrikaan* die nuws, dat Catharina haar vader syn boedel o'ergegeewe het, en kort daarna ontvang hy die brief van syn suster Lenie met die ingeslote brief van Catharina an haar. Die nuws had op hom glad 'n te'eno'ergestelde uitwerking as die wat Lenie verwag had. Ofskoon dit hom van harte spyt dat Catharina haar vader op die fles is, was die mo'entlikheid om haar te kry, tog nou veul sekerder as eers. Hy reken meneer X. sal nou miskien 'n ander taal praat as hy ansoek doet om die hand van syn dogter; want arm of nie arm, daaran steur hy hom nie; syn liefde was iets anders as die onding wat in ons da'e ver liefde deurgaas, maar waar dit eintlik die *geld* is en nie die nooi, wat een na vry. Hy had Catharina lief om haar selwers, nie om die geld of

die stand van haar pa. Van haar afsien, nooit is nooit! Hy had haar nou liewer as ooit en dit skryf hy haar ook en sluit die brief an Lenie in, daar hy denk dat sy nog by tant Kaatjie sal wees as Lenie die brief ontvang.

David had nou wel gepraat volgens syn hart, maar dit was 'n ander saak wat syn vader daarvan sal sê.

Hy verlang al weer na die Boweland, — na syn ouwers en Catharina, en hy was bly die dag toen hulle draai. Hulle wa'ens, karre en negosiegoed was goed verkoop en verruil. In die Vrystaat had hulle 'n mooi klomp osse gehandel, die helfte waarvan hulle met 'n flukse wins op die Diamantvelde van die hand set, toen hulle opkom.

Hulle maak die draaitjie en kom weer by oom Jan Vasvat uit, waar hulle met blydschap ontvang word en die doopmaal bywoon van nig Hannie haar tweede kleintjie, 'n waspoppie van 'n dogtertjie. Oom Jan draag an David 'n heel boel commissies op, wat hy ver hom in die Kaap moet verrig en met die beste wense vertrek hulle.

By meneer A . . . gaat hulle nie an, ofskoon hulle o'er die dorp moet en so te sê verby syn deur. David had nog genoeg van die vorige besoek.

Die veld was o'eral mooi waar hulle deurkom, sodat hulle nog al tamelik vinnig kon trek, ofskoon Flip ver David partykeer moet keer. Want had hy syn sin gehad dan was hulle osse seker so afgejaag dat hulle brandma'er bowe gekom was en dit sou nie betaal nie.

By Ceres verkoop hulle 'n gedeelte van die mooiste osse an die slagters ver 'n groffe som. Neef Flip seg as David lus het dan kan hy maar op die trein klim dan sal hy en die jong die osse alleen anbring. David laat hom dit nie tweemaal sê nie. Die aant toen die mense net sou begin met lees gaat die deur oop en David staat so onverwags in hulle midde. O, die blydschap! Tant Betjie huil en Lenie huil . . . almal spring op van hulle stoel. Dit was 'n groete en 'n vra'e, David wis nie wie hy die eerste moes antwoorde.

Hoe oom Jan syn avondgebed was, kan ons begryp. — Die gewoonte in oom Jan syn huis was om vroeg te gaan

slaap; maar die aant gaat hulle o'er die tyd. David had so baing te vertel, dat hy die hele nag wel kon anhou. Eindelik seg die besorgde tant Betjie, wat maar gedurig haar bril moes afhaal om haar oge uit te veeg; "kom basta nou, David is seker moeg, morge kan hy by lewe en gesondheid weer vertel."

Voor hy gaat slaap, vraag hy nog an Lenie: "Hoe is dit met Catharina, wanneer het jy van haar gehoor?"

"Gister," seg Lenie.

"Is sy nog by tant Kaatjie?"

"Ja!"

Dat David die nag lekker slaap, van Catharina droom en die plan maak om haar die ander aant te gaan besoek, kan ons wel raai.

Die ander dag had David nog honderde dinge te vertel en honderde vra'e te beantwoorde. 'n Uurtjie voor son-
onder saal hy syn pêrd op en ry na 'n plek, wat ons wel weet, — na tant Kaatjie namelik.

"So, Dawie, myn kind!" seg tant Kaatjie, het jy van die tog gekom. Di's goed van jou om an te kom en jou gesig te wys. Gaat maar in die voorkamer; myn nig Catharina van die Kaap is daar, jy ken haar mos? Ik kom net nou maar."

Dit was so net na David syn sin.

"Catharina!" seg tant Kaatjie toen sy die deur oop-
maak, "hier is jonheer M . . . jy ken hom mos, hou hom so lank geselskap; ik kom net nou;" en sy stap weg.

Catharina skrik so, toen David voor haar staat, dat sy geen woord kon praat nie.

"Eindelik dan", seg David, "siet ek jou weer, myn hart. Hoe bleek en ma'er is jy. Het jy om myn getreur? Het jy baing uitgestaan?" Hy vat haar om haar nek. Haar koppie val op syn bors.

Sy huil . . . Toen sy weer wat bedaar het en haar oge afgedroog, kom tant Kaatjie in die kamer met haar breiwerk en so was daar in die eerste halfuur geen kans om o'er andere dinge te praat as o'er David syn reis.

"Jy hou mos baing van musiek, Dawie?" vraag tant Kaatjie.

"Catharina is in die laaste tyd baing droefgeestig, nou ja, die arme ding het baing uitgestaan. Dit sal haar goed doen om 'n bietjie te speel. Toe dan, myn kind, speel dan 'n stukkie ver Dawie, ik gaan so lank klaar maak om te eet."

Catharina speel net een stukkie, toen gaan tant Kaatjie weg. Om die waarheid te sê was David bly.

Catharina seg ver hom: "David, jy het alles gehoor, jy seg dat Lenie myn brief aan jou gestuur het. Ek het jou brief uit die Transvaal ontvang maar myn besluit is onveranderlik. Ek is arm, jy moet van myn afsien. Hier is jou ring" . . . en sy huil weer.

"Van jou afsien? Nee, jy ken myn nie! Denk jy dan dat ik jou om jou geld gevraag het? Is *ik* dan ryk? Hou die ring, geen ander meisie sal dit ooit dra nie."

"Ik mag nie, ik mag nie! . . . jy is 'n beter vrou wêrd. Ek is die dogter van 'n arme bankroetier, jou vader is 'n ryke man" . . .

"Kan *jy* dan daarvoor dat jou pa 'n ongeluk gehad het, dat jy arm is?"

"En jou ouwers, jou vrinde, wat sal hulle sê?"

"Niks kan hulle sê as hulle hoor dat ons verloof was eer jy arm geworde is. Juis dit doet jou hart eer an, dat jy nou myn woord terug wil gewe. Maar ik wil myn woord nie terug hê nie."

"O, David, spaar myn die verdriet, jy weet nie in hoe 'n tweestryd jy myn bring om myn besluit te verbreek."

"Juis daarom is ik dadelik hier na toe gekom en ik gaan nie weg, voor jy myn weer die gelukkigste mens onder die son gemaak het nie."

"O David jy weet nie wat jy vraag nie!"

"Ja ik weet goed wat ik vraag. Het jy myn dan nie meer lief nie?"

"Foei, hoe kan jy so denk?"

"Sou jy dan met 'n ander man gelukkig kan wees?"

"Nooit!"

“Wat wil jy dan doen?”

“So bly! Daar is baing meisies, wat so gebly het. Nie omdat hulle nie ansoek gehad het nie, o nee; ik ken verskeie wat 'n goeije huwelik kan gedoen het; maar verkies het om maar nie te trou nie, en hulle is daar glad nie ongelukkiger om nie. Onse lieve Heer sorg ver hulle, en ik sal met skoolhou of met handwerk ook myn kos kan verdien.”

“Ik het eerbied ver sulke meisies en het nooit met hulle gespot, so's die wereld dikwyls doet; maar sien jy, in jou geval is dit anders. Die meisies het miskien meer as eens 'n goeije huwelik kan doen, maar hulle het die mans wat ansoek gedaan het, nie lief gehad nie en daarom is hulle liewers ongetroud gebly, dis volkome reg en strek hulle tot eer; want as die liefde maar van een kant moet kom, dan is dit geen gelukkige huwelik nie; maar jy erken dat jy myn lief het, en ik jou; jy sou dus nooit so tevrede kan wees as hulle, Seg nou byvoorbeeld, dat ik myn moet terug neem en met 'n ander meisie trou, hoe sou ik trou? Sonder liefde. Ik sou dan gedurig an Catharina denk en jy an myn, en so sou ons, al twee ver ons schriklik besondig. Ik weet dat dit dikwils gebeur; maar *mag* dit, is dit *reg*? Kan daar segen in so'n huwelik wees? Toe antwoord myn!

“Nê, ik moet jou gelyk gê.”

“Wel, denk daaro'er na, en kyk of jy myn versoek kan weiger.”

“O! wat moet ik doen? wat moet ik doen?”

“Wat jy moet doen is, die ring wat jy nog altyd in jou hand hou, weer in jou vinger steek, en dit daaran hou tot jy daar eenmaal mê in jou graf sal daal.”

Hy neem die ring en steek dit weer in haar vinger; sy laat dit toe.

“So, seg hy, nou is alle verkeerde besluite op 'n end en kwel jou nix langer met allerhande gedagtes nie; an die wereld sal ons ons nie steur nie.”

“En an jou familie en an jou vader?”

“An myn familie ook nie, en wat myn vader angaat, hy het myn nog nooit iets geweiger nie, en in so'n gewigtige saak as 'n huwelik, waar myn aardse geluk an hang, sal hy na rede luister; ik ken hem, hy is myn vader en hy sal myn geluk nie te'enwerk nie.”

Die slot van die saak was, dat Catharina gelukkiger voel as sy ver 'n lang tyd was. Die swarte onweers wolke, wat lank o'er haar hart gehang het, gaat oop, en die son van geluk ver die toekoms kom deur en skyn vrindelik, as of hy goed wou maak dat hy so lank verborge was gewees.

Die ander dag was Catharina vroliker as voorheen. Tant Kaatje seg ver haar: “Dis goed ver jou myn kind, dat jy geselskap ontvang. Die gryse ou vrou wis nie die rede nie, had sy dit geweet sy sou haar verbly; want Dawie was in haar oge, 'n jonkman soos sy graag ver Catharina wou hê.

* * * * *
* * * * *

'n Week na die ankomms van David was daar vendusie van die orige osse. Vlees was net skaars en hulle haal goeije pryse. Toen David afreken met neef Flip, kry hy juis £225 skoon geld ver syn andeel in die tog. Al had hy ook gen stuiwer gekry, seg hy, sou hy tevrede gewees hê; want hy had baing van die land gesien, wat hy voor geen geld wou mis nie.

Daar David van syn kindsdage af altyd spaarsaam was, en die geld van syn eerste varkie en kalfie in die bank had geset, en toen hy later met pêrde begon te handel, waarme hy nog al tamelik gelukkig was, kon hy nou as hy eendag 'n plaas mog koop, dadelik 'n £500 af betaal; want dit was syn besitting, — menigeeen het met minder begin as dit — baing lesers sal sê: “ik ook.” — Skrywer dito.

En nou nader ons storie syn einde. Wie weet hoeveel lesers daar is wat seg: *gelukkig tog; want dit het myn al lank verveel!* Wel is dit so, laat hulle dan eendag 'n storie skrywe, wat ons nie sal verveel nie!!

XII.

BESLUIT.

Ons moet nou 'n flukse sprong neem en so mar o'er 6 maande heen stap. Dit kon nie langer verborge blywe dat David vry, of liewer verloof is; want hy ry kort, kort uit. Catharina woon nog altyd by tant Kaatjie.

Toen tant Kaatjie hoor, dat David en Catharina verloof is, was sy te danig bly en seg dat sy Catharina 'n bruidskat van £500 sal gé as sy trou.

Oom Jan was eers obstinaat, hy wil daar nie van hoor dat David sal trou met 'n nooi, wat nie kan brood bak en slag en melk nie. Wat maak so'n vrou op 'n boerplaas? vraag hy. Tant Betjie had daar niks op te'en, en seg: sy sal Catharina wel leer werk; die ander maal toen sy daar gekuier het, het sy tant Betjie wel beval. Dat sy arm was kon nou nie meer in anmerking kom nie, nou tant Kaatjie haar so'n bruidskat sal gewe en as die ou vrouw sterf, kry sy oek nog 'n goeje klomp. — David had dus syn moeder op syn hand, en ons weet 'n *moeder* kan baing uitwerk. Sy seg oek an haar man, dat hy David nie moet te'engaan nie; en na syn ou vrou luister oom Jan meer as na iemand anders, sodat hy eindelijk syn consent geef.

Enige tyd daarna ry hy en David Kaap toe om met Catharina haar vader te praat — haar moeder had sy in die tussetyd verloor.

Meneer X was glad verander; hy was onder al die te'enspoed wel 10 jaar ouwer geworde; maar die te'enspoed was heilsaam ver hom gewees. Tant Kaatjie had hom al reeds omstandig geskrywe en by hom angedring om tog geen struikelblokke in die weg te lê nie. Sy had David 'n baing goeje karakter gegewe en ook haar planne met Catharina aan haar vader bekend gemaak. Toen oom Jan en neef David dus daar kom was meneer X. heeltemaal

handelbaar, wat kon hy onder omstandighede oek doen? Van agter had hy spyt van die brief wat hy in die tyd an David geskrywe het, en hy vraag hom om ekskuus, wat David an syn aanstaande skoonvader van alle harte skonk. Hy beloof dat hy binne kort self by tant Kaatjie sou kom kuier en Catharina o'er die saak spreek. Hy stem toe dat die dag bepaal kan worde wanneer dit oom Jan gelege kom, dan kan hy en David oek daar wees. Op die bepaalde dag was hulle daar en die saak word beklonke tot genoeg van alle belanghebbende. Hulle sal nog eers 'n jaar by oom Jan inwoon sodat Catharina met die pligte van 'n vrou in 'n boerdery kan bekend worde, dan sal oom Jan uit syn affaire gaan en David sal saam met syn oudste broer die plaas o'erneem.

Meneer X. die 'n nuw blaadjie omgeslaan had, sou na die huwelik van Catharina met David, na die Vrystaat gaan en syn verlore fortuin soek te herstel. Hy sal seker 'n knappe landdros uitmaak.

Die huwelik had plaas in alle stilte hoewel niet met 'n *Liksens*; want daar was oom Jan verskriklik op teen — né die gebode moes behoorlik in die kerk afgelees worde en *in die kerk* moes hulle trouw daar staat hy bepaald op. By tant Kaatjie was 'n maaltyd angerig, waarop die familie en 'n paar vrinde genodig was; dit was *al* bruilof. Dit sou oek nie gestaan het, om baing omslag te maak nie; want Catharina haar moeder was nog maar ruim 3 maande dood.

Onder die gaste tel ons, raai wie? Klein Pieter in eige persoon! Die klein kerel was baing vrolik. Verder Kandidaat A Dit moet ons nie verwonder dat hy naas Lenie sit nie. Hendrik L het goed gesien, die kuijery werd elke vacantie herhaal en die end van die saak was, dat hy Lenie gevraag het of sy nie sin het eendag 'n predikantsvrou te worde nie. Sy had geen objectie om *syn* vrou te worde nie, en o'er 'n paar maande, as hy syn proponents eksamen gemaak het, sal hulle trou. Oom Jan het sonder aarsel syn toestemming gegewe; maar met George A syn vader het dit nie so gemaklik gegaan nie, dit het menige harde brief gekos. Hy was maar al

besorg dat Lenie geen *Engels* ken nie, en so iemand wou hy ver syn skoondogter nie erken nie. Toen syn seun hom egter gerus stel dat sy goed *Engels* ken, was syn hart gerus en had hy geen ekskuus meer, ofskoon hy liever gesien had dat syn seun 'n vrouwe in Skotland gaat haal het, dan was hy sekerder van syn saak. Sou die goeje man tog nie eendag tot o'ertuiging kom dat hy *ywer sonder verstand*? Ons wil dit hoop.

Van die orige vrinde in ons geskiedenis kon ons nog sê: dat Jan H . . . sedert getrouwd is en nog altyd ewe dapper die regte van die Afrikaanders verdedig.

Oom Jan Vasvat en tant Mimie was regtig eendag opgekom na die Boweland en hulle het 'n hele week op "Welgelegen" gekuier. Die gesprekke van die twe oom Jans was alles wat 'n mens maar kan hoor, genoeg om 'n boek vol te skrywe; en die twe tantes het genoeg gepraat om ver die niggies 'n nuttige boekie vol te skrywe. Wie wil dit onderneem? So's oom Jan Vasvat verwag het, is dit ook gebeur; 'n gedeelte van syn gemeente het hulle om al die nuwighede van die predikant, wat in die plek van Ds. Lekkerpraat gekom het, afgeskei, en hulle gaat 'n nuwe dorp aanleg. Mog dit hulle wel gaan! Van die o'rige vrinde val niks bisonders te melde nie.

David en Catharina leef regte gelukkig op "Welgelegen"; sy begin al heeltemaal te leer werk; insuur en o'ersuur gaat al goed, brood knee is nog bietjie swaar seg sy; maar teen dat David self die plaas het, sal sy dit oek wel ken. Tant Betjie is te danig tevrede met die vordering wat sy gemaak het, en almal het hulle Kaapse sussie lief.

Die jong paar wens tot besluit: dat al die neefs en niggies as hulle eendag trou, net so gelukkig mag lewe as hulle; maar dat hulle nie so baing te'enspoed in hulle vrijery mag ondervinde as hulle twe ondervonde het nie

Mog David en Catharina lang en gelukkig lewe, seg die skrywer eer hy syn pen neerleg — Wie seg meer so?

E N D .

*DIE PATRIOTVERENIGING
VIR AFRIKAANSE TEKSUITGAWES*

KOMITEE:

Dr G. S. NIENABER
(Hoofredakteur-sekretaris).

Dr F. C. L. BOSMAN.

Dr A. J. COETZEE.

Prof. J. L. M. FRANKEN.

Prof. M. S. B. KRITZINGER.

Dr P. J. NIENABER.

Prof. C. M. VAN DEN HEEVER.

KONSTITUSIE VAN DIE VERENIGING.

1. Die doel van die Vereniging is om belangrike Afrikaanse stukke van vóór 1900 in soverre as wat hulle moeilik toeganklik geword het, te laat uitgee ter verspreiding onder die lede en vir verkoop aan die publiek.
2. Intekengeld vir die eerste jaar is een pond, vooruitbetaalbaar.
3. Vir sy intekengeld ontvang elke lid nie meer as drie werke nie. Die boeke van lede is in linneband en genommer.
4. Die beheer van die sake van die Vereniging berus by bogenoemde komitee van sewe lede.
5. Die Vereniging se publikasies word deur die Vooortrekkerpers, Beperk, Hoekstraat 18-24, Johannesburg, vir sy rekening uitgegee en versprei.
6. Alle korrespondensie omtrent lidmaatskap, intekengelde en sake rakende die administrasie moet gerig word aan die uitgewer.
7. Briefwisseling in verband met die uitgee van tekste moet met die Hoofredakteur-sekretaris gevoer word. (Adres: Natalse Universiteitskollege, Pietermaritzburg).
8. Die komitee sal wenke van sy lede i.v.m. die uitgee van tekste verwelkom.

AANKONDIGING.

Die komitee het uit die nege tekste wat aan hom voorgelê was, die volgende twee vir die Vereniging se tweede jaargang reeds gekies (—oor die derde teks moet nog besluit word).

Nr 4: Gedigte van C. P. Hoogenhout, deur dr P. J. Nienaber.

Nr 5: Stukke in Afrikaans vóór 1860, deur dr G. S. Nienaber.

LEDE VAN DIE PATRIOTVERENIGING.

1. Dr Abel Coetzee, Randse Universiteit, Milnerpark, Johannesburg.
2. Prof. dr D. F. du T. Malherbe, Voortrekker-Universiteit, Pretoria.
3. Mnr J. H. van Dijk, Monument-Hoërskool, Krugersdorp.
4. Mnr M. J. Gregory, Ottostraat 15, Krugersdorp.
5. Die Hoof, Monument-Hoërskool, Krugersdorp.
6. Die Bibliotekaris, Natalse Univ.-kollege, Pietermaritzburg.
7. Mnr T. R. Ziervogel, Posbus 73, Port Shepstone.
8. Mnr C. J. Nienaber, St. Patricksweg 18, Pietermaritzburg.
9. Germistonse (Carnegie) Publieke Biblioteek, Bus 246, Germiston.
10. Mnr J. C. de Beer-Wiid, Bulwerstraat 278, Pietermaritzburg.
11. Prof. J. S. van Heerden, Joubertstraat 178, Pretoria.
12. Prof. J. J. le Roux, Natalse Univ.-kollege, Pietermaritzburg.
13. Mnr J. P. Scannell, Uitkomst, Utrecht, Natal.
14. Mnr P. J. Conradie, Langstraat 13, Lichtenburg.
15. Mnr P. W. S. Schumann, Bus 115, Lichtenburg.
16. Dr H. G. Luttig, Bus 3512, Johannesburg.
17. Mev. A. J. Theron, Bus 3512, Johannesburg.
18. Mnr P. J. Kloppers, Sherborneweg 4, Parktown, Johannesburg.

19. Mnr A. C. van Wijk Stroh, Derdelaan 52, Linden, Johannesburg.
20. Prof. Geo. Cronje, Voortrekker-Universiteit, Pretoria.
21. Mnr P. R. Nel, Kirk Kilissi, Senekal, O.V.S.
22. Mnr Thos. Blok, Bus 280, Bloemfontein.
23. Prof. dr C. M. v. d. Heever, Randse Universiteit, Johannesburg.
24. Dr J. G. M. Richter, King-Edwardlaan 181, Pietermaritzburg.
25. Mnr H. C. van Niekerk, Oranjestraat 71, Kroonstad.
26. Die Bibliotekaris, Merensky-Biblioteek, Universiteit, Pretoria.
- 27, 28 en 29: Dieselfde.
30. Mej. P. A. Hendrikz, Rhodes-Universiteitskollege, Grahamstad.
31. Mnr Ernst van Heerden, Bus 10, Pearston, Kaapland.
32. Dr P. de V. Pienaar, Randse Universiteit, Johannesburg.
33. Insp. C. M. Booysen, Onderwysdepartement, Pietermaritzburg.
34. Prof. J. D. A. Krige, Randse Universiteit, Johannesburg.
35. Dr L. S. Steenkamp, Bus 6, Ladysmith, Natal.
36. Mnr O. Maarschalk, Whiteweg 14, Ladysmith, Natal.
37. Mnr D. J. Potgieter, „Die Skuur”, Bayviewlaan, Tamboerskloof, Kaapstad.
38. Boekhandel - bestuurder, Unie-Volkspers, Beperk, Riebeekplein, Kaapstad.
39. Die Parlementsbiblioteek, Kaapstad.
40. Prof. dr J. C. Coetzee, P.U.K. vir C. H.O., Potchefstroom.
41. Mej. Killie Campbell, Marriotweg 221, Durban.
42. Mnr Dirk Mostert, Hartenbos, Kaapland.
43. Mnr J. H. Stander, Weststraat 42, Pietermaritzburg.

44. Mnr M. C. J. van Rensburg, Erfdeel, Bus 10, Hennenmann, O.V.S.
45. Mnr T. J. Heyns, Cambridgestraat 68, Bethlehem, O.V.S.
46. Die Volksblad-Boekhandel, p/a mnr H. Roux, Posbus 267, Bloemfontein.
47. Dr S. J. du Toit, Frankfort, O.V.S.
48. Bibliotekaris, Hoofbiblioteek, Witwaterrandse Universiteit, Milnerpark, Johannesburg.
49. ditto.
50. Bibliotekaris, Gubbins-Biblioteek, Witwatersrandse Universiteit, Johannesburg.
51. Mnr J. H. Swart, Posbus 41, Petrus Steyn, O.V.S.
52. Pastor A. Witthöft, Pk. Motchelie, oor Zeerust, Tvl.
53. Mnr J. Semmelink, Posbus 88, Warmbad, Tvl.
54. Mnr J. J. Boshoff, Bayonne, Mooirivier, Natal.
55. Dr T. J. Buning, Universiteit, Pretoria.
56. Die Bibliotekaris, Afrikaans-Hoër-Seunskool, Lynwoodweg, Pretoria.
57. Mnr P. J. van Niekerk, R. Bowie-skool, Tempe, Bloemfontein.
58. Mnr A. H. Jonker, „Die Suiderstem”, Buitengrachtstraat, Kaapstad.
59. Mnr H. C. Kuun, Posbus 95, Umtali, Suid-Rhodesië.
60. Prof. M. C. Botha, Woodsideweg 17, Tamboerskloof, Kaapstad.
61. Mnr H. A. Heijl, Welgemeenstraat 7, Tunie, Kaapstad.
62. Dr F. C. L. Bosman, „Vorentoe”, Grottoweg, Rondebosch, Kaapstad.
63. Dr W. de Vos Malan, Dept. van Onderwys, Kaapstad.
64. Mnr J. H. M. Viljoen, p/a Die Huisgenoot, Kaapstad.
65. Mnr A. J. J. Wessels, Posbus 7740, Johannesburg.
66. Mnr B. J. Venter, Posbus 4985, Johannesburg.

67. Mnr M. L. van Zijl, Wilhelminastraat 47a, Troyeville, Johannesburg.
68. Mnr M. S. S. Grundlingh, Graaffsaal, Villiersdorp.
69. Mnr N. van Blerk, St. Michaelsweg 37, Tamboerskloof, Kaapstad.
70. Mnr D. H. Varley, Sekretaris en Bibliotekaris, S.A. Openbare Biblioteek, Kaapstad.
71. Dr A. I. Perold, Bus 14, Zuider-Paarl.
72. Prof. F. C. Gonin, Cummingstraat, Wellington.
73. Mej. H. A. Malan, Hoërskool, Aberdeen.
74. Openbare Biblioteek, Johannesburg.
75. Mnr D. N. Cilliers, Koning-Edwardweg 19, Bloemfontein.
76. Dr P. J. Nienaber, Rustenburgweg 210, Greenside-Uitbreiding, Johannesburg.
77. Prof. M. S. B. Kritzinger, Stasiestraat 221, Pretoria.
78. Prof. G. P. Lestrade, Skool van Afrikanistiek, Univ. van Kaapstad, Posbus 594, Kaapstad.
79. Dr M. S. Louw, Bus 660, Kaapstad.
80. Mnr C. F. J. Muller, Neethlingstraat, Stellenbosch.
81. Dr G. S. Nienaber, St. Patricksweg 18, Pietermaritzburg.
82. Die Biblioteek, Normaalkollege, Parkweg, Bloemfontein.
83. Mnr G. H. J. de Winter, Bus 5, Graskop.
84. Mnr T. W. Hitge, Bus 276, Pretoria.
85. Mnr G. A. Leyds, Mayfield-laan 6, Rondebosch, Kaapstad.
86. Mnr H. A. Rust, Opleidingkollege, Wellington.
87. Mnr H. Hoving, Graaffsaal, Villiersdorp.
88. Mnr G. A. van Breda, „Oudekraal”, Pk. Kampsbaai.
89. Mnr F. D. Heese, Bus 30, Glencoe, Natal.
90. Mnr P. E. de Kock, Westcliff-skool, Kaapstad.

91. Prof. H. B. Thom, Mostertsdrif, Stellenbosch.
92. Dr E. G. Jansen, Volksraad, Kaapstad.
93. Mnr G. Bourquin, Ridgeweg 633, Durban.
94. Prof. dr F. E. J. Malherbe, Mostertsdrif, Stellenbosch.
95. Prof. F. J. Labuschagne, Molenstraat 37, Potchefstroom.
96. Mnr F. V. Lategan, Haystraat 250, Pretoria.
97. Mnr P. C. Visser, Lokshoek, Jagersfontein, O.V.S.
98. Mnr C. D. Scheffer, Pk. Schefferspos, Oor Makokskraal,
99. Eerw. P. P. Joubert, Zionskerkpastorie, Paarl.
100. Dr J. D. M. Claassens, African-Life-Gebou, St. Georgestraat, Kaapstad.
101. Prof. A. J. Bosman, Duncanstraat 941, Pretoria.
102. Mnr H. Rissik, Posbus 46, Johannesburg.
103. Mnr D. Brechin, Natal Daily News (Redaksie) Fieldstraat, Durban.
104. Prof. J. L. M. Francken, Neethlingstraat, Stellenbosch.
105. Mnr P. du P. Grobler, Bus 352, Pietermaritzburg.
106. Insp. J. H. Aucamp, Cradock, Kaapland.
107. Prof. J. F. Burger, Universiteit, Kaapstad.
108. Mnr C. J. P. Jooste, Posbus 57, Nelspruit, Tvl.
109. Mnr S. C. Biermann, Jorissenstraat 122, Wanderer's View, Johannesburg.
110. Ds P. F. D. Weiss, Skoollaan 1157, Hatfield, Pretoria.
111. Mnr P. J. du Plessis, Brandwagskool, Posbus 45, Benoni.
112. Mnr L. P. Nigrini, Posbus 112, Zeerust, Tvl.
113. Dr F. D. Holleman, Bosmanstraat, Stellenbosch.
114. Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging, Keizersgracht 141, Amsterdam Centraal.
115. Mnr J. S. Scheepers, Gzn., Goede Hoop, Bus 9, Sheepmoor.

116. Mnr J. H. Rossouw, Prima, Stellenbosch.
117. Mnr W. D. Marais, Tokaai-Verbeteringshuis, Retreat, Kaap.
118. Prof. N. Diederichs, p/a F.A.K.-kantoor, Johannesburg.
119. Mnr J. V. Smit, Rosedene, Estcourt, Natal.
120. Dr I. D. du Plessis, Montreal Flats, Koningin Victoriastraat, Kaapstad.
121. Hoofargivaris, Posbus 6, Kaapstad.
122. Mnr H. C. de Kock, Arcadiastraat 1064, Pretoria.
123. Mnr H. C. Miller, Bus 396, Kaapstad.
124. Mnr W. J. Swanepoel, Spoorwegstraat 10, Randfontein, Johannesburg.
125. Mnr S. C. Hattingh, Parkstraat 10, Randfontein, Johannesburg.
126. Mnr S. C. H. Rautenbach, Baileystraat 81, Randgate, Johannesburg.
127. Dr J. van der Poel, Papenboom, Nuwelandlaan, Nuweland, K.P.
128. Mnr M. C. Botha, Sewendelaan 252, Capitol-Park, Pretoria.
129. Mnr J. M. Herschensohn, The Shieling, Greytown.
130. Mnr J. H. Potgieter, p/a Kaap-Centraal, Pimstraat 68, Newtown, Johannesburg.
131. Staatstesourier, Stadsraad, Krugersdorp.
132. Mnr W. J. Snyman, Devenishstraat, Pietersburg.
133. Mnr H. H. du Plessis, Bus 27, Kaapstad.
134. Mev. A. Muller, Bus 659, Kaapstad.
135. Mnr P. J. le Grange, Bus 450, Kaapstad.
136. De Bibliothecaris, Rijks-Universiteit, Leiden, Nederland.
137. Dr P. C. Schoonees, Vryheid, Natal.
138. Dr F. J. Kritzinger, Posbus 7455, Johannesburg.

139. Die Sekretaris, Oranjeskool, Bloemfontein.
140. Mnr P. J. Naudé, Bus 8124, Johannesburg.
141. Mnr J. H. P. Botha, Hoërskool, Nassou, Hoofweg, Mowbray, K.P.
143. J. W. Jagger-Biblioteek, Universiteit, Rondebosch, Kaapstad, K.P.
144. Dr P. J. Meyer, Buffaloweg 28, Emmerentia, Johannesburg.
145. Mnr G. J. A. Lubbe, Hoofweg 39, Fisher's Hill, Germiston.

